


OUERBETROKKENHEID AS FAKTOR IN DIE SKOLASTIESE  
VORDERINGSPROBLEMATIEK VAN LEERLINGE IN SKOLE VAN  
DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR (D.O.K.)  
RAAD VAN VERTEENWOORDIGERS (R.V.)

IVAN ULRICH DANIEL LE KAY

B.A., B.ED.

TESIS INGELEWER TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE  
VEREISTES VIR DIE GRAAD VAN MAGISTER IN DIE OPVOEDKUNDE  
AAN DIE  
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

STELLENBOSCH  
FEBRUARIE 1991



STUDIELEIER:  
PROF. J.A. MALAN

## **VERKLARING**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

12 NOVEMBER 1990  
DATUM

## OPSOMMING

Na aanleiding van die onbevredigende skolastiese vordering van leerlinge in skole van die Departement van Onderwys en Kultuur (Raad van Verteenwoordigers), het laasgenoemde dit nodig geag om in 1987 'n ondersoek te loods.

Die rol van die ouer binne hierdie vorderingsproblematiek is as terrein van navorsing geïdentifiseer. Deur middel van vraelyste, saamgestel na omvattende literatuurondersoek, is ouers getoets ten opsigte van hul betrokkenheid of nie-betrokkenheid by hul kinders se kurrikulêre en nie-kurrikulêre skoolaktiwiteite.

Daar is gevind dat ouers betrokke wil wees, maar nie weet hoe hulle by skoolverwante aangeleenthede ingeskakel kan word nie. Swak behuising, gepaardgaande met swak sosio-ekonomiese omstandighede, dra by tot die onbevredigende skolastiese prestasie.

Deur middel van sekere opvoedkundige prosesse kan die ouer help om druipling te voorkom. Daar is egter faktore soos die ouers se lewensfilosofie, oorbewoning, karige inkomste en lae onderwyspeil waarvan die kind nie kan ontsnap nie.

Die behoefte vir die totstandkoming van meer ouer-onderwyserverenigings het noodsaaklik geword om die gaping tussen ouers en skool te oorbrug. Behalwe vir vertikale skakeling tussen skool en ouer, is horisontale kommunikasie tussen ouer en ouer noodsaaklik om 'n gemeenskaplike skoolbetrokkenheidsentoesiasme te ontwikkel. Die totstandkoming van klasouerkomitees word as 'n vertrekpunt gesien. Ouerbetrokkenheidsprogramme kan binne hierdie klasouerkomitees gestalte kry. Selfs die ouer wat semi-geletterd is, kan 'n betekenisvolle ondersteunende rol speel.

Groter inspraak en seggenskap van ouers in skole van die D.O.K., maar ook groter aanvaarding van mede-verantwoordelikheid ten opsigte van hul kinders se skoolopvoeding het uiters noodsaaklik geword.

Die skoolhoof se taak om die klimaat vir suksesvolle ouer-skoolkommunikasie daar te stel, maar ook om die inisiatief te neem om ouers betrokke te maak, moenie geringeskat word nie.

Deur middel van verskillende programme soos onder andere skoolvoedingskemas,

rommelverkope, skoolgereedmaakinisiatiewe en gesamentlike leesbeoefening, kan 'n hegte band tussen ouer en kind, maar ook tussen ouerhuis en skool gesmee word.

## SUMMARY

The unsatisfactory scholastic progress of pupils in schools of the Department of Education and Culture (House of Representatives) resulted in the launching of a research project in 1987 by the Department.

The role of the parent within this problem of scholastic achievement was defined as field of study. Through questionnaires, compiled after a thorough study of relevant literature, parents were questioned as to their involvement or none-involvement in curricular and extra-curricular activities of their children.

It was found that parents want to be involved but they do not know how they can be made part and parcel of school-related activities. Poor housing, together with bad socio-economic circumstances contribute towards the unsatisfactory scholastic situation.

By means of certain educational processes, the parent can assist in the prevention of failure of their children. However, the child cannot escape factors such as his parents' philosophy of life, over-crowded living conditions, poor income and a low educational level.

The need for more parent-teacher associations became necessary as a means of narrowing the gap between parents and school. Apart from vertical communication between school and parent, horizontal communication between parent and parent became imperative to develop mutual school involvement enthusiasm amongst parents. The establishment of parental-class committees can be regarded as a point of departure. Parent involvement programmes can materialize within these parental class committees. Even the parent with a lower level of scholastic education can play a significant supportive role.

It became necessary that parents of children in schools of the D.O.C. should have a bigger say in school-related matters but that they should also adopt a policy of mutual responsibility for the school education of their children.

The role of the principal to create an atmosphere for successful parent-school communication and to initiate parent-involvement ventures, cannot be disregarded.

Through numerous programmes such as school feeding schemes, rummage sales, schoolreadiness programmes, reading contracts, etcetera, a close relationship between parent and child, but also between parent and parent can be established.

## ERKENNINGS

Graag betuig ek my dank en waardering aan die volgende persone:

- My studieleier, prof J.A. Malan, vir besondere insig, aanmoediging en baie waardevolle leiding.
- Prof. W. Conradie, vir sy bystand en aanmoediging met die statistiese versorging.
- My veldwerkers vir hulle opoffering.
- Mev. J. Hock en R. Kreuser vir hul puik tikwerk.
- Mev. J. Steel vir die taalkundige versorging.
- My gesin, vir hulle begrip, geduld en aanmoediging.

Aan HOM die dank vir genade en krag.

IVAN U.D. LE KAY

FEBRUARIE 1991

# I N H O U D S O P G A W E

## Bladsy

### HOOFSTUK 1

#### AKTUALITEIT VAN STUDIE, PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN PLAN VAN ONDERSOEK

1.1	AKTUALITEIT VAN STUDIE	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	7
1.3	DOEL VAN ONDERSOEK	9
1.4	OPVOEDKUNDIGE PLASING	9
1.5	PLAN VAN ONDERSOEK	10
1.5.1	LITERATUURONDERSOEK	10
1.5.2	EMPIRIESE ONDERSOEK	10

### HOOFSTUK 2

#### AANVERWANTE LITERATUURSTUDIE

2.1	INLEIDING	11
2.2	OUERBETROKKENHEID IN DIE V.S.A.	11
2.2.1	OUER-ONDERWYSER-VERENIGINGS	13
2.2.2	DIE PLEK VAN DIE ENKELOUER IN DIE V.S.A.	14
2.2.3	OUERBETROKKENHEID IN ENKELE HOËRSKOLE EN IN SOMMIGE SKOOLSTREKE	15
2.2.3.1	Ouerbetrokkenheid in Chicago	15
2.2.3.2	Ouerbetrokkenheid by 'n skool in die distrik Nasou, New York	15
2.2.3.3	Ouerbetrokkenheid by die Pebblebrookskool in Mableton.	16
2.2.3.4	Ouerbetrokkenheid by die Inglemoor Hoërskool in Bothell, Washington D.C.	16
2.2.3.5	Ouerbetrokkenheid in die skoolstreek Philadelphia	16
2.2.3.6	Ouerbetrokkenheid in Mascontah, Illinois	16
2.2.4	OUERBETROKKENHEID IN MARYLAND	17
2.2.4.1	Tegnieke wat leeswerk insluit	17
2.2.4.2	Tegnieke wat besprekings tussen ouer en kind bevorder	17
2.2.4.3	Tegnieke wat sekere informele aktiwiteite tuis insluit	17



2.2.4.4	Leerkontrakte tussen ouer en leerkrag wat die ouer se rol ten opsigte van sy kind se werk uitspel	17
2.2.4.5	Tegnieke wat ouers se kundigheid omtrent onderrig, hulp en evaluering ontwikkel	19
2.2.5	OUERBETROKKENHEID IN TEXAS	19
2.3	OUERBETROKKENHEID IN ENGELAND EN WALLIS	21
2.3.1	DIE PLOWDEN-ONDERSOEK	22
2.3.2	"PAIRED READING"	23
2.4	OUERBETROKKENHEID IN WES-DUISSLAND	24
2.5	OUERBETROKKENHEID IN DIE NEDERLANDE	25
2.6	OUERBETROKKENHEID IN SWEDE	26
2.7	OUERBETROKKENHEID IN JAPAN	27
2.8	OUERBETROKKENHEID IN WES-INDIë	28
2.8.1	BEVINDINGE VAN DIE BARBADOS-ONDERSOEK	28
2.8.2	AANBEVELINGS VOORTSPRUITEND UIT DIE BARBADOS-ONDERSOEK	28
2.9	OUERBETROKKENHEID IN ETIOPIë	29
2.10	OUERBETROKKENHEID IN ZAMBIë	29
2.11	OUERBETROKKENHEID IN SUID AFRIKA	30
2.11.1	OUERBETROKKENHEID IN BLANKE ONDERWYS	32
2.11.1.1	Plaaslike Ouerrade	32
2.11.1.2	Gebiedsouerrade	32
2.11.1.3	Streeksouerrade	33
2.11.1.4	Nasionale Ouerraad	33
2.11.2	OUERBETROKKENHEID IN SWART ONDERWYS	33
2.11.3	OUERBETROKKENHEID IN INDIëRONDERWYS	33
2.11.4	OUERBETROKKENHEID IN BRUIN ONDERWYS	34
2.12	VERDERE BYDRAES TEN OPSIGTE VAN OUERBETROKKENHEID	34
2.12.1	KLIMAATSKEPPING DEUR DIE SKOOLHOOF	34
2.12.2	DIE ROL VAN DIE ONDERWYSER	35
2.12.3	DIE ROL VAN DIE OUERS	35
2.12.3.1	BETER SKAKELINGSTRATEGIE MET DIE OUKORPS	36
2.12.3.2	KLASOUERKOMITEES	36
2.12.3.3	DIE OUERS EN BUITEMUURSE BEDRYWIGHED	37
2.12.4	DIE SKEP VAN 'N STRUKTUUR VIR OUERBETROKKENHEID	37
2.12.5	DIE SKOOL SE VERWAGTING VAN DIE OUK	39

2.12.6	GEMEENSKAPSKOLE AS MIDDEL TOT GROTER OUERBETROKKENHEID	39
2.12.7	OUERBETROKKENHEID OP MIKRO-, MESO- EN MAKROVLAK	39
2.13	SAMEVATTING	40

### HOOFSTUK 3

#### EMPIRIESE ONDERSOEK, BEVINDINGE EN BESPREKING VAN BEVINDINGE

3.1	INLEIDING	41
3.2	ONDERSOEKGROEP	41
3.3	STEEKPROEFNEMING	41
3.4	VRAELYSTE	43
3.5	LOODSONDERSOEK	43
3.6	FINALE ONDERSOEK	44
3.7	NAVORSINGSINLIGTING EN VERWERKING VAN DATA	44
3.8	NAVORSINGSINLIGTING EN BESPREKING	45
3.8.1	GESLAG VAN LEERLINGE	45
3.8.1.1	Bevindinge	45
3.8.1.2	Bespreking	46
3.8.2	AANTAL KEER GEDRUIP	46
3.8.2.1	Bevindinge	46
3.8.2.2	Bespreking	47
3.8.3	AFHANKLIKHEID VAN 'N WELSYNTOELAAG	47
3.8.3.1	Bevindinge	47
3.8.3.2	Bespreking	48
3.8.4	SKOLASTIESE VORDERING VAN VADER	48
3.8.4.1	Bevindinge	48
3.8.4.2	Bespreking	49
3.8.5	SKOLASTIESE VORDERING VAN MOEDER	50
3.8.5.1	Bevindinge	50
3.8.5.2	Bespreking	50
3.8.6	HUIDIGE WOONPLEK VAN LEERLINGE	51
3.8.6.1	Bevindinge	51
3.8.6.2	Bespreking	52
3.8.7	TYDPERK VAN VERBLYF BY HUIDIGE WOONPLEK	52
3.8.7.1	Bevindinge	52

3.8.7.2	Bespreking	53
3.8.8	AANTAL VOLWASSE MANS AS HUISBEWONERS	53
3.8.8.1	Bevindinge	53
3.8.8.2	Bespreking	54
3.8.9	AANTAL VOLWASSE VROUE AS HUISBEWONERS	54
3.8.9.1	Bevindinge	54
3.8.9.2	Bespreking	55
3.8.10	AANTAL VERTREKKE IN WONING	55
3.8.10.1	Bevindinge	55
3.8.10.2	Bespreking	56
3.8.11	TOTALE NETTO MAANDELIKSE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING	56
3.8.11.1	Bevindinge	56
3.8.11.2	Bespreking	57
3.8.12	PA SE REISTYD NA SY WERK IN MINUTE AANGEDUI	57
3.8.12.1	Bevindinge	57
3.8.12.2	Bespreking	58
3.8.13	MA SE REISTYD NA HAAR WERK IN MINUTE AANGEDUI	59
3.8.13.1	Bevindinge	59
3.8.13.2	Bespreking	59
3.8.14	GEVARE IN BUURT WAARAAN DIE KIND BLOOTGESTEL IS	59
3.8.14.1	Bevindinge	59
3.8.14.2	Bespreking	60
3.8.15	DIE INVLOED VAN MAATS	61
3.8.15.1	Bevindinge	61
3.8.15.2	Bespreking	61
3.8.16	HUWELIKSAMESTELLING VAN OUERS OF PLAAS- VERVANGENDE OUERS	62
3.8.16.1	Bevindinge	62
3.8.16.2	Bespreking	62
3.8.17	KIND SE STAPAEFSTAND NA SKOOL IN TERME VAN MINUTE	63
3.8.17.1	Bevindinge	63
3.8.17.2	Bespreking	63
3.8.18	AANTAL KEER WAT VADER DIE SKOOL DIE AFGELOPE SES MAANDE BESOEK HET	63
3.8.18.1	Bevindinge	63

3.8.18.2	Bespreking	64
3.8.19	AANTAL KEER WAT MOEDER DIE SKOOL DIE AFGELOPE SES MAANDE BESOEK HET	64
3.8.19.1	Bevindinge	64
3.8.19.2	Bespreking	65
3.8.20	DIREKTE SKAKELING VAN SKOOL MET OUERHUIS DIE AFGELOPE JAAR BY WYSE VAN BRIEWE, TELEFOON, BOODSKAPPE, ENSOVOORTS	65
3.8.20.1	Bevindinge	65
3.8.20.2	Bespreking	66
3.8.21	BYWONING VAN JONGSTE OUERAAND	66
3.8.21.1	Bevindinge	66
3.8.21.2	Bespreking	67
3.8.22	KIND SE BETROKKENHEID BY SPORT EN ANDER BUISTEMURSE BEDRYWIGHEDDE	67
3.8.22.1	Bevindinge	67
3.8.22.2	Bespreking	68
3.8.23	HOEVEELHEID SKOOLWERK WAT KIND TUIS MOET VOLTOOI	68
3.8.23.1	Bevindinge	68
3.8.23.2	Bespreking	69
3.8.24	REDES WAAROM OUERS BY DIE SKOOL SE AKTIWITEITE BETROKKE WIL WEES	69
3.8.24.1	Bevindinge	69
3.8.24.2	Bespreking	70
3.8.25	OUER-ONDERWYSERGESPREG - JA/NEE	71
3.8.25.1	Bevindinge	71
3.8.25.2	Bespreking	71
3.8.26	BELANGSTELLING IN ANDER OUERS	71
3.8.26.1	Bevindinge	71
3.8.26.2	Bespreking	72
3.8.27	LOKAAL WAARIN KIND TUISWERK DOEN	72
3.8.27.1	Bevindinge	72
3.8.27.2	Bespreking	73
3.8.28	HET OUERS AL OOIIT WENKE VAN DIE SKOOL ONTVANG OOR DIE MANIER WAAROP HUL KIND TUIS MET SKOOLWERK GEHELP KAN WORD?	73
3.8.28.1	Bevindinge	73

3.8.28.2	Bespreking	74
3.8.29	LAAT DIE SKOOL DIE OUERS WELKOM VOEL WANNEER HULLE DIE SKOOL BESOEK?	74
3.8.29.1	Bevindinge	74
3.8.29.2	Bespreking	75
3.8.30	BEHALWE VIR DIE SKOOLRAPPORT, WORD DIE OUER GEREELD OP DIE HOOGTE GEHOU OOR DIE KIND SE SKOOLVORDERING?	75
3.8.30.1	Bevindinge	75
3.8.30.2	Bespreking	76
3.8.31	DIE GEBRUIK VAN DIE SKOOLGROND DEUR DIE OUERPUBLIEK	76
3.8.31.1	Bevindinge	76
3.8.31.2	Bespreking	77
3.8.32	VERPLIGTE BETAAL VAN SKOOLBOEKE/FOOIE	77
3.8.32.1	Bevindinge	77
3.8.32.2	Bespreking	77
3.8.33	PA SE BETROKKENHEID BY SKOOLAKTIWITEITE	77
3.8.33.1	Bevindinge	77
3.8.33.2	Bespreking	78
3.8.34	MA SE BETROKKENHEID BY SKOOLAKTIWITEITE	78
3.8.34.1	Bevindinge	78
3.8.34.2	Bespreking	79
3.8.35	HUIDIGE MANIER WAAROP OUERS WEL BY DIE SKOOL BETROKKE IS	79
3.8.25.1	Bevindinge	79
3.8.35.2	Bespreking	79
3.8.36	KIND SE BETROKKENHEID BY BUITEMUURSE AKTIWITEITE	80
3.8.36.1	Bevindinge	80
3.8.36.2	Bespreking	80
3.8.37	WAT WIL DIE OUER OMTRENT DIE KIND SE SKOOL WEET?	81
3.8.37.1	Bevindinge	81
3.8.37.2	Bespreking	81
3.8.38	WAAROM DIE OUER SY KIND BY DIE BETROKKE SKOOL INGESKRYF HET	81
3.8.38.1	Bevindinge	81

3.8.38.2	Bespreking	81
3.8.39	OUER WATTER DINGE BY DIE SKOOL VOEL DIE OUER ONGELUKKIG?	82
3.8.39.1	Bevindinge	82
3.8.39.2	Bespreking	82
3.9	SLOTPERSPEKTIEF	82

## **H O O F S T U K 4**

### **SAMEVATTING VAN BEVINDINGE, AANBEVELINGS EN MOONTLIKE OPVOLGNAVORSING**

4.1	INLEIDING	83
4.2.	OUERWERWING	83
4.2.1	ALGEMENE OUERVERGADERING	83
4.2.2	KLASOUERVERGADERINGS	84
4.3.	DIE OUER SE BYDRAE TEN OPSIGTE VAN DIE VOORKOMING VAN DRUIPING	84
4.3.1	TUISONDERRIG	84
4.3.2	VERRYKINGSAKTIWITEITE	84
4.3.3	LEERKONTRAKTE MET OUERS	85
4.4	OPVOEDINGSPEIL VAN DIE OUERS	85
4.4.1	SESIALE PROJEKTE	85
4.4.1.1	DIE MAAK VAN LEERMIDDELS	85
4.4.1.2	ONDERSTEUNING MET LEERPROJEKTE	85
4.4.1.3	INSKAKELING BY OPVOEDKUNDIGE UITSTAPPIES	86
4.4.1.4	INSTANDHOUDINGSTAKE	86
4.4.1.5	GELETTERDHEIDSPROGRAMME VIR OUERS	86
4.5	BEHUISING AS FAKTOR IN DIE SKOLASTIESE VORDERINGSPROBLEMATIEK	87
4.6	DIE NADELIGE EFFEK VAN MEER AS EEN MAN OF VROU AS HUISBEWONER -	87
4.7	DIE INKOMSTE VAN DIE OUERS	88
4.8	AFSTAND WAT OUERS VAN HUL WERK IS	88
4.9	GEVARE IN BUURT	88
4.10	DIE INVLOED VAN MAATS	89
4.11	DIE ROL VAN DIE ENKELOUER	89
4.11.1	DIE ENKELOUER EN OUER-ONDERWYSER- VERGADERINGS	89

4.11.2	DIE ENKELOUER AS BROODWINNER	90
4.11.3	KORRESPONDENSIE AAN EN BETROKKENHEID VAN DIE ENKELOUER	90
4.11.4	DIE ENKELOUER VERENIGING	90
4.12	ONDERSTEUNINGSDIENSTE DEUR OUIERS	90
4.12.1	SPORTBEOEFENING	91
4.12.2	SKOOLKONSERTE OF OPERETTES	91
4.12.3	DIE SKOOLDANS	91
4.12.4	PRYSUITDELING OF DIPLOMAPLEGTIGHEID	91
4.13.	KLASOUERKOMITEES	92
4.14.	DIE OUIER-ONDERWYSER-VERENIGING (O.O.V.)	92
4.14.1	DIE O.O.V.-BESTUUR	92
4.14.2	TERREINE VIR DIE O.O.V.	93
4.15	DIE KIND SE BETROKKENHEID BY SPORT EN ANDER BUISTEMUURSE AKTIWITEITE	93
4.16	TUISWERK	93
4.17	OUIERBETROKKENHEIDSPROGRAMME	94
4.17.1	SKOOLVOEDINGSKEMAS	94
4.17.2	ROMMELSKENKINGS	94
4.17.3	VOEDSELSKENKINGS	94
4.18	DIE OUIER EN DIE VOORSKOOLSE KIND	95
4.19	KURRIKULêRE BETROKKENHEID VAN DIE OUIER	95
4.19.1	DIE OUIER SE BYDRAE TEN OPSIGTE VAN LEES	95
4.19.2	DIE OUIER EN DIE TELEVISIE	95
4.19.3	DIE OUIER SE ROL TEN OPSIGTE VAN BELONING	95
4.20	DIE KIND SE STUDIEHOEKIE	96
4.21	ONOORDEELKUNDIGE TUG AS BELEMMERENDE FAKTOR	96
4.22	AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN DIE SPANNAVORSING	96
4.23	ALGEMENE AANBEVELINGS	97
4.24	SAMEVATTING	98
4.25	SWAKHEDE IN DIE ONDERSOEK	98
4.26	VERDERE NAVORSING	99
4.27	SLOT	99

<b>BIBLIOGRAFIE</b>	<b>100</b>
<b>A: BOEKE</b>	<b>100</b>
<b>B: TESISSE</b>	<b>103</b>
<b>C: TYDSKRIFARTIKELS</b>	<b>105</b>
<b>D KOERANTBERIGTE</b>	<b>107</b>
<b>BYLAE A</b>	<b>108</b>
<b>BYLAE B</b>	<b>119</b>



## LYS VAN TABELLE

		Bladsy
TABEL 1.1:	EKSAMENUITSLAE, 1964 - 1985	4
TABEL 1.2:	EKSAMENUITSLAE, 1984 - 1988	5
TABEL 1.3:	PRIMêRE EN SEKONDêRE SKOOL: BERAAMDE LEERLINGAANWAS, 1987 - 2000	7
TABEL 3.4:	STEEKPROEF	42
TABEL 3.5:	GESLAG VAN LEERLINGE	46
TABEL 3.6:	AANTAL KEER GEDRUIP	47
TABEL 3.7:	ONTVANGS VAN WELSYNSTOELAAG	47
TABEL 3.8:	SKOLASTIESE VORDERING VAN VADER	49
TABEL 3.9:	SKOLASTIESE VORDERING VAN MOEDER	50
TABEL 3.10:	HUIDIGE WOONPLEK VAN LEERLINGE	51
TABEL 3.11:	TYDPERK VAN VERBLYF BY HUIDIGE WOONPLEK	52
TABEL 3.12:	AANTAL VOLWASSE MANS AS HUISBEWONERS	53
TABEL 3.13:	AANTAL VOLWASSE VROUE AS HUISBEWONERS	54
TABEL 3.14:	AANTAL VERTREKKE IN WONING	55
TABEL 3.15:	TOTALE NETTO MAANDELIKSE INKOMSTE VAN HUISHOUDING	57
TABEL 3.16:	PA SE REISTYD NA SY WERK IN MINUTE AANGEDUI	58
TABEL 3.17:	MA SE REISTYD NA HAAR WERK IN MINUTE AANGEDUI	59
TABEL 3.18:	GEVARE IN BUURT	60
TABEL 3.19:	INVLOED VAN MAATS	61
TABEL 3.20:	HUWELIKSAMESTELLING VAN OUERS OF PLAASVERVANGENDE OUERS	62
TABEL 3.21:	STAPTYD	63
TABEL 3.22:	AANTAL SKOOLBESOEKE VAN VADER	64
TABEL 3.23:	AANTAL SKOOLBESOEKE VAN MOEDER	65

TABEL 3.24:	DIREKTE SKAKELING VAN SKOOL MET OUERHUIS	66
TABEL 3.25:	BYWONING VAN JONGSTE OUERAAND	67
TABEL 3.26:	BUITEMUURSE BETROKKENHEID	68
TABEL 3.27:	HOEVEELHEID TUISWERK	69
TABEL 3.28:	OUERS SE WYSE VAN BETROKKENHEID	70
TABEL 3.29:	OUER-ONDERWYSERGESPREKKE	71
TABEL 3.30:	BELANGSTELLING IN OUERS VAN ANDER LEERLINGE	72
TABEL 3.31:	TUISWERKLOKAAL	73
TABEL 3.32:	WENKE VAN SKOOL ONTVANG	74
TABEL 3.33:	SKOOL SE HOUDING MET OUERBESOEKE	75
TABEL 3.34:	SKOOL-OUERSKAKELING	76
TABEL 3.35:	PA SE BETROKKENHEID BY SKOOL- AKTIWITEITE	78
TABEL 3.36:	MA SE BETROKKENHEID BY SKOOL- AKTIWITEITE	78
TABEL 3.37:	HUIDIGE OUER-SKOOLBETROKKENHEID	79
TABEL 3.38:	BUITEMUURSE BETROKKENHEID	80

## HOOFSTUK 1

### AKTUALITEIT VAN STUDIE, PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN PLAN VAN ONDERSOEK

#### 1.1 AKTUALITEIT VAN STUDIE

Verandering en spesialisering is aan die orde van die dag en dit geld noodwendig ook vir die onderwys. Die snel veranderende moderne spesialiseringswêreld hou die gevaar in dat die ouer wat oningelig is ten opsigte van skool- en onderwysaangeleenthede, min of geen belangstelling kan openbaar in dit waarby sy kind binne en buite die skool betrokke is.

Reeds in 1967 het Hudson, wat die betrekking van Inspekteur van skole binne die destydse Departement van Kleurlingsake beklee het, dié probleem aangespreek: "... soos die ouer sy kind van voedsel en kleding voorsien, so behoort hy sy opvoedkundige belange ook op die hart te dra. Vandag is dit nodig dat die huis en skool mekaar aanvul in die opvoedingsproses. Elkeen moet sy bydrae lewer. Daarvoor is kontak met mekaar nodig. Die tydperk van isolasie is verby. Die help-mekaar-gedagte moet nagestrewede word" (Hudson, 1967:30).

Granowsky, Middleton en Mumford gaan hiermee akkoord: "... most educators agree that parents play a central role in their children's education. As a result, there is a growing awareness that the home and school need to form a partnership to ensure a successful educational experience for children" (1979:826).

Barkhuizen spreek hom baie duidelik oor ouerbetrokkenheid ten opsigte van die kind se opvoedkundige beleving uit: "Parents are one of the most powerful determinants of the educational achievement of their children outweighing on their impact and influence ... all the inputs which school and teachers can provide" (1982:155).

Die ouer het by implikasie die skool "veroorsaak" en daarom behoort daar 'n noue skakeling tussen dié twee instansies te wees in belang van die kind en meer spesifiek die bepaalde ouer se kind, asook in belang van die onderwys as geheel. Wanneer dit oor die kind se vordering deur sy skoolloopbaan gaan, moet die ouer aanspraak kan maak op sy deel in die kind se "suksesverhaal". Daarteenoor moet die ouer ook

dit oor die kind se vordering deur sy skoolloopbaan gaan, moet die ouer aanspraak kan maak op sy deel in die kind se "suksesverhaal". Daarteenoor moet die ouer ook verantwoordelikheid aanvaar vir sy aandeel in die "mislukkingsverhaal" van sy kind. Ouer en kind moet mekaar ondersteun. Deur noue samewerking tussen huis en skool kan hoër ideale verwesenlik word.

Wanneer 'n kind druipeel, veroorsaak dit nie net 'n materiële verlies vir sy ouers en vir homself nie. Die verreikendste gevolge is vir die kind en ouers as persone en in sosiale verband. Hy verloor die vertroue van sy maats en uitendelik hul vriendskap. Die maats vorder tot die volgende klasgroep en die druipeeling sluit aan by 'n groep wat jonger is. Hierdie druipeeling moet hom/haarself weer bewys en die gevaar bestaan dat indien hy/sy nie aan die verwagting voldoen nie, die leerling uiteindelik 'n "dropout" word.

Navorsing deur Becker en Epstein toon dat: "... parent involvement in learning activities is a strategy for increasing the educational effectiveness of the time that parents and children spend with one another at home" (1982:85).

Moles huldig 'n soortgelyke siening: "... public schools can, by working with parents, meet educational standards impossible to reach without such co-operation" (1982:44).

Oor die realiteite van die moderne samelewing vestig Epstein en Becker ons aandag daarop dat: "Parents are so involved with staying alive and being able to keep up economically, there is little or no energy left to devote to children - much less spend time teaching, disciplining, etc. The time they have is spend being loving, lenient and feeling guilty for not having time or energy to help their children. The children have no motivation to study. Many of the children I teach are too busy raising the little children in the family, cleaning house and doing adult work at home because their parents are out trying to make ends meet. It amazes me that the children can run houses, raise siblings and still find time to learn at all" (1982:111).

Barnard skryf na aanleiding van die De Lange-verslag: "Die onbetrokkenheid van ouers by skoolonderwys is 'n ernstige leemte in die bestaande stelsel van onderwysvoorsiening in die R.S.A." (1984:332-333). Hy gaan verder deur te sê: "Kragtens die Verbondseis is dit die ouers se verantwoordelikheid om die opvoeding

en onderwys van hulle kinders tot volwassenheid met liefde en toewyding te aanvaar - al word hierdie taak namens die ouers deur die skool gedoen. Dit is tog immers die ouers (en nie die onderwysers nie) wat uiteindelik die opvoeding en onderwys van hulle (Verbonds-)kinders moet verantwoord" (1984:332-333).

Die dringendheid van ouerbetrokkenheid by onderwys word baie sterk deur Peteni gestel: "If we involve the parents more effectively in our schools, we can both draw on a priceless resource and make a major contribution to the inculcation of self-respect amongst the less educated - and remember, the more involved the parent, the more successful the child tends to be" (1985:23).

Die vraag ontstaan nou in watter mate ouers hul plig ten opsigte van inskakeling in die skool wel nakom in die tegnokratiese wêreld waarin die gesin homself moet handhaaf. Die uitslae van skole van die Departement van Onderwys en Kultuur (Raad van Verteenwoordigers) soos in die onderstaande tabel aangetoon, het oor die afgelope paar jaar reaksie van onderwysleiers, politici, sowel as verslaggewers uitgelok.

TABEL 1.1: EKSAMENUITSLAE, 1964 - 1985

Jaar	Junior Sertifikaat			Senior Sertifikaat		
	Kandidate	Slaagsyfer	% Slaagsyfer	Kandidate	Slaagsyfer	% Slaagsyfer
1964	5 089*	2 729	53,63	1 344	595	44,27
1965	5 067*	2 763	54,53	1 480	702	47,43
1966	5 184*	3 510	67,71	1 358	817	60,16
1967	4 930*	3 457	70,12	1 526	938	61,47
1968	7 101	4 556	64,16	1 631	1 064	65,24
1969	8 712	5 897	67,69	1 917	1 301	67,87
1970	9 549	6 064	63,50	2 004	1 307	65,22
1971	10 478	7 073	67,50	2 243	1 424	63,49
1972	11 222	7 603	67,75	2 499	1 601	64,07
1973	12 995	8 328	64,09	2 868	1 816	63,32
1974	14 078	9 344	66,37	3 134	2 064	65,86
1975	15 490	11 462	73,99	3 746	2 374	63,31
1976	16 160	11 678	72,30	3 804	2 036	53,50
1977	16 560	12 149	73,30	5 569	3 668	65,90
1978	19 934	14 379	73,90	6 891	4 523	65,40
1979	21 988	18 567	84,40	7 654	6 779	88,50
1980	21 311	14 290	67,00	8 343	5 260	63,00
1981	23 833	15 504	65,10	9 269	5 279	57,00
1982	-	-	-	10 207	6 868	67,30
1983	-	-	-	11 076	7 894	71,30
1984	-	-	-	14 138	10 381	73,40
1985	-	-	-	11 052	7 115	64,40

\* Junior Sertifikaat-eksamens in Natal en Transvaal is nie hierby ingesluit nie, omdat hulle intern afgeneem is.

- Die eksterne eksamens vir die Junior Sertifikaat is in 1982 opgeskort.

(Opvoeding vir die lewe, 1987:109)

Selfs ná 1985 toon die Matriekuitslae van skole van die D.O.K.(R.V.) nie 'n

beduidende verbetering nie, soos Tabel 1.2 aantoon.

**TABEL 1.2: EKSAMENUITSLAE, 1984 - 1988**

JAAR	MATRIKULANTE	A-GEMIDDELDE	MATRIKULASIE VRYSTELLING	SLAAGPERSENTASIE
1984	14 138	29	2 108	73,4
1985	11 052	15	1 381	64,4
1986	17 624	33	2 707	67,6
1987	18 209	51	3 280	67,9
1988	21 007	74	3 492	67,8

(Die Burger, 23 Desember 1988)

1985 was gekenmerk deur 'n langdurige skoleboikot en "The Argus" van 20 Desember 1985 berig soos volg: "The jubilation of white Cape Matric pupils will not be shared by the thousands of black and coloured pupils for whom formal schooling ended in July this year". In "Die Burger" van 31 Desember 1985 word mnr. Carter Ebrahim, Minister van Onderwys en Kultuur (R.V.), aangehaal: "... die klasboikot het beslis die eksamenuitslae beïnvloed, maar die meeste matriekleerlinge het tog die eksamen afgelê".

In 1986 het daar 'n verbetering ingetree en "Die Burger" van 23 Desember 1986 berig: "Die Departement van Onderwys en Kultuur het egter in 'n verklaring gesê dat die slaagsyfer voldoen nie aan die ideaal nie".

Oor die matriekuitslae van 1987 het mnr. Carter Ebrahim in "Die Burger" van 24 Desember 1987 kommentaar gelewer waarin hy die hoë druipeyfer grootliks toeskryf aan: "... die nadelige effek van die boikot-aksies by ons skole die laaste drie jaar" en "... die nasleep van die destydse ontwinging by ons skole".

Dieselfde uitgawe van "Die Burger" berig ook: "Hoewel vanjaar se Matriek-uitslae

van die Departement van Onderwys en Kultuur in die Administrasie van die Raad van Verteenwoordigers 'n verbetering toon in vergelyking met dié van verlede jaar, is dit nogtans met teleurstelling ontvang. Die minister van Onderwys en Kultuur, Mnr. Carter Ebrahim, en die Uitvoerende Direkteur van Onderwys, Mnr. A.W. Muller, het albei gister hul teleurstelling uitgespreek. Die voorsitter van die Unie van Onderwysverenigings van Suid-Afrika (Utasa), mnr. Franklin Sonn, het gesê die feit dat 32% van die kandidate gedruip het, is onaanvaarbaar".

Met betrekking tot die 1988-uitslae sê "The Argus": "Director of Education, mr Awie Muller, said he was a bit disappointed with the results. It is clear that we are entering a period of stability and we expect better results in future, he said".

Die "Cape Times" van dieselfde dag sê: "Principals and teachers yesterday expressed disappointment at what they described as a poor pass rate of 67,8% recorded by pupils in this year's coloured Senior Certificate examinations".

Ook "Die Burger" van Vrydag 23 September 1988 is baie duidelik hieroor wanneer hy sê: "Teleurstellend. Dit is die algemene reaksie op vanjaar se Matriekuitslae van die Departement van Onderwys en Kultuur in die Administrasie van die Raad van Verteenwoordigers".

Eerw. Allan Hendrickse, Voorsitter van die Raad van Verteenwoordigers, het 'n kritiese evaluering van die matriekuitslae van 1988 laat doen. Dit het aan die lig gebring dat die slaagsyfer op die platteland onrusbarend laag is. "Rapport" van 1 Januarie 1989 berig soos volg: "Die swak algehele slaagsyfer vir matrieks van 67,7% wat 14 235 leerlinge uit 21 007 verteenwoordig, is hoofsaaklik aan die groot getal druipelinge op die platteland te wyte, het eerw. Hendrickse, wat ook Minister van Onderwys is, op die Arbeidersparty se jaarkongres in Bloemfontein gesê".

Harmse, Du Toit en Broeksma (1987:122) gee in Tabel 1.3 'n beraamde leerlingtoename van Kleurlinge vanaf 1987 tot die jaar 2000. Hierdie getal leerlinge is kinders wat aan die Suid-Afrikaanse arbeidsmark gelewer word.



**TABEL 1.3: PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOL: BERAAMDE LEERLINGAANWAS, 1987 - 2000**

Jaar	Aanpassingsklas	Sub A	Sub B	St. 1	St. 2	St. 3	St. 4	St. 5	St. 6	St. 7	St. 8	St. 9	St. 10	Totaal
1987	8 300	107 600	95 800	87 700	82 500	80 000	76 600	73 000	61 400	55 100	41 900	32 200	21 200	823 400
1988	8 800	106 700	99 500	91 700	82 500	80 100	76 000	71 000	61 900	56 600	43 700	34 100	23 200	835 600
1989	9 300	105 200	98 900	95 300	86 600	89 200	76 300	70 900	60 400	57 200	45 300	35 100	24 900	846 300
1990	9 800	104 100	97 800	94 800	90 400	84 400	76 700	71 600	60 500	56 100	46 200	37 100	26 400	856 000
1991	10 300	102 700	97 100	93 900	90 400	88 200	80 900	72 400	61 300	56 400	45 700	38 000	27 800	864 900
1992	10 800	102 500	96 100	93 300	89 800	88 200	84 700	76 800	62 100	57 400	46 400	37 600	28 700	874 400
1993	11 300	101 900	96 300	92 400	89 500	87 700	84 900	80 800	66 100	58 400	47 600	38 100	28 800	883 900
1994	11 800	100 900	95 900	92 700	88 900	87 500	84 700	81 400	69 800	62 300	48 800	39 200	29 600	893 600
1995	12 300	100 800	95 200	92 500	89 400	87 000	84 600	81 400	70 600	65 900	52 600	40 200	30 800	903 200
1996	12 800	99 900	95 300	91 900	89 200	87 500	84 300	81 600	70 800	66 700	56 200	43 400	32 000	911 500
1997	13 300	99 400	94 600	92 100	88 800	87 400	84 800	81 500	71 100	67 000	57 300	46 400	34 900	918 800
1998	13 800	99 500	94 100	91 600	89 200	87 000	84 700	82 100	71 300	67 400	58 000	47 500	37 700	924 100
1999	14 300	98 200	94 400	91 300	88 700	87 400	86 400	82 100	72 100	67 700	58 900	47 100	39 000	926 600
2000	14 800	96 800	93 300	91 600	88 600	87 000	84 800	81 900	72 300	68 500	59 500	48 900	39 900	927 700

(Opvoeding vir die Lewe, 1987:122)

Die vraag ontstaan nou - wat word van hierdie kinders wanneer, en selfs voordat hulle in Matriek "opdaag"? Dit is belangrik dat daar indringend gesoek word na moontlike oorsake vir die hoë druipeval sodat hierdie kinders nie vir die Suid-Afrikaanse arbeidsmark verlore sal wees nie.

Die aktualiteit van swak skoolprestasie is deur die Departement van Onderwys en Kultuur (R.V.) raakgesien en navorsing oor die totale spektrum van faktore wat prestasie kan beïnvloed, word indringend gedoen.

Die onderhawige ondersoek het ten doel om ouerbetrokkenheid as faktor in skoolprestasie na te vors.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Wanneer leerlinge in groot getalle druipeval, is dit 'n probleem. Saenger-Ceha bevestig die erns van die probleem: "Society is indeed concerned with the economic loss

caused by a large dropout rate, not only in terms of money but also in terms of trained manpower in those areas where there is a shortage of trained professional workers" (1970:3).

Gedurende die afgelope vyf tot tien jaar is verskeie uitsprake oor die hoë duipeyfer by skole van die D.O.K. gemaak. Ondersoeke het gevind dat hierdie uitsprake nie aan wetenskaplike toetsing onderwerp is nie. Dit hou dié gevaar in dat leerlinge en ouers moontlik teen slegs enkele aspekte kan vaskyk wat 'n rol by leerlinge se prestasie kan speel.

Navorsing oor ouerbetrokkenheid in skole van die Departement van Onderwys en Kultuur (D.O.K.) Raad van Verteenwoordigers (R.V.) is nie beskikbaar nie. Reddy (1970), wat navorsing oor duipeyfer in Kleurling Primêre Skole gedoen het, het in sy ondersoek ook na ouerbetrokkenheid gekyk en aan die lig gebring dat 92% van die respondente in 'n vraelys bevestig het dat onbetrokkenheid 'n oorsaak van die hoë duipeyfer kan wees. Waar daar nie kontak is tussen huis en skool nie, is bevind dat ouers nie belangstelling in die opvoeding van hul kinders toon nie. Die ondersoek het verder getoon dat huis- en gesinsinvloede 'n noue verband het met duipeyfer in Kleurling Primêre Skole.

Reddy glo dat die bestaan van ouer-onderwyserverenigings 'n effektiewe manier is om kontak met ouers te hê. Hy sê: "... at present there are very few Coloured Primary Schools where such a body has been established. Where such a body exists it has been found that the parents take a much keener interest in the affairs of the school. It seems to bring about a better understanding between parents and teachers on matters which affect the welfare and education of the child" (1970:157).

Dit is belangrik dat die hele skoolspektrum (Primêr sowel as Sekondêr) gedek moet word. Dit is ewe belangrik om weer te kyk wat die ouer te sê het oor sy rol binne hierdie vorderingsproblematiek.

Uit die 1860 Kleurling Primêre Skole in die Republiek van Suid-Afrika was daar in 1989 slegs 495 skole met ouer-onderwyserverenigings.

Gedurende Junie 1980 het die Regering die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing versoek om ondersoek na alle fasette van onderwys in Suid-Afrika in te

stel. 'n Hoofkomitee bestaande uit 26 lede is uit die verskillende onderwysdepartemente geneem met prof. J.P. de Lange, destydse Rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit, as voorsitter. Hul verslag moes binne twaalf maande bekend gemaak word.

Die De Lange-verslag het onder meer aanbeveel dat daar beherende liggame binne skole moet wees met die primêre funksie om: "... die hoof en onderwysers te steun in hul professionele taak, om hulle professionele status in die klaskamer te respekteer en om ouers aan te moedig om hulleself as vennote in die opvoedingstaak te beskou" (RGN-verslag, 1982:12).

Navorsing het aan die lig gebring dat die skoolkomitee al beherende liggaam is wat binne die skole van die D.O.K. funksioneer. Die werklikheid is dat daar in die skole van die D.O.K. jaarliks 'n groot druipeyfer is. Dit laat die vraag ontstaan of ouers nie hieroor bekommerd is nie. In watter mate is hy/sy by sy kind se skoolsituasie betrokke? Is die ouers daarvan bewus dat hulle 'n rol by hul kinders se prestasie kan speel of wil hulle graag betrokke wees, maar weet nie hoe om betrokke te raak nie? Hou die skool die ouers bewustelik of onbewustelik op 'n afstand?

### **1.3 DOEL MET DIE ONDERSOEK**

Die doel met die ondersoek is om ouerbetrokkenheid as faktor in die skolastiese vorderingsproblematiek van leerlinge in skole van die Departement van Onderwys en Kultuur (D.O.K.) Raad van Verteenwoordigers (R.V.) te ondersoek.

### **1.4 OPVOEDKUNDIGE PLASING**

Hierdie ondersoek maak deel uit van 'n spannavorsingsprojek wat in 1987 deur die Departement van Onderwys en Kultuur (D.O.K.) Raad van Verteenwoordigers (R.V.) geloods is en onderneem deur die Onderwysburo (R.V.) en die Universiteit van Stellenbosch, om aan die einde van 1990 afgehandel te word met die spesifieke opdrag: "... om deur sistematiese ondersoek data in te samel oor die skolastiese vorderingsproblematiek en om aanbevelings te maak om die hoë druipeyfer in skole onder beheer van die D.O.K. (R.V.) te verminder" (p. 4).

## **1.5 PLAN VAN ONDERSOEK**

### **1.5.1 LITERATUURONDERSOEK**

Hoofstuk twee sal 'n literatuurondersoek wees. Resente inligting oor die onderhawige onderwerp sal nagevors word. In besonder sal gekyk word na wetenskaplike literatuur in die V.S.A., Brittanje, Europa, in enkele ander lande, asook in Suid-Afrika.

### **1.5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK**

Hoofstuk drie sal 'n empiriese ondersoek wees. Data sal deur middel van vraelyste aan ouers van druipekinders, sowel as aan ouers van nie-druipekinders (oor die hele skoolspektrum) ingesamel word.

Die vraelyste het ten doel om te bepaal in watter mate ouers van die D.O.K. (R.V.) by hul kinders se skoolopvoeding betrokke is en watter veranderlikes oerbetrokkenheid bepaal.

In hoofstuk vier sal, na aanleiding van die literatuurstudie en die inligting deur die vraelyste in hoofstukke twee en drie ingesamel, gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word met die oog op implementering in skole van die D.O.K. (R.V.). 'n Aanduiding van verdere navorsing sal die studie afsluit.

## HOOFSTUK 2

### AANVERWANTE LITERATUURSTUDIE

#### 2.1 INLEIDING

In sy voorsittersrede by die 1984-kongres van die Suid Afrikaanse Onderwysersunie, haal Franzsen (1984:62) Van Schalkwyk (1983) aan: "Die onderwys is 'n saak waarby elke lid van die gemeenskap en ook elke sosiale instelling daarbinne 'n intense belang het. Wat in die onderwys gebeur, raak die ganse samelewing. Dáár word die landsburgers van die toekoms gevorm, 'n bydrae gelewer tot lidmaatskap van die kerk, die toekomstige ouers toegerus, die grondslag vir 'n toekomstige beroepsbeoefening gelê en die gemeenskapleier, sportman, sakeman, politikus en kultuurleier van môre gekweek. Die staat, kerk, gesin, bedryf, wetenskap, kuns, sport, kultuur en alle ander sektore van die gemeenskap het 'n belang by wat in die onderwys gebeur omdat dit die voortbestaan en toekoms van almal raak".

Gorton (1983:439) het reeds in 1983 sterk standpunt ingeneem toe hy gesê het, "... the truth of the matter is that without parent participation and support, schools cannot succeed". Deur betrokkenheid kan ouers meer kennis oor skoolaangeleenthede inwin en as gevolg hiervan behoort hulle

- meer op die hoogte te wees oor leerinhoud;
- meer verdraagsaam te wees ten opsigte van skoolverwante probleme en
- meer ondersteunend te wees ten opsigte van pogings deur die skool om opvoedkundige programme uit te bou.

Ouerdeelname sal daartoe bydra dat idees, kundighede en menslike bronne binne die ouerkorps aan die skool bekend gemaak en benut sal kan word. Dit kan meebring dat die ouer se posisie in skoolaangeleenthede merkbaar verander en die beoordeling van die skool en skoolaangeleenthede anders gedoen sal word.

#### 2.2 OUERBETROKKENHEID IN DIE V.S.A.

Moles (1982) meld dat 'n meningspeiling in die V.S.A. in 1981 getoon het dat 90% onderwysers die standpunt huldig dat daar op alle vlakke van die kind se opvoedings- en vorderingsbaan meer huis-skool-interaksie moet wees. 'n Peiling

oor die publiek se houding toon 'n soortgelyke gevoel en keer ook sekere maniere van ouerbetrokkenheid goed. Op die vraag: "Wat meer moet die skool doen?" was die voorstel dat daar 'n nouer ouer-onderwyser-verhouding moet wees. Daar moet ook meer ouer-onderwyserontmoetings en meer beskikbare inligting oor wat ouers kan doen om die kind te help, wees. Tagtig persent ouers van skoolgaande kinders het saamgestem met die idee dat hulle een keer per maand die skool moet besoek om te leer hoe hulle kan help om die kind se gedrag en belangstelling in sy skoolwerk te verbeter.

Moles (1982) sê verder dat 'n ondersoek wat oor 'n tydperk van tien jaar gestrek het, getoon het:

- Dat 'n gesamentlike en gekoördineerde poging deur ouers en onderwysers belangrik is ten einde meer suksesvol probleme van dissiplinêre aard asook probleme wat te make het met motivering die hoof te bied, maar ook om goeie leer- en studiegewoontes tuis en op skool aan te kweek.
- Dat ouer-skoolkommunikasie belangrik is, want dit is hier waar ouers meer leer aangaande hul kinders se prestasies en ook hoe hulle as ouers kan meehelp om die prestasies te verhoog. Hierdie skakeling help die leerkrag om meer te wete te kom van die ouers se vermoë om hul kinders te kan help. Voorbeelde van ouer-skoolskakeling is vergaderings, kennisgewings, huisbesoeke en gesamentlike deelname aan werkswinkels, klasse en projekte.
- Dat dit belangrik is dat leeraktiwiteite tuis, waar kinders inligting en vaardighede wat bevorderlik vir skolastiese prestasie is, aangeleer word. Die kind word 'n goeie tuisleerder deur gebruik te maak van vier opvoedkundige prosesse te wete:
  - \* tuisonderrig - hoe om byvoorbeeld koek te bak en kos te kook, 'n boom te plant of tuin te maak, ensovoorts;
  - \* verrykingsaktiwiteite - die bou van legkaarte, woordspeletjies, ensovoorts;
  - \* 'n kontrak tussen ouer en leerkrag waar ooreengekom word hoe die ouer sal toesien dat tuiswerk gedoen word;
  - \* die modellering of nabootsing van opvoedkundige suksesse wat deur familieledede bereik is;
- Dat deur die instelling van die "American Educational Week" ouerkontak verkry en behou is.

Volgens Sparkling (1980) het navorsing wat oor twintig jaar gestrek het, getoon dat ouerbetrokkenheid merkwaardige verbeteringe kan laat intree wanneer ouers by die

skoolopvoedingsprogramme van hul kinders betrokke gemaak kan word. Dit het die volgende tot gevolg:

- groei in die positiewe selfbeeld van beide kind en ouer;
- versnelling of aanwakkering van die kind se motiveringsvlak om te leer;
- toename in akademiese prestasie by kinders;
- beter skoolbywoning en studiegewoontes;
- minder dissiplinêre probleme.

### 2.2.1 OUER-ONDERWYSER-VERENIGINGS

In die V.S.A. het die "Parent-Teacher Association" (P.T.A.) volgens Meyer (1967:389) sy ontstaan gehad in die "National Congress for Mothers" wat reeds in 1897 begin is. Dit funksioneer op nasionale sowel as plaaslike vlak. Werkgroepe binne die O.O.V. is verantwoordelik vir onder andere oudiovisuele dienste, karaktervorming, die kweek van goeie burgerskap, personeelsamewerking, begaafde onderwys, sekondêre skooldienste, internasionale verhoudings, jeugbeskerming, wetgewing, geestesgesondheid, nasionale O.O.V.-publikasies, maandblad, voorskoolse dienste, ontspanning en publisiteit.

Deur die O.O.V. se maandblad en ander kleiner publikasies sorg die nasionale werkgroepe dat onderwysers, sowel as ouers, gereeld van 'n verskeidenheid van die jongste opvoedkundige literatuur voorsien word. Onderwyskundiges dui ook gereeld besprekingspunte vir ouer-leerkragontmoetings aan.

Die sukses van die O.O.V. word grotendeels toegeskryf aan puik administrasie, maar ook aan die ywer van lede wat slegs die beste vir hul kinders wil hê.

Op nasionale vlak is daar 'n ouer-onderwyser-leerlingvereniging (O.O.L.V.) met 'n gemeenskap-gesondheidsopvoedingsprogram aan die gang. Leerlinge kry die geleentheid om insette ten opsigte van onderwerpe soos die gebruik van alkoholiese drank, voeding, gesondheidsprobleme, ensovoorts te lewer.

Die O.O.L.V. se "Nutrition Education Project" wat in samewerking met die Verenigde State se Landboudepartement gedoen word, is 'n unieke poging waar O.O.L.V.-lede van 20 O.O.L.V.'s saam met skoolhoofde werk om skole se ontbyt- en middagmaalprogramme te verbeter. Hul skooldag strek egter tot in die laat namiddag (Sparkling, 1980:28).

### 2.2.2 DIE PLEK VAN DIE ENKELOUER IN DIE V.S.A.

Barney & Koford (1987) stel dit baie duidelik dat daar rekening gehou moet word met die feit dat die skoolouers ook enkelouers insluit. Gevolglik moet skool-ouerkommunikasie daarop ingestel wees om ook die enkelouer by programme te betrek. Die volgende moet in gedagte gehou word:

- Nuusbriewe of kennisgewings moet gerig word aan ouer/voog en onderwysers moet verwys na "Jou ouer" of "Jou ma of pa" en nie sonder meer na "Jou ouers" nie.
- In plaas daarvan om herdenkings soos Moedersdag of Vadersdag te vier, moet dit liefse 'n ander naam gegee word, byvoorbeeld "Welwillendheidsdag".
- Vergaderings moet saans op 'n tyd wanneer die enkelouer ook teenwoordig kan wees, plaasvind.
- Die skool moet beskikbaar wees om die werkende ouer op tye wat hom pas te woord te staan.
- Die skool moet sorg dra dat kennisgewings ook, waar moontlik, die afwesige biologiese ouer bereik.
- Onderwysers moet daarna strewende om goeie verhoudings tussen leerlinge te kweek. Die kind van 'n geskeide ouer kan so maklik die prooi van onsimpatieke klasmaats word.
- Die werkende ouer moet ook by klaskameraktiwiteite betrokke gemaak word. So kan die leerkrag 'n lys van hulpmiddels aan die ouers stuur wat tuis gemaak kan word, byvoorbeeld opvoedkundige speelgoed.
- Die dienste van die voorligter moet daar wees wanneer egskeidings binne die ouergemeenskap voorkom - die kind moet ondersteun word.
- Die biblioteek se bronne moet daar wees - 'n hoekie waar kinders leesstof oor aspekte soos egskeiding, stiefgesinne, dood, selfbeeld, ensovoorts kan kry.
- Die skool kan help met hulpdienste vir geskeide of vervreemde ouers.
- Naskoolse versorgingsentrums kan begin word waar kinders van enkelouers versorg kan word.

(Barney & Koford, 1987:40)



## **2.2.3 OUERBETROKKENHEID IN ENKELE HOËRSKOLE EN IN SOMMIGE SKOOLSTREKE**

### **2.2.3.1 Ouerbetrokkenheid in Chicago**

Volgens Moles (1982) het sommige skole in Chicago programme ontwikkel wat daarop gemik is om die ouers met 'n lae skoolopvoedingspeil en ouers uit die lae inkomstegroep te help om met hul kinders se skoolopvoeding te kan help. Die "Parents Plus"-program bring hierdie ouers een keer per week na die skool waar hulle leer hoe hulle met die skoolwerk behulpsaam kan wees, maar ook om hul gemeenskapsprogramme uit te brei. So kom ouers byeen om goedkoop hulpmiddels wat ook tuis gebruik kan word, te maak. Ander skole voorsien hul ouers van kalenders waarop daaglikse tuiswerkopdragte aangebring is, asook van pamflette waarop algemene wenke verskyn.

'n Ander faset waaraan aandag gegee is, is die betrokkenheid van leerlinge in sekondêre skole by O.O.V.-aktiwiteite. Omdat die leerling se leerervarings so effektief as moontlik moet wees, is dit by hom tuisgebring dat hy oor die kwaliteit van sy leerervarings besorgd moet wees. Daar is in die verlede te veel namens die leerling gepraat in plaas van dat hy toegelaat word om meer van sy eie belange te hanteer. Dit is ook by leerlinge tuisgebring dat deur hul lidmaatskap van 'n plaaslike O.O.V. hulle 'n invloed kan uitoefen in soverre dit O.O.V.-beleid aangaan en dat hul betrokkenheid 'n positiewe verskil aan hul skool en aan hul gemeenskap kan maak. Sparkling (1980) meld 'n paar programme wat by sommige skole in die V.S.A. gevolg word. Programme in New York, Mableton, Washington D.C., Philadelphia en Illinois het Sparkling veral opgeval.

### **2.2.3.2 Ouerbetrokkenheid by 'n skool in die distrik Nassau, New York**

Vir drie agtereenvolgende jare het die Syosset Hoërskool se O.O.L.V. 'n program van stapel gestuur waar skole begaafde leerlinge "aanneem". Elke hoërskool het homself verbind om 'n "vriend" vir die betrokke leerling te wees en het dan een keer per week met die leerlinge kontak gemaak.

### **2.2.3.3 Ouerbetrokkenheid by die Pebblebrookskool in Mableton.**

By die Pebblebrook Hoërskool was daar 'n behoefte aan 'n beroepsbronneseentrum. Hier het die O.O.L.V., die skool se mediasentrum en die voorligtingdepartement kragte, geld en tyd saamgesnoer vir die daarstelling van 'n sentrum waar leerlinge genoegsame inligting oor beroepsgeleenthede kon bekom.

### **2.2.3.4 Ouerbetrokkenheid by die Inglemoor Hoërskool in Bothell, Washington D.C.**

By hierdie hoërskool het die O.O.L.V. inligtingsprogramme geborg. Aspekte waaraan aandag gegee is, was mishandeling van vroue, beroepe en die voorbereiding van egpare vir die rol van pleegouers. Die "Home and School Institute" het programme ontwikkel wat daarop gemik was om gesinsinteraksie in die skolastiese vordering ten opsigte van die gesin en familie te koördineer sonder om skoolwerk te dupliseer. Ouers moes sekere programme saam met hul kinders voltooi. Skoolwerk is ook aan gemeenskapsaktiwiteite gekoppel. Pamflette oor tuisleeraktiwiteite is by fabriekke, kerke, supermarkte, ensovoorts versprei. Daar is ook sentrums by skole ingerig waar kinders kon studeer. Die hulp van senior burgers is ingespan om by hierdie sentrums diens te verrig.

### **2.2.3.5 Ouerbetrokkenheid in die skoolstreek Philadelphia**

In Philadelphia is telefoon-"hotlines" aangewend om leerlinge met tuiswerkprobleme te help, maar ook om ouers oor skoolaktiwiteite in te lig en hulle met skoolopvoedingsverwante advies te bedien.

### **2.2.3.6 Ouerbetrokkenheid in Mascontah, Illinois**

Schmitt (1986:40) meld dat ouers in Mascontah, waar daar in 1979 nagenoeg 3200 voorskoolse kinders was, die vraag gestel het: "Wat kan ons doen om ons kinders skoolgereed te kry?" Na aanleiding hiervan het die Mascontah-program gestalte gekry.

Die Mascontah-program is vir kinders wat geïdentifiseer is as leerlinge wat nie ontvanklik sou wees vir die gewone kindertuinprogram nie. Kinders is deur toetse

geïdentifiseer. 'n Leerkrans of "Tutor" en die geïdentifiseerde kinders ontmoet daarna oor 'n periode van 30 weke met 'n ouer of plaasvervangende ouer vir een en 'n half uur per week. Die groep ouers ontvang voorligting om ses aktiwiteite per dag met hul kinders deur te werk. Wanneer die ouers by die skool opdaag word hulle deur die "tutor" of ouerinstrukteur ontvang. Die kinders word na 'n lokaal vir groeponderrig geneem. Die ouers kom in 'n aangrensende lokaal byeen waar hulle die tutor en groep deur eenrigtingglas kan waarneem. Die les vind vir 20 minute plaas en soos die instrukteur vorder, lig hy die ouers met behulp van 'n mikrofoon in waarmee hy besig is en hoe die ouer die bepaalde aktiwiteit tuis moet oefen en voltooi. Na afloop van die les kry ouers die geleentheid om vrae te stel. Voordat met 'n volgende program begin word, word die vorige week se werk eers met die ouers bespreek.

Die waarnemingsessie gee aan die ouer die geleentheid om te sien hoe hul kinders "leer", maar ook om verskille tussen kinders waar te neem. Die ouer neem ook waar hoe die instrukteur probleem-situasies hanteer en hulle kan hul eie optrede volgens die "tutor" s'n modelleer (wanneer hulle met die tuisoefeninge besig is).

Tuisaktiwiteite is die belangrikste aspek van die Mascontah-program. As die ouers dit wat gedurende die groepsessie gedoen is, met daaglikse aktiwiteite opvolg, behoort die kind in staat te wees om skoolgereedheidsvaardighede te kan bemeester.

Die sukses van hierdie program is bepaal volgens die gemiddelde voor- en natoetstellings, wat vir die 30 weke waarin die program geduur het, 'n toename van 26 punte per kind getoon het. Die hoë bywoningsyfer van ouers en kinders was 'n verdere aanduiding van sukses.

#### **2.2.4 OUERBETROKKENHEID IN MARYLAND**

Ten einde te bepaal hoe onderwysers van skoolbeginners oor die betrokkenheid van ouers by leeraktiwiteite voel, het Becker en Epstein (1982) 'n ondersoek in Maryland gedoen. Onderwyspraktyke en houdings van 3700 skoolbeginnerleerkrante in meer as 600 skole in 16 van die 24 skooldistrikte in Maryland is ondersoek. Die ondersoek het ook inligting van meer as 600 skoolhoofde ingesluit. 'n Vraelys aan onderwysers was daarop gemik om te bepaal wat leerkrante van ouer-betrokkenheidsstrategieë dink en hoe hulle dit self toepas.

Die ondersoek was ook daarop gerig om 14 tegnieke van ouerbetrokkenheid te toets. Vrae oor die tegnieke van ouerbetrokkenheid is in die volgende vyf kategorieë ingedeel :

#### **2.2.4.1 Tegnieke wat leeswerk insluit**

Twee derdes van die leerkrigte het verslag gedoen dat hulle gereeld vir hul ouers vra om tuis vir hul kinders te lees of om te luister hoe hul kinders lees. Meer as een vyfde het hierdie praktyk as die waardevolste by ouerbetrokkenheid beskou.

#### **2.2.4.2 Tegnieke wat besprekings tussen ouer en kind bevorder**

Ouer en kind kyk byvoorbeeld saam na televisieprogramme. Na afloop daarvan bespreek hulle dit.

#### **2.2.4.3 Tegnieke wat sekere informele aktiwiteite tuis insluit**

Hier word van die ouer verwag om "onderwyser" te speel. Hy moet die onderwyser se rol aanvul deur die kind tuis te onderrig. Aangesien leerkrigte gevoel het dat die aktiwiteite te moeilik vir die ouers sou wees het 30% van die leerkrigte hierdie praktyk verwerp; 40% het die metode teoreties gesteun en slegs 30% het dit heelhartig gesteun.

#### **2.2.4.4 Leerkontrakte tussen ouer en leerkrig wat die ouer se rol ten opsigte van sy kind se werk uitspel**

Die aktiwiteit behels 'n "kontrak" tussen ouer en onderwyser wat oor 'n spesifieke handeling of reeks handeling gesluit word. Die ouer word gevra om die kind te beloon soos hy presteer. Beloning word ook weerhou as hy nie vorder nie.

#### 2.2.4.5 Tegnieke wat ouers se kundigheid omtrent onderrig, hulp en evaluering ontwikkel

Instruksies word hier aan ouers gegee oor hoe om te onderrig, asook hoe om hulpmiddels self te maak en hoe om die onderwyser aan te vul.

Becker en Epstein (1982:87) se ondersoek het getoon dat 95% van die leerkragte aangedui het dat hulle met hul kinders se ouers kommunikeer, kennisgewings huis toe stuur en met ouers by "ope dae" gesels. Verder het 90% van die leerkragte gevra dat ouers hul kinders se tuiswerk moet onderteken.

Alhoewel byna twee derdes van die leerkragte saamgestem het dat ouerbetrokkenheid 'n goeie idee is, het 50% ernstige bedenkinge gehad omtrent die sukses van pogings van werklike ouerbetrokkenheid. As rede is aangevoer dat leerkragte nie opgelei is om ouerbetrokkenheid te hanteer nie, dat die tyd van beide ouers en leerkragte beperk is, dat ouers en leerkragte verskillende bekwaamhede het en dat beide ouers en leerkragte self kinders het wat baie van hul tyd verg.

#### 2.2.5 OUERBETROKKENHEID IN TEXAS

Granowsky, Middleton en Mumford (1979:826) was in Texas betrokke by die "Dallas Independant School District" se program van ouerbetrokkenheid. Die program was daarop gemik om ouers by verskeie geleenthede by die skool te kry ten einde hulle die kans te gee om hul kinders se leerkragte te ontmoet en oor skoolvordering van leerlinge te gesels. Verslagkaarte is opgestel en die bespreking het by elke geleentheid rondom hierdie kaarte gegaan. By die eerste ontmoeting kry die ouer 'n afskrif van die kind se vorderingsverslagkaart. Die biblioteek is dan beskikbaar vir die seleksie van leesmateriaal volgens die kind se vorderingsvlak.

Die manier waarop die ouers die boodskap ontvang het, het 'n groot rol by die bywoning van hierdie leerkrag-ouerontmoetings gespeel. Voor die aanvang van die program is die volgende vrese gekoester:

- ouers sal nie vir die program opdaag nie;
- ouers sal nie betrokke wil raak by hul kinders se leerprogram nie;
- ouers sal nie weet wat om by die skool te kom doen nie;
- onderwysers sal nie wil hê dat ouers in hul "sake" moet inmeng nie.

Skole het hul ouers laat weet dat hulle daarna uitsien om hulle te ontmoet, dat hulle hul ouers nodig het en dat daar waardevolle inligting is wat hulle met hul ouers wil deel. Hierdie boodskap is op die volgende maniere oorgedra:

- Die skakelbeampte van die skole het gebruik gemaak van die plaaslike radio en televisie, asook van die koerant om die noodsaaklikheid van die ontmoeting by die ouergemeenskap tuis te bring.
- Die plaaslike sakekamer het 'n omsendbrief aan die sakelui gestuur waarin hulle gevra het dat werknemers toegelaat word om die byeenkomste by te woon.
- Sommige skole het gebruik gemaak van die "telefoonboom"-konsep waar ouers wat traag voorgekom het, geskakel is.

Hoofde van skole wat meer as 90% bywoning gehad het, het die volgende gedoen: (Dit is eers vasgestel na afloop van die program).

- By wyse van 'n kennisgewing is 'n bepaalde tyd vir die byeenkoms gereël. As ouers nie bevestig het dat hulle op die bepaalde datum die skool sal besoek nie, is met hulle in verbinding getree en is 'n alternatiewe datum vasgestel.
- Onderwysers het vroeg opgedaag en lank by die skool vertoef om ruim geleentheid aan ouers te bied om met hulle te gesels.
- Skakelbeamptes het ouers besoek as hulle nie die byeenkoms bygewoon het nie.
- Groot prominensie is aan die "American Education Week" verleen.
- \* Leerkragte het groepsgegewys gaan huisbesoek doen.
- Leerkragte het ouers baie vriendelik by die skool ontvang sodat hulle onmiddellik welkom gevoel het.

Deur gebruik te maak van die vorderingsverslagkaart is die vordering wat die kind getoon het, die probleemareas en dit wat hy bemeester het, aan die ouers uitgewys. Die ouers is ook voorsien van brosjures waarin maniere hoe die kind tuis gehelp kan word, uiteengesit is. Die ouers is nie net oor die kind self ingelig nie, maar daar is ook gemeld hoe die huis en skool kan saamwerk om die kind se leesvermoë uit te bou.

Tydens die toepassing van die program het ongeveer 70% van die ouers van die 70 000 junior primêre skoolleerlinge in die distrik onderskeie skole besoek. Heelwat van die 136 skole wat betrokke was, het 100% bywoning gehad. Oor die algemeen is die hoogste persentasie bywoning by die hoër sosio-ekonomiese groep aangetref.

Granowsky, Middelton en Mumford (1979) se ervaring tydens die program was dat ouers nie net die skool besoek het nie, maar dat hulle meer betrokke by die skool self wou raak. Tydens twee ouer-onderwyserontmoetings per jaar bespreek leerkragte en ouers die kind se behoeftes en prestasies. Na elke ontmoeting kry elke ouer 'n vraelys waarop hy anoniem moet antwoord. Die ouer moet positief of negatief op onder andere die volgende vrae reageer:

- Ek voel dat die ontmoeting my gehelp het om my kind se vermoë en behoeftes te begryp.
- Ek is op die hoogte met die onderrig wat my kind ontvang.
- Ek verstaan hoe die vorderingsverslagkaart werk.
- Ek dink dat die program my kind sal help.
- Opvoeding is slegs die skool se verantwoordelikheid.
- Ek sal graag wil leer hoe om my kind se vordering tuis te toets.
- Die onderrig is nie uitdagend genoeg vir my kind nie.
- Ek voel dat ek weet hoe om die "wenke vir ouers" te gebruik en om my kind te help.
- Ek kry die gevoel dat my kind se leerkrag graag inligting met my wil deel en dat hy/sy my hulp verwelkom.
- Ek voel positief as "vennoot" in die leerprogram.

In reaksie op die vraelys het 90% van die ouers aangedui dat opvoeding nie die uitsluitlike verantwoordelikheid van die skool is nie en dat ouers self 'n rol te speel het; 91% wou leer hoe om hul kinders se vordering tuis te monitor, en 83% het gevoel dat hulle weet hoe om die handleiding oor "wenke vir ouers" te gebruik.

### **2.3 OUERBETROKKENHEID IN ENGELAND EN WALLIS**

Dent (1982:179-180) meld dat daar by baie skole ouer-onderwyserverenigings is. Ouers vergader gereeld om onder andere na opvoedkundige praatjies te luister, gemeenskaplike idees ten opsigte van skoolverwante aangeleenthede met ander ouers te deel of ouers kom slegs byeen om sosiaal met mekaar of met onderwysers te verkeer. O.O.V.'s is ook dikwels behulpsaam met die voorsiening van items wat nie deur die staat voorsien word nie - van 'n swembad tot selfs plantjies vir die skooltuin. Daar word ook dikwels hulp aangebied by skoolfunksies soos by sportbyeenkomste, skoolkonserte of opvoerings.

Sommige skole het ook "opvoedkundige weke" waar skole in bepaalde streke hul

deure vir die ouer-publiek "oopmaak". Kinders se werk word vertoon en baie keer vind aktiwiteite soos gimnastiekvertonings of musiekuitvoerings plaas.

### 2.3.1 DIE PLOWDEN-ONDERSOEK

Volgens Dent (1982) is die "Plowden"-komitee aangestel om die verhouding tussen skool en ouers te ondersoek. Hulle het bevind dat elke vyfde ouer geen geleentheid het om ope dae of aande by skole by te woon nie en dat elke vierde ouer nog nooit 'n uitnodiging ontvang het om skoolkonserte of opvoerings by te woon nie. Verder het navorsing aan die lig gebring dat ouers se verwagtinge en belangstelling die belangrikste faktore by die kind se skoolprestasie is. Die Plowden-komitee het gevolglik die belangrikheid van goeie skakeling of verhouding tussen skool en ouerhuis beklemtoon. Hierdie komitee het die mees aktiewe ouergroepe, te wete die "Confederation of Parent Teacher Association" en die "Advisory Centre" ingespan om 'n "Home and School Council" in 1967 te vorm. Hierdie raad het onder andere 'n handboek vir ouers van gestremde kinders die lig laat sien.

Plowden het skole en plaaslike beheerliggame oorreed om aan nouer skakeling tussen skool en ouerhuis te werk. Geleenthede vir ouers om die skool te besoek, het meer algemeen begin word. Klein ouer-biblioteke om ouers aan te moedig om vir hul kinders voor te lees, is begin. Sommige beheerliggame het selfs begin om ouers as verteenwoordigers op skoolrade aan te stel.

Teen 1976 is die ouer se reg om te weet, asook om 'n bydrae tot sy kind se skoolopvoeding te maak, wyd aanvaar. Die Staatsekretaris het voorgestel dat 'n eenvoudige kontrak tussen huis en skool gesluit word. Dit is opgevolg met 'n omsendbrief aan alle skole waarin die soort inligting wat ouers van skole moet of behoort te ontvang, omlin is.

'n Beduidende getal skole het tans ouer-onderwyserverenigings wat gereeld vergader, en waar gassprekers oor opvoedkundige onderwerpe met hulle gedagtes wissel of waar hulle slegs sosiaal met mekaar verkeer. Ouer-onderwyserverenigings kom meer algemeen in primêre as sekondêre skole voor. Waar skoolhoofde steeds die vrees koester dat ouers in schoolsake sal inmeng, kom minder O.O.V.'s voor.

Die O.O.V.'s is dikwels behulpsaam by skoolaktiwiteite deur die voorsiening van items wat nie deur die staat gebied kan word nie, byvoorbeeld 'n item soos 'n



swembad en selfs plantjies vir die skooltuin. O.O.V.'s verskaf ook dikwels hulp (mannekrag) by skoolfunksies soos sportbyeenkomste, konserte, opvoerings, ope dae, ensovoorts. By 'n ope dag word die skool letterlik "oopgemaak" vir alle ouers. Leerlinge se werk word besigtig en baiekeer word programme soos liggaamlike opvoedingvertonings, dans, musiek en drama aangebied.

Sommige skole het ook "opvoedkundige weke" waar 'n groep skole in 'n bepaalde streek hul deure vir die ouers oopmaak. Kinders se werk word vertoon en baiekeer vind gimnastiekvertonings, dans, musiek en ander kulturele aktiwiteite plaas. Soms word sprekers genooi om oor opvoedkundige onderwerpe te kom praat.

Met betrekking tot lees het navorsing getoon dat lees die hoof faktor by 'n kind se leesvordering is, ongeag die sosio-ekonomiese toestande. Daar is ook bewyse dat selfs sonder leiding, die meeste ouers hul kinders tuis op 'n besondere sinvolle manier met hul lees help. Alhoewel ouers minder krities as leerkrigte ingestel is, dien hulle as 'n waardevolle bron by wie kinders nuwe woorde kan aanleer. Programme is veral in die mindergegoede woonbuurte geloods waar ouers aangemoedig is om na hul kinders te luister wanneer hulle lees. Geen besonderhede is vooraf gegee hoe dit gedoen moes word nie.

### 2.3.2 "PAIRED READING"

Keith Topping (1987:609) vestig die aandag op 'n bepaalde leesprogram genoem "Paired Reading". By hierdie metode van lees word dit aan die kind oorgelaat om die leesmateriaal te kies, ongeag die moeilikheidsgraad. Kinders bemeester gou die vaardigheid om hul eie boeke te kies. Wanneer die leeswerk moeiliker is, word die kind deur die ouer ondersteun. Die ouer lees saam hardop en pas die leesspoed na gelang van die kind se prestasie aan. Die kind moet elke woord korrek uitspreek. Wanneer daar weer na makliker gedeeltes beweeg word, gee die kind vir die ouer een of ander teken sodat die ouer stilbly en hy alleen lees. Die teken kan 'n kopknik, 'n tik of 'n druk op die arm wees. Die kind lees dan totdat hy 'n fout begaan en daar word weer saamgelees. Waar ouers nie kan lees nie, kan familieledede gevra word om te help, terwyl ouers luister. Die minimum tyd wat aan hierdie tegniek bestee word, is vyf minute per dag.

Saamlees bevry baie leerlinge van die woord-vir-woord, staccato tipe lees en stel hulle in staat om meer glad te lees met 'n groter bewustheid van kontekstuele

aanduiders. Dit is bevind dat "Paired Reading" die kind se woordeskat en akkuraatheid verhoog. Omdat die kind sy eie leeswerk kies, is sy keuse op sy eie belangstelling geskoei en word die kans op mislukking verminder.

Studies toon dat kinders wat by hierdie leesprogram betrokke was, drie keer meer vordering in leesakkuraatheid toon en vyf keer meer normale vordering in lees-met-begrip toon. "Paired Reading" is bewys as 'n effektiewe metode van lees by alle ouderdomsgroepe - vanaf kinders in spesiale skole wat stadige leerders is tot kinders met bo-gemiddelde intelligensie of leesvernuf. Navorsing toon dat uit 'n getal van 345 ouers die terugvoering ten opsigte van hul kinders soos volg is:

- 71% het meer akkuraat gelees;
- 72% het meer glad gelees;
- 55% het met meer vertolking gelees;
- 88% het aangedui dat hulle na afloop van die program 'n groter liefde vir lees toon;
- 94% het gevoel dat hul leesvaardigheid verbeter het.

## 2.4 OUERBETROKKENHEID IN WES-DUISSLAND

Ten einde skole meer demokraties te maak, is ouer-onderwyser-verenigings tot stand gebring. Volgens Dekker (1986) het 'n beduidende getal skole 'n "Elternbeirat" (ouervereniging). So bepaal die skoolwet van Beiere (Schulordnung) van 1968 byvoorbeeld dat daar weekliks ouer-onderwyserontmoetings moet plaasvind. Elke klas het 'n "Klassenbeirat" (klasvoorligter). Vir elke distrik is daar 'n "Bezirksbeirat" (distrikskomitee).

Ten einde besoeke van ouers vlot te laat verloop, word die volgende stelsel gebruik:

Op elke klaslokaal is die leerkrag se naam, asook die tye wanneer ouers die leerkrag kan besoek, aangebring. 'n Spesiale ontvangkamer word gebruik waar ouer en onderwyser mekaar ontmoet. Een keer per jaar word 'n dag afgesonder vir groter beweeglikheid tydens die besoek - "Die offene Tür" (Die oop deur). Die kind kan dan self die ouer na vaklokaal neem. Dan is daar ook oueraande (Elternabende) waar die skoolorkes optree en die skoolhoof die ouers toespreek.

In die "Rynland-Pfals" is dit volgens Dekker (1986) die verantwoordelikheid van 'n klasouerkomitee om te sorg dat daar 'n gesonde samewerking tussen klasouers en

onderwysers is. Die voorsitter van so 'n komitee dien slegs vir 'n termyn van twee jaar.

Elke skool het 'n skool-ouerkomitee (Schulternbeirat). Die komitee bestaan uit ten minste drie en hoogstens twintig lede wat vir 'n tydperk van twee jaar verkies word. Die funksies van die komitee is om te sorg vir die aanstelling van leerkragte en om toesig en beheer oor die gebou te hou.

'n Distrikouerkomitee word vir die hele distrik benoem. Die komitee se funksie is om die werk van die skool-ouerkomitee te ondersteun en te koördineer. Sy verdere funksie is om die skoolowerhede insake algemene vraagstukke met betrekking tot onderwys en skoolorganisasie te adviseer. In Koblenz byvoorbeeld bestaan die komitee uit 17 lede wat verteenwoordiging van die verskillende skole insluit.

Die "Land-Ouerkomitee" adviseer die Minister van Onderwys oor beginselvrae wat vir die hervorming van die onderwysstelsel in die land van algemene belang is.

Daar is ook die "Bund-Ouerkomitee" wat in 1952 in die lewe geroep is en wat bestaan uit 18 kleiner organisasies wat sedert 1968 die ouers in die Bondsrepubliek verteenwoordig. So invloedryk is hierdie ouerkomitee dat dit op hoë vlak met 'n beleidmakende liggaam soos die Bondsministerie onderhandelings kan voer.

## **2.5 OUERBETROKKENHEID IN DIE NEDERLANDE**

In die Nederlande is daar organisasies wat verwant is aan publieke, Protestantse en Rooms-Katolieke opvoedingsinstansies wat elkeen op sy eie manier poog om samewerking tussen skool en ouer te bewerkstellig.

Wetgewing bepaal dat elke publieke skool 'n ouerkomitee moet hê. Hierdie ouerkomitee het onder andere die taak om toe te sien dat daar samewerking tussen ouer en skool is. Ten einde dit te bewerkstellig, word oueraande gereël. Hierdie komitee bestaan gewoonlik uit 'n paar ouers, die skoolhoof en 'n leerkrag. Die aantal lede word deur die burgemeester en 'n raadsheer (Aldeman) bepaal. Die agenda vir die ouervergaderings word deur die ouerkomitee in oorleg met die skoolhoof opgestel. By die vergadering moet alle leerkragte teenwoordig wees en die skoolhoof moet alle praktyke wat by die skool plaasvind, verantwoord. Afgesien van oueraande word konsultasietye vir die ouers se gerief bepaal.

In elke distrik waar daar meer as een ouerkomitee is, word ouerrade ingestel. Hierdie rade bestaan uitsluitlik uit lede van die ouerkomitees van 'n distrik. Die burgemeester en raadsbeheer bepaal die grootte van die ouerraad met dien verstande dat daar ten minste vyf en nie meer as twintig lede sal wees nie. Lede word vir drie jaar gekies en elke jaar tree omtrent een derde uit, maar hulle is herkiesbaar. Die voorsitter word deur die gekose ouerraad aangewys. Die ouerraad maak sy eie reëls wat onderworpe is aan goedkeuring deur die burgemeester en raadsbeheer.

Skoolrade is in 1957 in Nederland ingestel met die uitsluitlike doel om die belange van die komitees en ouerrade op 'n gekoördineerde grondslag te behartig. Elke skoolraad bestaan uit ten minste sewe verkose lede, onderwysers of skoolhoofde en ten minste drie distriksbestuurders. Die aantal lede kan van dertien tot een-en-twintig wissel. Die skoolraad se funksie is onder andere om kontak te behou met plaaslike ouerkomitees.

Met betrekking tot Rooms-Katolieke skole word verlang dat ouers in elke klas of groep klasse een verteenwoordiger in die ouerkomitee moet hê. Onderwysers verbonde aan die skool mag nie lede van ouerkomitees wees nie. Die skoolhoof en personeel word na alle vergaderings genooi en het die reg om aan besprekings deel te neem. Die doel van die ouerkomitee is om samewerking tussen skool en ouerhuis te koördineer ten einde die ouer in staat te stel om sy verpligtinge ten opsigte van die skool meer bevredigend na te kom. Die ouerkomitee se taak is adviserend ten opsigte van onder andere tuiswerkopdragte, skoolfunksies, buitemuurse aktiwiteite en skooldrag. Die komitee se taak is ook om ouers se kennis omtrent die opvoeding van hul kinders uit te brei. Hulle moet ook enige klagte onder die skoolhoof of skoolraad se aandag bring en moet toesien dat sake rakende leerkrigte en leerlinge nie by ouerkomiteevergaderings bespreek word nie.

## **2.6 OUERBETROKKENHEID IN SWEDE**

Volgens Boucher (1982:53-55) is standerdvergaderings in alle Sweedse skole verpligtend. Alle leerkrigte wat 'n bepaalde seksie onderrig, moet teenwoordig wees. Ook by vakvergaderings moet alle leerkrigte wat 'n bepaalde vak onderrig, teenwoordig wees.

Wanneer leerlinge bespreek word, kan beide leerling en ouer daarop aanspraak maak om teenwoordig te wees. In die "Upper Secondary School" is dit 'n vereiste dat elke skool 'n advieskomitee bestaande uit die skoolhoof, twee leerkragte deur die personeel aangewys, en twee leerlinge deur die leerlingraad aangewys, moet hê. Hul taak is onder andere om toe te sien dat daar effektief met ouers geskakel word. 'n Raadgewende liggaam, bekend as die "National Home and School Society - Hem och Skole Föreningen", het takke in elke distrik.

## 2.7 OUERBETROKKENHEID IN JAPAN

In Japan is ouers aktief betrokke by die daaglikse skoollewe van hul kinders. Volgens Enloe en Lewin (1987:237) word ouers by wyse van gereelde kennisgewings op die hoogte gehou met skoolverwante aangeleenthede. Die O.O.V. speel 'n groot rol by die publisering van nuusbriewe en die borg van ondersteuningsdienste soos die aanstel van 'n leerlingafwesigheidsbeampte (Truant officer). Ten minste een ouer uit elke gesin is 'n lid van die O.O.V. Ontmoetings met die skoolhoof vind gereeld plaas waar relevante sake soos gemeenskapsaangeleenthede bespreek word, byvoorbeeld "die verniel van speeltoerusting in die speelpark".

'n Verdere voorbeeld van goeie samewerking tussen ouers en skool is die bedryf van naskoolse sorgsentra vir kinders van werkende ouers. Moeders word opgelei en deur die skool besoldig om hierdie diens te verrig en ouers betaal 'n minimale fooi om die koste van etes te dek.

Aan die begin van elke skooljaar het elke leerkrag 'n vergadering met die klasouers om die programme vir die jaar bekend te maak. Ouers en leerkragte ontmoet drie keer per jaar om eksamenuitslae te bespreek. Een keer per jaar ontmoet die leerkrag kleiner groepe ouers en leerlinge om oor algemene dinge soos tuiswerk en dissipline te gesels. Dan is daar 'n maandelikse "one hour observation period" waar ouers die skool bywoon om lesse waar te neem. Aangesien dit vir die vader moeilik is om die skool te besoek, word daar een keer per jaar "vadersdag" gehou waar sportwedstryde, kulturele aktiwiteite en ander uitsonderlike gebeure gedurende naweke plaasvind.

## 2.8 OUERBETROKKENHEID IN WES-INDIË

Volgens Payne (1986:117) is 'n ondersoek in Barbados, Wes-Indië ten opsigte van ouerbetrokkenheid onderneem. Die ondersoek het oor die ouerhuis-skoolverhouding en ook oor die rol van die O.O.V. in die besonder gehandel. 'n Totaal van 150 onderwysers en 150 ouers was by die ondersoek betrokke. Die leerkrigte was afkomstig uit ses primêre skole, wat verteenwoordigend was van landelike en stedelike omgewings, asook van die lae en hoë sosio-ekonomiese gemeenskappe. Om as ouer te kwalifiseer, moes ouers ten minste een kind op primêre skool hê. Met behulp van skoolhoofde is vraelyste versprei en oor 'n periode van een week ingesamel.

### 2.8.1 BEVINDINGE VAN DIE BARBADOS-ONDERSOEK

- Ouers wat nie O.O.V.-vergaderings bywoon nie, is nie ten volle daarop ingestel om 'n bydrae ten opsigte van hul kinders se skoolopvoeding te maak nie.
- Leerlinge wie se ouers gereeld O.O.V.-vergaderings bywoon, is geneig om groter belangstelling in hul werk te toon.
- Die meeste ouers en leerkrigte het saamgestem dat ouer en leerkrig nie net moet ontmoet wanneer daar probleme is nie.
- Beide ouers en leerkrigte was ten gunste van "ope-dae".
- Beide het voorkeur gegee aan minder formele kommunikasie.
- Dit is belangrik dat ouers hul kinders se onderwysers ken.
- Ouers behoort die vrymoedigheid te hê om 'n onderwyser tuis te besoek indien daar ernstige probleme is.
- Ouers behoort groter seggenskap te hê oor dit wat hul kinders leer.
- Ouers behoort 'n bydrae te kan maak met betrekking tot buitemuurse bedrywighede van die skool.

### 2.8.2 AANBEVELINGS VOORTSPRUITEND UIT DIE BARBADOS-ONDERSOEK

Die O.O.V. kan op opvoedkundige, sowel as kulturele vlak, 'n bydrae maak. Terreine wat afgebaken is, is:

- Praatjies oor die rol van die ouer ten opsigte van die skool, tienerseks,

- dwelmafhanlikheid, ensovoorts.
- Besprekings oor leerlinge se vordering.
  - Hantering van 'n aspek soos kindermishandeling of kindermolestering.
  - Aanbieding en reël van eerstehulpklasse.
  - Klasse vir ouers ten opsigte van koekversiering, blommerangskikkings, naaldwerk, hekelwerk, ensovoorts.
  - Kulturele aktiwiteite soos organisering van musiek, uitvoerings, baldanse, fiksheidsklasse, fotografie, ensovoorts
  - Fondsinsamelingsprojekte soos etes, konserte, kitsverkope (Jumble Sales), ensovoorts.

## 2.9 OUERBETROKKENHEID IN ETIOPIË

Volgens Fafunwa en Aisiku (1982:87-90) dra plaaslike gemeenskappe in Etiopië gedeeltelik by ten opsigte van skoolfonds, arbeid en materiaal ten einde die skool in stand te hou. In sommige streke word soveel as 15% van die uitgawes vir opvoeding deur plaaslike gemeenskappe gedra. Bouprojekte, veral in primêre skole, word met groot geesdrif aangepak en deurgevoer. Sodanige projekte word aangemoedig wanneer die bedrag wat deur die gemeenskap ingesamel word, deur die staat geëwenaar word.

## 2.10 OUERBETROKKENHEID IN ZAMBIË

Mwanakatwe (1971) meld dat wetgewing in Zambië sedert 1967 voorsiening maak vir ouerbetrokkenheid. Ouers word aangemoedig om groter belang by hul kinders se skoolopvoeding te hê. Die funksie van die O.O.V. word soos volg uitgespel: " to ensure, through regular contact between parents and teachers, the welfare and best possible education of pupils as full individual personalities and thus cater the better for their individual needs" (Mwanakatwe, 1971:128). Ouers word bygestaan deur professionele advieskomitees soos die primêre opvoedkundige komitee en die onderwyser-opleidingskomitee. In hierdie komitees dien verteenwoordigers van vrywillige instansies en onderwysorganisasies in samewerking met die ministerie van Onderwys.

By skole waar die skoolhoof pogings aanwend om die skool se aktiwiteite gemeenskapsgerig te maak, het 'n algemene gevoel ontstaan dat die skool 'n

bepaalde doel nastreef. Dit is bewys dat 'n skool nie suksesvol in isolasie kan funksioneer nie. Dit het ook na vore gekom dat ouers 'n geweldige invloed op leerlinge kan uitoefen en dat dissiplinêre maatreëls wat in hul belang getref word deur die ouers gesteun word. 'n Voorbeeld wat aangehaal kan word, is die Nehalenge Sekondêre Skool in die provinsie van Luapula waar 'n leidende Zambiese sakeman 'n lid van die ouer-onderwyservereniging is. Hierdie sakeman sien toe dat geen leerling van dié betrokke koshuis by sy kroeg toegelaat word nie. O.O.V.'s het ook sukses behaal deur goeie gedrag van leerlinge te beloon.

## 2.11 OUERBETROKKENHEID IN SUID AFRIKA

In 'n ondersoek oor onderwysvoorsiening in Suid Afrika, het die De Lange-kommissie in 1981 'n verslag uitgebring waarin onder andere die rol van die ouers ten opsigte van die onderwys aangespreek is (De Lange, 1981).

Die aanbevelings van die tussentydse onderwystaakgroep na aanleiding van die verslag van die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die Onderwys en kommentaar daarop deur die publiek (1982:12-15) bepaal onder meer dat die ouer meer betrokke by die onderwys gemaak moet word. Trouens, dit beveel aan dat die funksie van die ouer-verteenwoordigende liggaam van 'n skool onder meer die volgende moet behels: "... hulle moet die behoeftes en begeertes van die ouers en die plaaslike gemeenskap op die onderwysterrein interpreteer en op die hart dra". Hulle moet ook "die hoof en onderwysers steun in hul professionele taak, hulle professionele status in die klaskamer respekteer en die ouers aanmoedig om hulself as vennote in die opvoedende onderwys te beskou". Die volgende aanbevelings word gemaak: "Die onderstaande beginsels moet geld met betrekking tot die funksies van 'n ouer-verteenwoordigende liggaam van 'n skool wat betref die aanstelling van onderwysers:

- 'n Ouer-verteenwoordigende liggaam moet oor aanbevelingsreg by die betrokke tweedevlakonderwysdepartement beskik wat betref die permanente aanstelling van onderwysers.
- Aanbevelings deur 'n ouer-verteenwoordigende liggaam behoort gedoen te word nadat inligting van die betrokke tweedevlakonderwysdepartement ontvang is oor die professionele evaluasie van die aansoekers vir aanstelling in 'n promosiepos.
- Aanbevelings deur 'n ouer-verteenwoordigende liggaam behoort regstreeks aan die betrokke tweedevlakonderwysdepartement wat die aanstelling doen,



voorgelê te word."

Met betrekking tot die skool in die breë moet 'n ouer-verteenwoordigende liggaam die volgende funksies vervul, naamlik om:

- die behoeftes en begeertes van die ouers en plaaslike gemeenskap op die onderwysterrein te interpreteer;
- die hoof en onderwysers te steun in hul professionele taak, hul professionele status in die klaskamer te respekteer en ouers aan te moedig om hulself as vennote in die opvoedingstaak te beskou.

Met die oog op koördinering word daar aanbeveel dat skole in plaaslike skoordistrikte "gegroepeer" word. Daar moet vir elke skoordistrik 'n raad saamgestel word, gekies uit verteenwoordigers van ouer-verteenwoordigende liggame.

Met betrekking tot die inspraak deur ouers word dit aanbeveel dat "... ouerinspraak moet gestruktureer wees en ouerbetrokkenheid moet nie die onderwyser se taak belemmer nie. Derhalwe moet 'n duidelike afbakening van terrein, magte en pligte van die ouer en onderwyser gemaak, duidelik omskryf en in wetgewing vasgelê word".

Die samevatting van die voorwaardes wat gestel is vir die aanvaarding van die aanbevelings in die R.G.N.-verslag, lui voorts: "... die ouers behoort seggenskap te hê in die bepaling van die godsdienstige en kulturele waardes en die karakter van die skool en sy personeel wat die medium van onderrig en die toelating van leerlinge insluit" (1982:13). Die kommentaar van die onderwystaakgroep na aanleiding van die R.G.N.-verslag (1982:13) maak ook 'n aanbeveling ten opsigte van die wyse waarop ouer-verteenwoordigende liggame saamgestel kan word.

Die verslag het ook die wyse waarop ouer-verteenwoordigende liggame saamgestel kan word, aanbeveel. Die liggaam hoef nie tot die ouers van die skoolgaande kinders beperk te wees nie - by die verkiesing moet twee derdes van die lede ouers van skoolleerlinge wees.

### 2.11.1 OUERBETROKKENHEID IN BLANKE ONDERWYS

Na aanleiding van die De Lange-verslag in 1981, is die Afrikaneronderwyskongres in 1982 in Bloemfontein gehou. Hier is onder meer besluit om "... by die regering aan te beveel dat die ouers van 'n skool verantwoordelik moet wees vir die bepaling van die gees en rigting daarvan" (Postma, 1985:837).

Die stigting van die Christelike Afrikaanse Ouervereniging vir Blankes in 1982 was die uitvloeisel van die kongres in Bloemfontein. Besluite wat by hierdie kongres ingedien is, het die volgende infrastruktuur en werkwyse.

#### 2.11.1.1 Plaaslike Ouerrade

Die plaaslike ouerraad het ten doel

- om die ouers toe te rus om 'n Christelike Onderwys te kies en om die skool in hierdie opsig te evalueer;
- om die gees en rigting van die skool te help bepaal en toe te sien dat dit positief uitgeleef word;
- die reël van geldelike verpligtinge van die ouer ten opsigte van die onderwys van sy kind;
- om toe te sien dat die ouer voorligting kry met betrekking tot onderwysaangeleenthede;
- om voortgesette onderwyskursusse vir ouers te organiseer.
- om die skoolhoof behulpsaam te wees met die indiening en uitvoering van take, soos byvoorbeeld fondsinsameling, terreinverfraaiing, verskaffing en instandhouding van fisiese geriewe, sportafrigting, vervoer van leerlinge, hulp by feesvierings, kampe, toere en ander kulturele aktiwiteite, reël van saamtrekke en so meer.

#### 2.11.1.2 Gebiedsouerrade

Vir elke skoolraaddistrik kan 'n gebiedsouerraad gekies word wat alle gemeenskaplike verbondsouerlike onderwys en opvoedingsaangeleenthede hanteer, byvoorbeeld onderhandelinge met die gebiedsinspekteur van Onderwys en die betrokke onderwysverenigings.

### **2.11.1.3 Streeksouerrade**

Elke provinsie of streek kan oor 'n streeksouerraad beskik wat alle verbondsouerlike onderwys en opvoedingsaangeleenthede op hierdie vlak hanteer. Die streeks-ouerraad kan byvoorbeeld oor die implementering van die onderwysbeleid met die Direkteur van onderwys en onderwysverenigings onderhandel.

### **2.11.1.4 'n Nasionale Ouerraad**

Die Afrikaner-onderwyskongres het eenparig en met entoesiasme in beginsel besluit dat pogings aangewend moet word vir die instelling van 'n nasionale ouerraad.

Ten einde bogenoemde voorstelle in werking te stel, is oorgegaan tot die stigting van 'n Nasionale Ouerraad bestaande uit 7 verteenwoordigers uit Transvaal (wat reeds op 13 Februarie 1982 verkies is), 5 verteenwoordigers uit die Kaapprovinsie, 4 verteenwoordigers uit die Oranje-Vrystaat, 2 uit Natal en 2 uit Suidwes-Afrika (Namibië).

## **2.11.2 OUERBETROKKENHEID IN SWART ONDERWYS**

Swart Onderwys in Suid-Afrika word beheer deur 'n minister wat op sy beurt beheerliggame het ten einde die onderwys te koördineer. Die ministerie maak voorsiening vir die totstandkoming van plaaslike ouerrade, ouerkomitees en ander ouerliggame wat in adviserende hoedanighede die minister kan bystaan.

## **2.11.3 OUERBETROKKENHEID IN INDIËRONDERWYS**

Ten einde Indiërouers in staat te stel om by hul kinders se skoolopvoeding betrokke te raak, is regulasies deur die Departement van Indiërsake afgekondig vir die totstandkoming van skakelkomitees by skole. Hierdie komitees dien as skakel tussen huis en skool en verseker die ouers dat daar altyd in die belang van die kinders by skole opgetree word.

### 2.11.4 OUERBETROKKENHEID IN BRUIN ONDERWYS

Volgens die Wet op Onderwys vir Kleurlinge (1963) word die reg van ouers om seggenskap in hul kinders se skoolopvoeding te hê, tans deur skoolkomitees en streeksrade uitgeoefen.

In die Handleiding vir Skoolhoofde (1986:13) word die posisie van die ouers ten opsigte van die skool in enkele wenke vervat:

- "Ouers moet met behulp van omsendbriewe en verslae op die hoogte gehou word in verband met skoolsake en belangrike datums en, waar moontlik, betrek word by aktiwiteite.
- Afsprake deur ouers om hul kinders se vordering of probleme te bespreek, behoort aangemoedig te word.
- Ouers behoort vroegtydig in kennis gestel te word van herhaalde pligsversuim, gebrek aan vordering of die gedragsprobleme van hul kind.
- Oueraande waar ouers, onder andere, insae kan kry in hul kinders se werk, kan 'n belangrike doel dien".

(Handleiding vir Skoolhoofde, 1986:13)

## 2.12 VERDERE BYDRAES TEN OPSIGTE VAN OUERBETROKKENHEID

### 2.12.1 KLIMAATSKEPPING DEUR DIE SKOOLHOOF

Ten einde suksesvol met ouers te kan saamwerk, is dit belangrik dat die opvoedkundige en terapeutiese klimaat sodanig moet wees dat enige program wat vir ouers, onderwysers en kinders geïnisieer word, ontvanklik sal wees. Du Preez en Malan (1989) sê dat "die skoolhoof ... se vermoë om onderlinge samewerking, waardering, vertroue, empatie en positiewe invloede te fasiliteer, is sonder twyfel 'n deurslaggewende faktor in klimaatskepping. Die skoolhoof se handeling is bepalend vir die selfbeeld van die onderwysers en die leerlinge" (1989:10-11).

Van Schalkwyk (1990) sê "... 'n gunstige skoolklimaat met 'n uitnodigende karakter word onder meer gekenmerk deur:

- 'n Vriendelike, hartlike, warm en gemoedlike verhouding tussen ouers, onderwysers en leerlinge.
- Onderwysers wat as't ware uit hulle pad gaan om ouers welkom en tuis te laat voel.
- 'n Hartlike gees van samewerking tussen onderwysers en ouers.
- 'n Oopdeurbeleid wat die skool vir die ouers toeganklik maak.

- Betrokkenheid en vennootskap sonder dat die een die ander se taak wil oorneem.
- 'n Demokratiese bestuurstyl van die skoolbestuurspan.
- 'n Houding van menslikheid en nederigheid by onderwysers deurdat hulle posisie, status, outonomie en professionaliteit nie van hulle meerderwaardige, betersweterige en hoogmoedige mense maak nie.
- 'n Soepelheid van optrede omdat onderwysers nie die letter van die wet nie, maar die gees daarvan verstaan en toepas.
- 'n Onselfsugtige toepassing van ouerbetrokkenheid.
- Eerlike pogings om ouers so ver moontlik te betrek en in te skakel.

(1990:121)

### 2.12.2 DIE ROL VAN DIE ONDERWYSER

Ten einde struikelblokke tussen ouer en onderwyser te verwyder, is dit nodig dat 'n bepaalde werkwyse gevolg word. 'n Voorvereiste vir suksesvolle samewerking is dat leerkrigte gereed moet wees om met die ouers in gesprek te tree. Mostert (1979:9) gaan akkoord met Kindred (1958:132) dat die volgende vrae relevant is :

- Put die leerkrigte genot uit hul werk?
- Het leerkrigte die kundigheid ten opsigte van skakeling met die publiek?
- Is daar genoeg samehorigheid tussen personeellede om die skool se beeld positief uit te dra?
- Het die personeel 'n eerlike en opregte belangstelling in die welsyn van hul leerlinge?

### 2.12.3 DIE ROL VAN DIE OUERS

Barnard (1981) meld dat die ouer ook 'n bydrae te lewer het ten opsigte van beter skool-ouerkommunikasie. Die ouer kan dit doen deur:

- "simpatieke begrip te toon vir die veeleisende en uitputtende taak van die onderwyser;
- belangstelling te toon in die kind se skolastiese vordering en buitemuurse aktiwiteite;
- die nodige kontrole tuis namens die skool uit te oefen ten einde die kind te help om 'n gesonde werkwyse en werkgesindheid te kweek;
- 'n positiewe ingesteldheid teenoor die skool en geleerdheid in die algemeen

en die kind in die besonder te motiveer om sy moontlikhede optimaal te benut en te verwesenlik" (1981:128).

### **2.12.3.1 BETER SKAKELINGSTRATEGIE MET DIE OUERKORPS**

Alvorens sinvolle ouerbetrokkenheid kan plaasvind, is daar sekere dinge wat die ouer van die skool sal wil weet. Kindred, Bagin en Gallagher (1984) dui aan dat 'n ondersoek gedoen deur Farley, so vroeg as 1929 waar 5600 mense (ouers) in dertien stede bestudeer is, aan die lig gebring het dat ouers oorwegend besorgd is oor kinders se vordering, prestasie, metodes van onderrig en kursus- of vakkeuses.

Ten einde nouer skakeling met die ouerpubliek te bewerkstellig, doen Kindred, Bagin en Gallagher (1984) die volgende aan die hand:

- Moeders kan versoek word om teenwoordig te wees wanneer mediese ondersoeke by die skool plaasvind.
- Ouers van voorskoolse kinders kan op tee of koffie getrakteer word.
- Aandklasse kan gereël word sodat ouers ook by hierdie klasse teenwoordig kan wees.
- 'n Telefoondiens kan ingestel word sodat ouers of lede van die publiek saans die skool op 'n gegewe tyd kan skakel ten einde inligting te bekom.
- Ouers kan genooi word om te kom kyk hoe hul kinders in klaskamersituasies optree.
- Ouerontmoetings kan in die skoolbiblioteek gereël word waar ouers ingelig kan word oor die keuse van boeke en ander lektuur wanneer hulle leesstof vir hul kinders wil aankoop.
- Ouers kan gevra word om behulpsaam te wees by verjaardagpartytjies byvoorbeeld klaspartytjies.

### **2.12.3.2 KLASOUERKOMITEES**

Volgens Dekker (1989) kan meer gedoen word om ouers "vir sowel die ouerrol as samewerking met die skool en ander onderwysinstansies gereed te maak". Hiermee word egter geen halfwas poging bedoel nie, maar ouerskoling in die ware sin van die woord sodat ouers geen onduidelikhede het oor die rol, doel en taak, sowel as die grense en moontlikhede van hulle samewerkingsaktiwiteite ten opsigte van die onderwys van hulle kinders nie" (1989:27).

Dekker (1989) meld voorts: "... ondersoek in Wes-Duitsland het voldoende bewys gelewer dat moontlikhede vir samewerking tussen huis en skool eers deur ouersamewerking op georganiseerde klasvlak verwerklik moet word voordat dit op skoolvlak gerealiseer sal kan word" (1989:5).

Ten einde ouers op georganiseerde vlak ingespan te kry, doen Dekker (1989:28) aan die hand dat klasouerkomitees ingestel word. Gedurende die eerste jaar kan met st. 6-groepe begin word en die daaropvolgende jaar kan dit na die st. 7-seksie uitgebrei word. Die volgende kan aandag geniet by klasouerontmoetings:

- Goeie gewoontes
- Goeie studiegesindhede
- Die tienerkind en sy behoeftes
- Selfbeeld en selfaanvaarding
- Gesinsverhoudings en kommunikasie
- Die voorbereiding van die ouer vir sy vennootskapsrol.

### **2.12.3.3 DIE OUERS EN BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE**

Onderwysers, wat reeds 'n besige akademiese program het, kan bygestaan word deur ouers wat bereid sou wees om met buitemuurse programme te help. By 'n skool in Johannesburg "... het ouers die volle verantwoordelikheid aanvaar om kinders met tennis af te rig, het ouers gehelp met die afrigting van rugby, netbal en volkspele en het moeders twee keer per week in die biblioteek kom help" (Scholtz, 1989:10).

### **2.12.4 DIE SKEP VAN 'N STRUKTUUR VIR OUERBETROKKENHEID**

Franzsen (1984) propageer die feit dat skoolhoofde meer moet doen om ouerbelangstelling te prikkel. Die totstandkoming van 'n ouer-onderwyservereniging is noodsaaklik om hierdie doel te verwesenlik. Franzsen (1984) meld verder dat dit in die V.S.A. bewys is dat "... one of the interesting developments in contemporary American Education is the increasingly close relationship between the school and the rest of the community. So far as the teacher is concerned, this means both that he can use all of the resources in the community and that he is expected to be an active member of his community"

(1984:73).

Vir die totstandkoming van 'n ouer-onderwyservereniging op plaaslike vlak is dit volgens Franzsen (1984) belangrik dat die O.O.V.-bestuur 'n samestelling moet hê wat verteenwoordigend van die totale skoolspektrum is. Wanneer die bestuur saamgestel word, moet "... 'n prominente plek aan die skoolhoof gegee word omdat hy die professionele onderwysleier in die gemeenskap is. Daarbenewens moet die onderwyspersoneel ook verteenwoordig word. 'n Belangrike verteenwoordiger in die bestuur is diegene wat die skoolkomitee verteenwoordig. Vervolgens moet beide geslagte (dit wil sê mans en dames) uit die skool se ouergemeenskap in die bestuur deur middel van 'n verkiesing opgeneem word. (Indien die skoolbevolking uit twee taalgroepe saamgestel sou wees, moet daar voorsiening gemaak word vir proporsionele verteenwoordiging)" (1984:73).

Buckle (1988) identifiseer enkele vorme van formele skriftelike skakeling van die skool met die ouerhuis:

- 'n Prospektus word, sodra alle skoolaktiwiteite beplan is, aan die ouers gestuur. Die buiteblad, papier en tik- of drukwerk moet van 'n hoë gehalte wees, die inhoud moet aantreklik wees en die inhoud moenie te veel wees nie. Buckle (1988) meld voorts dat die prospektus 'n bekendstelling van die skool moet bevat waarin 'n kort oorsig oor die ontstaan gegee word, asook algemene inligting soos skoolure, skooldrag en skoolfonds. Ander aspekte wat hierin kan verskyn, is "... ko-kurrikulêre bedrywighede, skakeling met die skool, skoolbesoeke deur ouers, skoolbywoning, afwesigheid, beleid ten opsigte van handboeke en skryfboeke, en skoolreëls (1988:69).
- Vorderingsverslae word aan ouers gestuur wanneer die formele skoolrapport nie uitgestuur word nie, byvoorbeeld aan die einde van die eerste kwartaal. So kan dit ook na toetsreekse op deurlopende wyse aan die ouers gestuur word.
- Skoolrapporte.
- Nuusbriewe.



### **2.12.5 DIE SKOOL SE VERWAGTING VAN DIE OUER**

Volgens Van Schalkwyk (1983) verwag die skool dat "... die ouer in belang van sy kind betrokke sal raak, want kinders wat weet hulle ouers stel belang in hulle onderwys, ondervind meestal sekuriteit en effektiewe stabiliteit" (1983:34). Verder verwag die skool van die ouer dat leerlinge se gesindheid of ingesteldheid, ten opsigte van die skool en sy werk, positief moet wees. Die kind moet aangemoedig word om voortdurend in sy skoolwerk belang te stel.

### **2.12.6 GEMEENSKAPSKOLE AS MIDDEL TOT GROTER OUERBETROKKENHEID**

Shoop (1985:47) voer aan dat dit die skoolhoof se verantwoordelikheid is om onderwysers te motiveer om 'n positiewe houding teenoor die gemeenskap aan te kweek. Aangesien die bydrae van die gemeenskap belangrik is vir die toekoms van die onderwys, verdien hierdie veld dringende aandag.

In gemeenskappe kom die skool tot stilstand wanneer die skoolklok lui. Deure word gesluit en die skoolbedrywighede word beeëndig. Die lewe gaan egter voort in die gemeenskap en die kind wat in die klaskamer is om te leer, word nou in 'n ander "klaskamer" ingelyf. Die skool bly dan oop na die sluiting vir die kinders en geleenthede waar volwassenes betrek kan word, kan benut word.

### **2.12.7 OUERBETROKKENHEID OP MIKRO-, MESO- EN MAKROVLAK**

Van Schalkwyk (1990) meld dat 'n onderwysstelsel op minstens drie vlakke, naamlik die nasionale vlak, streekvlak en plaaslike vlak kan funksioneer. Hy sê verder: "die ouergemeenskap moet homself met die oog op 'n geordende en gestruktureerde betrokkenheid by die onderwys op so 'n wyse organiseer dat dit op dieselfde bestuursvlakke as die onderwysstelsel kan funksioneer ten einde by die onderwysstrukture te kan inval en aan die onderwys te kan meewerk" (1990:81).

## 2.13 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande literatuur blyk dit dat wanneer ouerbetrokkenheid 'n essensiële komponent van die leerling se skoolopvoeding is, akademiese prestasie verbeter. Navorsing in die V.S.A., met verwysing na suksesse behaal in onder andere Chicago, New York, Mableton, Washington D.C., Philadelphia, Illinois, maar ook in Engeland en Wallis, Wes-Duitsland en ander Europese lande, toon dat die betrokkenheid van ouers by skole van die D.O.K. (R.V.) nie agterweë gelaat kan word nie. In hoofstuk drie sal empiries bepaal word in watter mate ouers betrokke is by druipeiling- en nie-druipeilingleerlinge.

## HOOFSTUK 3

### EMPIRIESE ONDERSOEK, BEVINDINGE EN BESPREKING VAN BEVINDINGE

#### 3.1 INLEIDING

Om die probleem van druipling in skole van die D.O.K.(R.V.) te ondersoek, word die empiriese ondersoek in hierdie hoofstuk bespreek om te bepaal in watter mate ouers by hul kinders se skoolopvoeding betrokke is.

Toestemming is van die Direkteur van Onderwys (R.V.) verkry om insae in skole se lêers te kry. Inligting is ook vanaf die Onderwysburo (R.V.) verkry.

#### 3.2 ONDERSOEKGROEP

Die ondersoekgroep is uit een van dertien skoolstreke van die D.O.K.(R.V.) geneem. Ten tye van die ondersoek was daar 'n totale leerlingtal van 71 125 in hierdie skoolstreek. Leerlinge is vanuit die hele skoolspektrum, dit wil sê, uit elke klasgroep of standerd vanaf sub-standerd A tot standerd 10, geneem.

Binne dié betrokke skoolstreek van die D.O.K.(R.V.) is alle skole met 'n inskrywing van meers as 700 leerlinge in die ondersoekgroep ingesluit. Hierdie sewe primêre en vier sekondêre skole wat in hierdie kategorie (700+) val, verteenwoordig ouergemeenskappe uit die lae, middel en hoë inkomstegroepe en is geleë in semi-stedelike en landelike omgewings.

#### 3.3 STEEKPROEFNEMING

Leerlinge is ewekansig getrek en ten opsigte van ouderdom en geslag afgepaar. Uit die ingeskrewe leerlinge vanaf sub st. A tot st. 8 is in 1987 14% van die druiplingleerlinge as eksperimentele groep geneem. Tabel 3.4 gee 'n uiteensetting van die getal leerlinge wat by die elf skole in die steekproef opgeneem is.

**TABEL 3.4: STEEKPROEF**

<b>KLAS-GROEPE</b>	<b>AANTAL DRUIPELING-LEERLINGE</b>	<b>STEEKPROEF DRUIPELING-LEERLINGE</b>
Sub. A	220	30
Sub. B	207	28
St. 1	136	19
St. 2	107	14
St. 3	99	13
St. 4	132	18
St. 5	143	20
St. 6	84	11
St. 7	175	24
St. 8	92	12
<b>TOTAAL</b>	<b>1 395</b>	<b>189</b>

Druipelingleerlinge is slegs tot by st. 8 getrek om voorsiening te maak vir die kontrolegroep (nie-druipeling) om, wat ouderdom betref, tot by die st. 10-inskrywings van 1989 getrek te kon word. Die kontrolegroep (189 nie-druipeling) is na aanleiding van ooreenstemmende ouderdom en geslag by die elf skole getrek.

By die bepaling van die steekproef kon intelligensie nie as maatstaf gebruik word nie, omdat:

- skoolgereedheidsinligting van verskeie primêre skole nie beskikbaar was nie;
- intelligensiesyfers slegs vanaf St. 4 beskikbaar was.

Die steekproef is uit die leerlinge in hierdie skoolstreek geneem om die betrokke gesinne waaruit hierdie kinders sou kom te identifiseer. Respondente waarna voortaan verwys sal word, sal die ouers van hierdie leerlinge wees.

### 3.4 VRAELYSTE

Uit eie ervaring uit die bestudering van vraelyste en vanuit inligting uit die literatuur, is 'n vraelys saamgestel om direkte en indirekte ouerbetrokkenheid by kinders se skoolopvoeding vas te stel. (Sien Bylae A vir vraelys).

Die vraelys het 49 vrae ingesluit. Alle vrae het nie noodwendig inligting verstrek waarvan betekenisvolle afleidings gemaak kan word nie.

Die eerste 18 vrae is vrae ten opsigte van biografiese besonderhede asook identifiseringsvrae. Inligting wat hiermee ingesamel is, werp lig op die kind se tuisopvoedingsmilieu wat uiteraard belangrik is vir sinvolle ouerbetrokkenheid. Inligting wat later volg, is egter meer toegespits op die ander 31 vrae wat direk met ouerbetrokkenheid verband hou. Dié 31 vrae het die blootlê van inligting rondom ouerbetrokkenheid by hulle kinders se onderwys, ten doel gehad.

### 3.5 LOODSONDERSOEK

Aangesien die sukses van die data-insameling kon afhang van die wyse waarvolgens met ouers in gesprek getree is, is 'n standaard inleidende gesprek gestruktureer om as leidraad vir die veldwerkers te dien om 'n standaard wyse van onderhoudvoering te verseker.

Agt veldwerkers is op grond van belangstelling en ervaring gewerf om die veldwerk te doen. Die veldwerkgroep het 'n oudskoolhoof, skoolhoof, onderwysers en studente in Sielkunde en Maatskaplike werk ingesluit. Die veldwerkers is volledig ingelig omtrent die metode van ondersoek wat gebruik sou word.

Tydens die loodsondersoek is vraelyste aan veldwerkers gegee om by ouers van druipeiling- sowel as nie-druipeilingleerlinge af te neem. Die vrae is mondeling aan die ouers gestel om ook ongeletterde ouers te akkommodeer. Gedurende die onderhoud moes noukeurig aangeteken word hoe lank die vraelys geneem het om te voltooi, die verstaanbaarheid van die vrae, asook die moontlike leemtes in die vraelys. Spontane vrae van die ouers moes ook aangeteken word.

Nadat die loodsondersoek gedoen is, is aandag gegee aan vrae waarvan die taal nie binne die begripsvermoë van sommige ouers geval het nie, vrae wat verkeerd begryp

is en vrae wat meer respons ontlok het as wat oorspronklik verwag is. Daar is ook aandag gegee aan vrae wat op die oog af nie direk op die studie-onderwerp betrekking gehad het nie. Die woordkeuse van sommige vrae is aangepas en byvoegings is aangebring.

### **3.6 FINALE ONDERSOEK**

Tydens die finale ondersoek is respondente se respons op die vraelyste aangeteken. Dit het tussen dertig en vyf-en-veertig minute geneem om 'n vraelys af te neem. Veldwerk is bemoeilik deurdat dit gevaarlik was om saans in sommige woonbuurte (wanneer ouers tuis sou wees) te beweeg.

### **3.7 NAVORSINGSINLIGTING EN VERWERKING VAN DATA**

Die steekproef het bestaan uit 189 druipeleerlinge sowel as hul ouers, wat afgepaar was met 189 nie-druipelige se ouers. Uiteindelik kon net 154 respondente se inligting gebruik word. Hiervan was 52,6% (81 leerlinge) in die druipeleerlingegroep en 47,4% (73) in die nie-druipelingegroep.

In navorsing in 1980 in Maryland in die V.S.A. oor die onderwyser se rol ten opsigte van ouerbetrokkenheid, is onderwysers by meer as 600 skole gebruik. In die gebiede waar samewerking nie gereedelik gegee is nie, is die terugvoering ten opsigte van vraelyste op 35% bereken.

Die 154 response uit die 378 moontlike response van hiërdie navorsing verteenwoordig 'n persentasie van 40,7%. Gesien in die lig van byvoorbeeld die Maryland-navorsing, dui die 40,7% response op betekenisvolle terugvoering, aangesien die volgende remmende faktore by hierdie ondersoek voorgekom het:

- sommige ouers het geweier om inligting te verstrek;
- sommige ouers kon nie opgespoor word by die beskikbare adresse wat deur die skole verskaf is nie;
- sommige leerlinge het, nadat die steekproef getrek is, die skool verlaat; en
- sommige ouers was na drie besoeke nog nie beskikbaar om inligting te verstrek nie.

In onderstaande tabelle word elke keer 'n kruistabulasie tussen twee veranderlikes uit die vraelys voorgestel. Hieruit kan bepaal word of die veranderlikes òf afhanklik òf onafhanklik is, met ander woorde, of daar 'n verband tussen druipeleerlinge of nie-druipeleerlinge en spesifieke veranderlikes bestaan.

In die algemeen word die volgende ontledingsprosedure gevolg. Gestel twee veranderlikes word as A en B aangedui. Die nul- en alternatiewe hipotese wat ter sake is, is die volgende:

- Nulhipotese - ( $H_0$ ) : veranderlikes A en B is onafhanklik.  
Alternatiewe hipotese - ( $H_1$ ) : veranderlikes A en B is nie onafhanklik nie, maar daar bestaan wel 'n verwantskap tussen A en B.

Die tradisionele  $X^2$  (chi-kwadraat) tegniek word gebruik om te bepaal of daar 'n beduidende verskil tussen die verwagte frekwensie A gebaseer op die nulhipotese, en die waargenome frekwensie B bestaan.

Die oorskrydingswaarskynlikheid word as "p" aangedui. Indien die p-waarde groter of gelyk aan die berekende  $X^2$ -waarde is, kan die  $H_0$  op 'n  $\alpha$  (alfa) 1%-, 5%- of 10%-betekenispeil aanvaar word. Indien hierdie p-waarde egter kleiner as 'n gekose waarde  $\alpha$  is ( $\alpha = 0,01; 0,05; 0,10$ ), word  $H_0$  by 'n  $\alpha$  100% betekenispeil verwerp.

### **3.8 NAVORSINGSINLIGTING EN BESPREKING**

#### **3.8.1 GESLAG VAN LEERLINGE**

##### **3.8.1.1 Bevindinge**

Die 154 respondente wie se inligting verwerk is, word nou in onderstaande tabelle weergegee. In alle tabelle word daar 'n vergelyking getref tussen druipeleerlinge en nie-druipeleerlinge. Tabel 3.5 dui die onderverdeling ten opsigte van druipeleerlinge en nie-druipeleerlinge en geslag aan.

**TABEL 3.5: GESLAG VAN LEERLINGE**

GESLAG	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Seuns	46 (56,8%)	44 (60,3%)	90 (58,4%)
Dogters	35 (43,2%)	29 (39,7%)	64 (41,6%)
TOTAAL	81 (100%)	73 (100%)	154 (100%)

$$X^2 = 0,192$$

$$p = 0,6614$$

Soos in bovermelde tabel aangedui, het die steekproef 90 seuns en 64 dogters ingesluit waarvan onderskeidelik 60,3% seuns en 39,7% dogters uit die nie-druipelings-groep is en 56,8% seuns en 43,2% dogters uit die druipelelinggroep is.

### 3.8.1.2 Bespreking

Wanneer die steekproef se skoolastiese prestasie in die onderskeie subgroepe van seuns en dogters in druipelelinge en nie-druipelelinge verdeel word en die druipelelinge met die nie-druipelelinge vergelyk word, blyk dit dat daar geen betekenisvolle verband tussen prestasie en geslag is nie. Uit die totale groep van 58,4% seuns, val 'n groter persentasie seuns binne die nie-druipelelinggroep terwyl uit die totale groep van dogters (41,6%) 'n groter persentasie binne die druipelelinggroep val.

## 3.8.2 AANTAL KEER GEDRUIP

### 3.8.2.1 Bevindinge

Die druipelelinggroep het bestaan uit 80 leerlinge wat onderskeidelik een, twee of drie keer gedruip het. Tabel 3.6 dui 'n verdere onderverdeling aan. Een druipelelingresponent uit die verwagte 81 was onseker oor sy kind se druipelelingsgeskiedenis. Die grootste persentasie druipelelinge leerlinge (77,8%) is eerste druipelelinge. Slegs 22,5% druipelelinge herhaal vir 'n tweede of derde keer.



**TABEL 3.6: AANTAL KEER GEDRUIP**

AANTAL KEER GEDRUIP	TOTAAL
1	62 (77,5%)
2	11 (13,8%)
3	7 (8,7%)
TOTAAL	80 (100%)

**3.8.2.2 Bespreking**

Na aanleiding van Tabel 3.6, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die grootste persentasie leerlinge in hierdie groep net een keer gedruip het.

**3.8.3 AFHANKLIKHEID VAN 'N WELSYNTOELAAG****3.8.3.1 Bevindinge**

Tabel 3.7 dui aan dat 99 (64,3%) respondente op hierdie vraag gerespondeer het.

**TABEL 3.7: ONTVANGS VAN WELSYNSTOELAAG**

ONTVANG TOELAAG	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Ja	13 (28,3%)	9 (17,0%)	22 (22,2%)
Nee	33 (71,7%)	44 (83,0%)	77 (77,8%)
TOTAAL	46 (100%)	53 (100%)	99 (100%)

$$X^2 = 1,813$$

$$p = 0,1782$$

Uit die 81 druipe­ling­respon­den­te het 35 nie gerespon­deer nie, ter­wyl uit die 73 nie-druipe­ling­respon­den­te 20 nie gerespon­deer het nie. Per­sen­ta­sie­ge­wys het 43,2% druipe­ling- en 27,4% nie-druipe­ling­respon­den­te nie gerespon­deer nie. Van die 56,8% druipe­ling­respon­den­te wat wel gerespon­deer het, toon 71,7% dat hulle geen toelaag ont­vang nie, ter­wyl van die 72,6% nie-druipe­ling­respon­den­te wat gerespon­deer het, 83% aangedui het dat hulle geen toelaag ont­vang nie.

### **3.8.3.2 Bespreking**

Volgens die veldwerkers het ouers van nie-druipe­ling­leer­linge meer gere­delik oor die ont­vangs van 'n welsyn­stoelaag gerespon­deer. Die 28,3% druipe­ling­respon­den­te en die 17% nie-druipe­ling­respon­den­te wat wel 'n toelaag ont­vang, bevestig dat 'n groter per­sen­ta­sie ouers van druipe­ling­leer­linge 'n welsyn­stoelaag ont­vang.

Die onwilligheid van ouers om te respon­deer, kan toegeskryf word aan fak­to­re soos:

- vrees dat die toelaag weg­ge­neem sal word as gevolg van inwonertal;
- vrees dat dit aan die lig sal kom dat daar te veel volwasse huis­be­woners is wat werk;
- vrees dat per­so­ne wat is by onwet­ti­ge bedrywighede betrokke is, vervolg kan word;
- agterdog dat die on­der­soek kan mee­bing dat per­so­ne hul wonings sal moet ontruim.

## **3.8.4 SKOLASTIESE VORDERING VAN VADER**

### **3.8.4.1 Bevindinge**

Die bevindinge word in Tabel 3.8 uiteengesit.

**TABEL 3.8: HOOGSTE SKOOLSTANDERD DEUR VADER GESLAAG**

SKOOLOPLEIDING	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Sub. A - St. 5	23 (58,9%)	16 (41,1%)	39 (100%)
St. 6 - St. 10	37 (37,4%)	41 (52,6%)	78 (100%)
TOTAAL	60 (51,3%)	57 (48,7%)	117 (100%)

$$X^2 = 21,300$$

$$p = 0,0462$$

Alhoewel 154 respondente gerespondeer het, was 37 (24%) se data onvolledig. 58,9% Druipelingrespondente is vaders wat laer geskoold is (Sub. A tot St. 5) teenoor 41,1% nie-druipelingrespondente wat onder dieselfde groep (laer geskoold) val.

### 3.8.4.2 Bespreking

Uit die gegewe inligting blyk dit dat die skoolopleiding van 'n groter persentasie druipeelingrespondente (vaders van druipeelingleerlinge) laer is as dié van nie-druipelingrespondente (vaders van nie-druipelingleerlinge). Laer geskoolde vaders se kinders druipeel meer as kinders van hoër geskoolde vaders. Dit word in verband gebring met navorsing deur Hatting (1985). Volgens Hatting (1985) het verskeie navorsers bevind dat daar 'n beduidende verband tussen 'n lae opvoedingspeil by ouers en onderprestering by leerlinge bestaan.

Shaw en White (1965) ondersteun die bevindinge van die navorsing en gaan verder deur te sê dat presteerders nie alleenlik met hul ouers identifiseer nie, maar dat hulle grootliks identifiseer met die ouer van dieselfde geslag, byvoorbeeld ten opsigte van toekomsvisie, legerigheid, gemotiveerdheid, ensovoorts.

### 3.8.5 SKOLASTIESE VORDERING VAN MOEDER

#### 3.8.5.1 Bevindinge

By hierdie vraag, het 15 van die 154 respondente nie volledige inligting verstrek nie, met ander woorde, 10 moeders van druipeleerlinge en 5 moeders van nie-druipeleerlinge wou nie die vraag beantwoord nie. (Slegs 139 respondente het gerespondeer).

**TABEL 3.9: HOOGSTE SKOOLSTANDERD DEUR MOEDER GESLAAG**

SKOOLOPLEIDING	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Sub. A - St. 5	45 (63,4%)	25 (36,6%)	70 (100%)
St. 6 - St. 10	26 (36,6%)	43 (63,4%)	69 (100%)
TOTAAL	71	68	139

$$X^2 = 23,038$$

$$p = 0,0274$$

Tabel 3.9 dui aan dat 36,6% kinders van hoër geskoolde moeders gedruip het teenoor 'n druipeleerlinge van 63,4% by kinders van laer geskoolde moeders. Hierteenoor het 63,4% kinders van hoër geskoolde moeders en 36,6% kinders van laer geskoolde moeders geslaag.

#### 3.8.5.2 Bespreking

'n Hoër slaagsyfer word by kinders van hoër geskoolde moeders aangetref. 'n Groter persentasie druipeleerlinge (moeders van druipeleerlinge) se skoolopleiding is laer as dié van moeders van nie-druipeleerlinge. Dit kom daarop neer dat laer geskoolde moeders se kinders meer druipeleerlinge as kinders van hoër geskoolde moeders.

### 3.8.6 HUIDIGE WOONPLEK VAN LEERLINGE

#### 3.8.6.1 Bevindinge

Van die 154 respondente was 80 huisbewoners, 60 woonstelbewoners en 14 met 'n ander vorm van huisvesting. Met laasgenoemde word bedoel 'n opslaanhut, garage of woonplek met beperkte leefruimte. Tabel 3.10 dui 'n onderverdeling ten opsigte van druipeeling- en nie-druipelingleerlinge aan.

**TABEL 3.10: HUIDIGE WOONPLEK VAN LEERLINGE**

SOORT WONING	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Huis	33 (40,7%)	47 (64,4%)	80
Woonstel	39 (48,2%)	21 (28,8%)	60
Ander	9 (11,1%)	5 (6,8%)	14
<b>TOTAAL</b>	<b>81 (100%)</b>	<b>73 (100%)</b>	<b>154</b>

$$X^2 = 11,064$$

$$p = 0,0501$$

Van die 81 druipeelingleerlinge woon 48 (59,3%) in 'n woonstel of in 'n ander woning met beperkte leefruimte. Hierteenoor woon slegs 26 (35,6%) van die nie-druipelingleerlinge in 'n woonstel of woning met beperkte leefruimte. Uit die totale getal leerlinge wat in konvensionele huise woon (80), is 41,2% in die druipeelinggroep en 58,8% in die nie-druipelinggroep.

Van die 60 respondente wat in woonstelle woon, is 65% ouers van druipeeling en 35% ouers van nie-druipeling. Tesame met die 14 respondente wat in wonings soos garages, opslaangeboue en ander plekke woon waar ruimte meer of ewe beperk as woonstelle is, is 64,3% ouers van druipeeling teenoor 35,7% nie-druipeling ouers.

### 3.8.6.2 Bespreking

Wanneer gelet word op die soort woning en skoolprestasie en die druipele en nie-druipele word met mekaar vergelyk, dui Tabel 3.10 aan dat meer ouers van nie-druipele in konvensionele huise woon. Leerlinge wat in konvensionele huise woon druipele minder as leerlinge wat nie in konvensionele huise woon nie. Wanneer die woonstelbewoners en diegene wat 'n ander vorm van huisvesting (behalwe konvensionele huise) het, saamgegroeper word, is dit duidelik dat beperkte vloeroppervlakte of beperkte woonruimte wel 'n verband toon met skoolprestasie.

### 3.8.7 TYDPERK VAN VERBLYF BY HUIDIGE WOONPLEK

#### 3.8.7.1 Bevindinge

Van die 154 respondente het 148 gerespondeer. In Tabel 3.11 word die 148 response uiteengesit.

**TABEL 3.11: TYDPERK VAN VERBLYF BY HUIDIGE WOONPLEK**

VERBLYF-TYDPERK	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
0 - 1 jaar	1 (1,3%)	3 (4,2%)	4 (2,7%)
1 - 4 jaar	11 (14,3%)	8 (11,3%)	19 (12,8%)
5 jaar en langer	65 (84,4%)	60 (84,5%)	125 (84,5%)
<b>TOTAAL</b>	<b>77 (100%)</b>	<b>71 (100%)</b>	<b>148 (100%)</b>

$$X^2 = 1,445$$

$$p = 0,8364$$

### 3.8.7.2 Bespreking

Geen betekenisvolle verskil word aangetref tussen die tydperke wat druipele en nie-druipele hul huidige wonings bewoon nie. Gesien in die lig daarvan dat 84,4% druipeleleerlinge en 84,5% nie-druipeleleerlinge langer as 5 jaar by hul bestaande wonings woonagtig is, kan die afleiding gemaak word dat tydperk van verblyf en druipele nie geassosieer kan word nie.

## 3.8.8 AANTAL VOLWASSE MANS AS HUISBEWONERS

### 3.8.8.1 Bevindinge

24 Respondente het geweier om op hierdie vraag te antwoord. Die ontleding van die 130 response word in tabel 3.12 uiteengesit.

**TABEL 3.12: AANTAL VOLWASSE MANS AS HUISBEWONERS**

MANS	DRUIPELE	NIE-DRUIPELE	TOTAAL
0	9 (13,4%)	1 (1,6%)	10 (7,6%)
1	30 (44,8%)	42 (66,7%)	72 (55,4%)
2	18 (26,9%)	12 (19,0%)	30 (23,1%)
3	8 (11,9%)	5 (7,9%)	13 (10,0%)
4	2 (3,0%)	2 (3,2%)	4 (3,1%)
5	0 (0,0%)	1 (1,6%)	1 (0,8%)
<b>TOTAAL</b>	<b>67 (100%)</b>	<b>63 (100%)</b>	<b>130 (100%)</b>

$$X^2 = 11,180$$

$$p = 0,0479$$

By 66,7% gesinne van nie-druipeleleerlinge is daar slegs een volwasse man in die huis. By 28 (41,8%) gesinne van druipeleleerlinge is daar twee of meer mans. Hierteenoor is daar by 20 (31,7%) nie-druipeleleerlinge se gesinne twee of meer

mans. So is daar ook by 44,8% gesinne van druipeleerlinge slegs een man in die huis teenoor die 66,7% by gesinne van nie-druipelingleerlinge.

### 3.8.8.2 Bespreking

Na aanleiding van Tabel 3.12, kan die volgende afledings gemaak word:

- Waar een man as vaderfiguur in die huis voorkom, is die prestasie van die leerling in daardie gesin die beste.
- Waar meer as een man in die huis voorkom, kom meer druipeleerlinge voor.
- Waar daar geen man is nie (wanneer die vaderfiguur ontbreek), kom meer druipeleerlinge voor.

### 3.8.9 AANTAL VOLWASSE VROUE AS HUISBEWONERS

#### 3.8.9.1 Bevindinge

Van die 154 respondente het 135 gerespondeer. Vanweë vrese dat die gee van die inligting hulle op een of ander wyse mag benadeel, het 19 respondente nie gereageer nie. Tabel 3.13 gee 'n onderverdeling ten opsigte van die druipeleerlinggroep en nie-druipelinggroep aan.

**TABEL 3.13: AANTAL VOLWASSE VROUE AS HUISBEWONERS**

AANTAL VROUE	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
1	33 (48,5%)	41 (61,2%)	74 (54,8%)
2	20 (29,4%)	11 (16,4%)	31 (23,0%)
3	6 (8,8%)	3 (4,5%)	9 (6,7%)
4	6 (8,8%)	6 (9,0%)	12 (8,9%)
5	2 (2,9%)	5 (7,5%)	7 (5,2%)
6	1 (1,5%)	1 (1,5%)	2 (1,5%)
<b>TOTAAL</b>	<b>68</b>	<b>67</b>	<b>135</b>

$$X^2 = 5,756$$

$$p = 0,3306$$



Van die 135 respondente was 50,4% uit die druipeelinggroep en 49,6% uit die nie-druipelinggroep. Van hierdie 50,4% druipeeling is daar in 48,5% se huise een volwasse vrou en in 51,4% twee of meer volwasse vroue. Uit die nie-druipelinggroep is in 61,2% huise een volwasse vrou en in 38,8% huise (huisgesinne) is twee of meer volwasse vroue.

### 3.8.9.2 Bespreking

Wanneer die druipeelinggroep en nie-druipelinggroep vergelyk word, blyk dit dat by die nie-druipelinggroep meer huise (huisgesinne) is waar slegs een volwasse vrou is. Meer leerlinge druipeel by gesinne waar daar twee of meer volwasse vroue is.

Bovermelde korreleer met Tabel 3.12 waar die voorkoms van meer as een volwasse man skynbaar 'n remmende invloed op skolastiese prestasie het.

## 3.8.10 AANTAL VERTREKKE IN WONING

### 3.8.10.1 Bevindinge

In Tabel 3.14 word 130 response uiteengesit; 24 respondente het nie hierdie vraag beantwoord nie. Van die 130 response was 50,8% uit die druipeelinggroep en 49,2% uit die nie-druipelinggroep.

**TABEL 3.14: AANTAL VERTREKKE IN WONING**

VERTREKKE	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Minder as 4	51 (62,2%)	31 (37,9%)	82 (63,1%)
Meer as 4	15 (31,3%)	33 (68,0%)	48 (36,9%)
TOTAAL	66 (100%)	64 (100%)	130 (100%)

$$X^2 = 16,732$$

$$p = 0,0103$$

In die steekproef was daar 82 (63,1%) respondente wat aangedui het dat hul wonings minder as vier vertrekke het. Van hierdie respondente was 62,2% druipele. Van die 48 respondente (36,9%) wat aangetoon het hulle in huise met meer as vier vertrekke woon, was 68,8% nie-druipele. Op die 1%-beduidendheidspeil word 'n beduidende verband tussen min vertrekke en druipele aangetref.

### **3.8.10.2 Bespreking**

Gesien in die lig van die 62,2% druipele-respondente wat in huise met minder as vier vertrekke woon en 68,8% nie-druipele-respondente wat in huise met meer as vier vertrekke woon, blyk dit dat daar skynbaar 'n verband is tussen die aantal vertrekke in 'n woning skoolprestasie. Meer vertrekke dui op groter beskikbaarheid van 'n beduidende ruimte waar die kind hom of haar vir tuiswerk of selfstudie kan afsonder.

## **3.8.11 TOTALE NETTO MAANDELIKSE INKOMSTE VAN DIE HUIS- HOUDING**

### **3.8.11.1 Bevindinge**

Tabel 3.15 dui aan dat 109 persone op hierdie vraag gerespondeer het, terwyl 45 (29,2%) geweier het om die nodige inligting te verstrek.

**TABEL 3.15: TOTALE NETTO MAANDELIKSE INKOMSTE VAN HUISHOUDING**

INKOMSTE	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
R10 - R200	5 (9,1%)	1 (1,8%)	6 (5,5%)
R200 - R500	18 (32,7%)	9 (16,7%)	27 (24,8%)
R500 - R1 000	16 (29,1%)	15 (27,8%)	31 (28,4%)
Meer as R1 000	16 (29,1%)	29 (53,7%)	45 (41,3%)
<b>TOTAAL</b>	<b>55</b>	<b>54</b>	<b>109</b>

$$X^2 = 10,635$$

$$p = 0,0591$$

Meer ouers van druipeleerlinge (41,8%) het 'n maandelikse inkomste van minder as R500. By nie-druipeleerlinge is daar slegs 18,5% van die ouers wat 'n maandelikse inkomste van minder as R500 het. By druipeleerlinge verdien 29,1% van die ouers meer as R1 000 per maand, terwyl 53,7% van die nie-druipeleerlinge binne hierdie inkomstegroep val.

### 3.8.11.2 Bespreking

Na aanleiding van Tabel 3.15 blyk dit dat meer ouers van nie-druipeleerlinge binne die hoë inkomstegroep val. Hieruit kan afgelei word dat 'n hoë inkomste met slaag of skolastiese prestasie in verband gebring kan word.

### 3.8.12 PA SE REISTYD NA SY WERK IN MINUTE AANGEDUI

#### 3.8.12.1 Bevindinge

Van die 154 respondente het 82 persone op hierdie vraag gerepondeer. Die druipeleerlingegroep en nie-druipeleerlingegroep word in Tabel 3.16 onderverdeel.

**TABEL 3.16: PA SE REISTYD NA SY WERK IN MINUTE AANGEDUI**

REISTYD	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
10 - 30 min	29 (80,5%)	30 (66,6%)	59
30 - 60 min	5 (13,8%)	9 (20,0%)	14
60 + min	3 (8,1%)	6 (13,3%)	9
TOTAAL	37	45	82

$$X^2 = 4,573$$

$$p = 0,5997$$

Van die 82 respondente wat gerespondeer het, was 45,1% druipelelinge en 54,9% nie-druipelelinge. Terwyl 66,6% vaders van nie-druipelelinge tussen 10 en 30 minute neem om by die huis te kom, is daar 80,5% vaders van druipelelinge wat tussen 10 en 30 minute neem om by die huis te kom.

### 3.8.12.2 Bespreking

Meer vaders van druipeleleerlinge as vaders van nie-druipeleleerlinge neem 10 - 30 minute om na afloop van die dag se werk tuis te kom. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat vaders van druipelelinge òf verder van die huis af werk as vaders van nie-druipelelinge òf dat hulle nie oor eie vervoer beskik nie. Die feit dat hulle minder beskikbaar vir die skool is as vaders van nie-druipeleleerlinge kan 'n invloed op skolastiese prestasie het. Dié met 'n langer reistyd se kinders toon minder druipeleling.

Die feit dat 74 of 48,1% van die 154 respondente nie gerespondeer het nie, kan toegeskryf word aan faktore soos:

- dat die pa werkloos is;
- dat die pa sake vanuit die huis bedryf;
- dat die pa 'n ander bron van inkomste het wat moontlik onder verdenking kan wees.

### 3.8.13 MA SE REISTYD NA HAAR WERK IN MINUTE AANGEDUI

#### 3.8.13.1 Bevindinge

In Tabel 3.17 word die verskillende response volledig uiteengesit.

**TABEL 3.17: MA SE REISTYD NA HAAR WERK IN MINUTE AANGEDUI**

REISTYD	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
10 - 30 min	21 (65,6%)	26 (78,8%)	47 (72,3%)
30 - 60 min	9 (28,1%)	3 (9,1%)	12 (18,5%)
60 + min	2 (6,3%)	4 (12,1%)	6 (9,2%)
TOTAAL	32 (100%)	33 (100%)	65

$$X^2 = 14,013$$

$$p = 0,0295$$

Daar is van 65 persone response ontvang waarvan 32 uit die druipeelinggroep en 33 uit die nie-druipeelinggroep is. Van die 89 respondente wat nie gerepondeer het nie, is 49 (60,5%) druipeeling en 40 (52,1%) uit die nie-druipeelinggroep.

#### 3.8.13.2 Bespreking

Geen betekenisvolle afleiding kan ten opsigte van hierdie vraag gemaak word nie.

### 3.8.14 GEVARE IN BUURT WAARAAN DIE KIND BLOOTGESTEL IS

#### 3.8.14.1 Bevindinge

In Tabel 3.18 word die 154 response ten opsigte van gevare in hul woonbuurte in twee subgroepe uiteengesit, naamlik druipeeling en nie-druipeeling.

**TABEL 3.18: GEVARE IN BUURT**

GEVARE	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Geen	20 (24,6%)	29 (39,7%)	49 (31,8%)
Alkohol & Dwelms	3 (3,7%)	4 (5,5%)	7 (4,5%)
Misdaad/Bendes	22 (27,2%)	10 (13,7%)	32 (22,2%)
Onseker	31 (38,3%)	17 (23,3%)	48 (31,2%)
Ander Gevare	5 (6,2%)	13 (17,8%)	18 (11,7%)
<b>TOTAAL</b>	<b>81 (100%)</b>	<b>73 (100%)</b>	<b>154 (100%)</b>

$$X^2 = 13,794$$

$$p = 0,0170$$

### 3.8.14.2 Bespreking

Meer nie-druipeling- as druipeilingresponente dui aan dat daar geen gevare in hul woonbuurte is nie. Hiervan kan afgelei word dat kinders in 'n veiliger skoolomgewing met meer vrymoedigheid tussen skool en huis kan beweeg en ook meer uit die skool se spesiale programme kan put. Waar meer gevare in die woonbuurt voorkom, is gevind dat leerlinge traag is om naskoolse aktiwiteite by te woon. Dit gebeur meer dikwels by druipeilingleerlinge wat weer in die middag terug skool toe moet kom vir akademiese programme.

Hierdie gevolgtrekking word gesteun deur die feit dat 27,2% van die druipeilingresponente teenoor 13,7% van die nie-druipelingresponente aandui dat misdaad en bendebedrywighede in hul woonbuurte voorkom. Wanneer die twee subgroepe met mekaar vergelyk word, dui dit daarop dat druipeilingleerlinge in die omgewings waar hulle woonagtig is, meer blootgestel is aan gevare. 'n Beduidende verband word tussen "gevare" en "skolastiese prestasie" aangetref.

### 3.8.15 DIE INVLOED VAN MAATS

#### 3.8.15.1 Bevindinge

Die 137 response ten opsigte van beïnvloeding deur maats word in Tabel 3.19 gegee. Van die totale aantal respondente wou 17 (11%) nie op hierdie vraag respondeer nie.

**TABEL 3.19: INVLOED VAN MAATS**

BEÏNVLOEDING	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Baie	26 (36,6%)	11 (16,7%)	37 (27,0%)
Min	25 (35,2%)	27 (40,9%)	52 (38,0%)
Geen	20 (28,2%)	28 (42,4%)	48 (35,0%)
TOTAAL	71 (100%)	66 (100%)	137

$$X^2 = 7,319$$

$$p = 0,0258$$

#### 3.8.15.2 Bespreking

'n Groter persentasie druiplingresponente (36,6% teenoor 16,7%) dui aan dat maats 'n groot invloed op hulle het. In ooreenstemming hiermee dui 'n groter persentasie nie-druipelingresponente aan dat maats geen invloed op hulle ten opsigte van prestasie het nie. Na aanleiding van laasgenoemde kan tot die gevolgtrekking gekom word dat nie-druipelingleerlinge nie van stryk gebring word wanneer dit by ingesteldheid ten opsigte van hul kom werk nie. Hierdie afleiding word gesteun deur die feit dat meer nie-druipelingresponente aandui dat maats min invloed op hulle het (40,9% teenoor 35,2%). 'n Groter weerstand om enigsins te respondeer, word by druiplingresponente aangetref (58,8% teenoor 41,2%).

### 3.8.16 HUWELIKSAMESTELLING VAN OUERS OF PLAASVERVANGENDE OUERS

#### 3.8.16.1 Bevindinge

Ten opsigte van die huweliksamestelling/huwelikstaat van die ouers of plaasvervangende ouers, word die respons van die onderskeie subgroepe in die onderstaande tabel uiteengesit.

**TABEL 3.20: HUWELIKSAMESTELLING VAN OUERS OF PLAASVERVANGENDE OUERS**

OUERS/PLAAS- VERVANGENDE OUERS	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Voogde	10 (12,3%)	4 (5,5%)	14 (9,1%)
Enkelouers	17 (21,0%)	14 (19,2%)	31 (20,1%)
Getroude ouers	48 (59,3%)	48 (65,8%)	96 (62,4%)
Ongetroude ouers	4 (4,9%)	3 (4,1%)	7 (4,5%)
Geskeide ouers	2 (2,5%)	4 (5,5%)	6 (3,9%)
<b>TOTAAL</b>	<b>81 (100%)</b>	<b>73 (100%)</b>	<b>154</b>

$$X^2 = 3,265$$

$$p = 0,5146$$

#### 3.8.16.2 Bespreking

Alhoewel daar geen verband tussen die ouers of plaasvervangende ouers se huwelikstaat en skoolprestasie is nie, kan op die volgende gelet word:

- meer druipeeling- as nie-druipelingleerlinge is in die sorg van voogde;
- meer druipeeling het enkelouers;
- meer ouers van nie-druipeling is getroud.



### 3.8.17 KIND SE STAPAFSTAND NA SKOOL IN TERME VAN MINUTE

#### 3.8.17.1 Bevindinge

Tabel 3.21 toon 'n onderverdeling van die twee subgroepe ten opsigte van die tyd (in minute aangedui) wat dit neem om tot by die skool te stap.

**TABEL 3.21: STAPTYD**

MINUTE	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
0 - 15	60 (81,0%)	57 (82,6%)	117 (81,8%)
15 +	14 (19,0%)	12 (17,4%)	26 (18,2%)
TOTAAL	74 (100%)	69 (100%)	143 (100%)

$$X^2 = 9,914$$

$$p = 0,0193$$

#### 3.8.17.2 Bespreking

Tabel 3.21 dui aan dat die grootste persentasie van beide subgroepe minder as 15 minute neem om tot by die skool te stap. Alhoewel druipeleerlinge langer neem om na die skool te stap, verskil dit nie betekenisvol van die staptyd van nie-druipelinglerlinge nie.

### 3.8.18 AANTAL KEER WAT VADER DIE SKOOL DIE AFGELOPE SES MAANDE BESOEK HET

#### 3.8.18.1 Bevindinge

Van die totale aantal respondente het 44 geweier om op hierdie vraag te antwoord. Die 110 respondente wat wel die vraag beantwoord het, word in Tabel 3.22 in druipelele en nie-druipelingle onderverdeel.

**TABEL 3.22: AANTAL SKOOLBESOEKE VAN VADER**

AANTAL SKOOL-BESOEKE	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
0 - 1	44 (80,0%)	42 (76,4%)	86 (78,2%)
2 - 3	9 (16,4%)	11 (20,0%)	20 (18,2%)
4 - 5	1 (1,8%)	2 (3,6%)	3 (2,7%)
meer	1 (1,8%)	0 (0,0%)	1 (0,9%)
TOTAAL	55 (100%)	55 (100%)	110

$$X^2 = 4,458$$

$$p = 0,6150$$

### 3.8.18.2 Bespreking

Alhoewel daar in Tabel 3.22 geen verband tussen skoolprestasie en skoolbesoeke van ouers voorkom nie, is dit insiggewend om daarop te let dat:

- meer vaders van druipeleerlinge die skool slegs een keer besoek het;
- meer vaders van nie-druipelinge twee of meer besoeke aan die skool gebring het;
- die grootste persentasie vaders (78,2%) van beide groepe die skool slegs een keer besoek het.

### 3.8.19 AANTAL KEER WAT MOEDER DIE SKOOL DIE AFGELOPE SES MAANDE BESOEK HET

#### 3.8.19.1 Bevindinge

In Tabel 3.23 word die skoolbesoeke van moeders van druipeleleerlinge en nie-druipelingeleerlinge uiteengesit. Slegs 149 respondente uit 154 het die vraag beantwoord. Vyf moeders het glad nie die skool besoek nie.

**TABEL 3.23: AANTAL SKOOLBESOEKE VAN MOEDER**

AANTAL SKOOL-BESOEKE	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
0 - 1	50 (63,3%)	46 (65,7%)	96 (64,4%)
2 - 3	24 (30,4%)	20 (28,6%)	44 (29,6%)
4 - 5	2 (2,6%)	3 (4,3%)	5 (3,4%)
meer	3 (3,8%)	1 (1,4%)	4 (2,7%)
<b>TOTAAL</b>	<b>79 (100%)</b>	<b>70 (100%)</b>	<b>149</b>

$$X^2 = 5,164$$

$$p = 0,5229$$

### 3.8.19.2 Bespreking

Die grootste persentasie moeders bring slegs een besoek aan die skool (64,4%). Geen verband tussen skolastiese prestasie en die aantal skoolbesoeke van die moeder is gevind nie.

### 3.8.20 DIREKTE SKAKELING VAN SKOOL MET OUERHUIS DIE AFGELOPE JAAR BY WYSE VAN BRIEWE, TELEFOON, BOODSKAPPE, ENSOVOORTS

#### 3.8.20.1 Bevindinge

Van die 130 respondente wat op hierdie vraag gereageer het, was 54,6% druipele en 45,4% nie-druipele. Van die 24 respondente wat onseker was oor die aantal kere wat daar ouer-skakeling was, was 41,6% uit die druipelegroep en 58,3% uit die nie-druipelegroep. In onderstaande tabel word die response van druipele en nie-druipele uiteengesit.

**TABEL 3.24: DIREKTE SKAKELING VAN SKOOL MET OUERHUIS**

SKOOL-OUER-SKAKELING	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Geen	27 (33,3%)	13 (17,8%)	40 (25,9%)
1 - 2 keer	20 (24,7%)	11 (15,1%)	31 (20,1%)
3 keer en meer	24 (29,7%)	35 (47,9%)	59 (38,3%)
Onseker	10 (12,3%)	14 (19,2%)	24 (15,6%)
<b>TOTAAL</b>	<b>81 (100%)</b>	<b>73 (100%)</b>	<b>154 (100%)</b>

$$X^2 = 12,835$$

$$p = 0,0457$$

### 3.8.20.2 Bespreking

'n Betekenisvolle verband word tussen skool-ouerskakeling en prestasie gevind. Dit kan onder andere afgelei word van die syfer wat aantoon dat 'n groter persentasie van die ouers van druipeleerlinge aantoon dat geen ouer-skakeling plaasgevind het nie. Dit word bevestig deur die feit dat 47,9% van die ouers van nie-druipeleerlinge teenoor 29,7% van die ouers van druipeleerlinge aantoon dat hul kinders se skole drie keer en meer met die ouerhuse geskakel het. Wanneer die twee subgroepe met mekaar vergelyk word en dit word met prestasie in verband gebring, blyk dit dat skakeling tussen skool en ouerhuis akademiese prestasie beïnvloed.

## 3.8.21 BYWONING VAN JONGSTE OUERAAND

### 3.8.21.1 Bevindinge

Tabel 3.25 gee 'n onderverdeling van druipeleerlinge en nie-druipeleerlinge aan ten opsigte van die ouers se bywoning van die jongste oueraand. Van die 143 respondente was 52,4% uit die druipeleerlingegroep en 47,5% uit die nie-druipeleerlingegroep. Van die 9 respondente wat nie gereageer het nie, is 66,6% uit die druipeleerlingegroep en 33,3%

uit die nie-druipelinggroep. Die veldwerkers se afleiding hier was dat hierdie 9 nie by die laaste oueraand teenwoordig was nie.

**TABEL 3.25: BYWONING VAN JONGSTE OUERAAND**

SOORT WONING	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Ja	28 (37,3%)	42 (61,8%)	70 (49,0%)
Nee	47 (62,7%)	26 (38,2%)	73 (51,0%)
TOTAAL	75 (100%)	68 (100%)	143

$$X^2 = 1,813$$

$$p = 0,1782$$

### 3.8.21.2 Bespreking

Alhoewel Tabel 3.25 slegs 'n aanduiding gee van 'n oueraand, is dit insiggewend om daarop te let dat 'n groter persentasie ouers van nie-druipelingleerlinge by die jongste oueraand teenwoordig was (61,8%). Slegs 37,8% van die ouers van druipeleerlinge was teenwoordig. Uit die 143 respondente het 51% glad nie by die jongste oueraand opgedaag nie. Die teenwoordigheid van meer nie-druipelingouers dui op 'n groter belangstelling in dit wat hul kinders by die skool doen.

## 3.8.22 KIND SE BETROKKENHEID BY SPORT EN ANDER BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE

### 3.8.22.1 Bevindinge

Van die 145 respondente wat op hierdie vraag gerepondeer get, het 9 van die ouers onseker voorgekom oor hul kinders se deelname aan buitemuurse bedrywighede. Hiervan was 4 druipeleerlingrespondeente en 3 nie-druipelingrespondeente. Soos in Tabel 3.26 uiteengesit, neem 55,8% van die druipeleerlinge glad nie aan

buitemuurse bedrywighede deel nie terwyl 38,2% van die nie-druipelinge ook nie aan sport en ander kulturele bedrywighede deelneem nie.

**TABEL 3.26: BUITEMUURSE BETROKKENHEID**

DEELNAME AAN AKTIWITEITE	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Geen	43 (55,8%)	26 (38,2%)	69 (47,6%)
Min	19 (24,7%)	22 (32,4%)	41 (28,3%)
Baie	15 (19,5%)	20 (29,4%)	35 (24,1%)
TOTAAL	77 (100%)	68 (100%)	145

$$X^2 = 4,581$$

$$p = 0,1012$$

### 3.8.22.2 Bespreking

Na aanleiding van Tabel 3.26 kan die afleiding gemaak word dat deelname aan sport en ander kulturele bedrywighede moontlik 'n verband met skoolprestasie het. Leerlinge wat deelneem, presteer beter as leerlinge wat nie deelneem nie.

## 3.8.23 HOEVEELHEID SKOOLWERK WAT KIND TUIS MOET VOLTOOI

### 3.8.23.1 Bevindinge

Uit 151 response was 53% druipele en 47% nie-druipelinge. Een druipelelingresponent en 4 nie-druipelinge-responente was onseker oor die skoolwerk wat hulle kinders tuis doen. Slegs 2,8% van die nie-druipelinge-responente dui aan dat hulle kinders geen tuiswerk kry nie. In Tabel 3.27 word 'n onderverdeling van die twee subgroepe ten opsigte van die hoeveelheid skoolwerk gegee.

**TABEL 3.27: HOEVEELHEID TUISWERK**

TUISWERK	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Baie	29 (36,3%)	41 (57,7%)	70 (46,4%)
Min	39 (48,8%)	28 (39,4%)	67 (44,4%)
Geen	12 (15,0%)	2 (2,8%)	14 (9,3%)
<b>TOTAAL</b>	<b>80 (100%)</b>	<b>71 (100%)</b>	<b>151</b>

$$X^2 = 10,507$$

$$p = 0,0052$$

### 3.8.23.2 Bespreking

Wanneer gekyk word na die hoeveelheid tuiswerk wat leerlinge kry, kan daarop gelet word dat meer ouers van druipeleleerlinge (63,8%) aandui dat hul kinders min of geen tuiswerk kry, terwyl die ooreenstemmende gegewens by die nie-druipeling slegs 42,2% is. Die afleiding wat dus gemaak word is dat "druip" met geen/min tuiswerk in verband gebring kan word, en "slaag/nie-druip" met baie tuiswerk in verband gebring kan word. Die volgende redes kan vir hierdie tendens verantwoordelik wees:

- nie-druipeling doen meer tuiswerk as druipeleleerlinge;
- druipeleleerlinge wil nie leer nie, en ontken dus dat hulle tuiswerk gekry het om te doen;
- nie-druipeling doen meer huiswerk as wat hulle veronderstel is om te doen, omdat hulle graag goed wil presteer.

### 3.8.24 REDES WAAROM OUIERS BY DIE SKOOL SE AKTIWITEITE BETROKKE WIL WEES

#### 3.8.24.1 Bevindinge

Tabel 3.28 dui aan dat 62,9% van die druipeleleerlingrespondeente en 73,9% van die nie-druipelingrespondeente onseker is oor die wyse waarop ouers by skoolverwante

aangeleenthede betrokke kan wees. Dit word beklemtoon deur 12,4% van die druipeilingresponente en 13,7% van die nie-druipeilingresponente wat aandui dat hulle met hul kinders se leerkragte in gesprek sal wil tree, maar ook by skoolfunksies betrokke sal wil wees.

**TABEL 3.28: OUERS SE WYSE VAN BETROKKENHEID**

WYSE VAN BETROKKENHEID	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Geensins	1 (1,2%)	3 (4,1%)	4 (2,7%)
Verhinder deur werk	4 (4,9%)	1 (1,4%)	5 (3,2%)
Onseker hoe Leerkragont-	51 (62,9%)	54 (73,9%)	105 (68,4%)
moetings en funksies	10 (12,4%)	10 (13,7%)	20 (13,1%)
Wil nie opinie waag	15 (18,5%)	5 (6,8%)	20 (12,7%)
<b>TOTAAL</b>	<b>81 (100%)</b>	<b>73 (100%)</b>	<b>154</b>

$$X^2 = 8,963$$

$$p = 0,1757$$

### 3.8.24.2 Bespreking

Tabel 3.28 toon dat ouers by skoolverwante aangeleenthede betrokke wil wees, maar nie presies weet hoe hulle betrokke kan raak nie. Dit kan afgelei word aangesien slegs 1,2% van die druipeilingresponente en 4,1% van die nie-druipeilingresponente aantoon dat hulle geensins by skoolverwante aangeleenthede betrokke wil wees nie. Ouers wil betrokke wees en soek geleentheid daarvoor.



### 3.8.25 OUER-ONDERWYSERGESPREK - JA/NEE

#### 3.8.25.1 Bevindinge

Van die 150 respondente wat op hierdie vraag reageer het, was 53,3% druipeilingresponente en 46,7% was nie-druipeilingresponente. Vier respondente het nie reageer nie. Tabel 3.29 toon 'n verdere onderverdeling aan.

**TABEL 3.29: OUER-ONDERWYSERGESPREKKE**

LEERKRAG-OUERGESPREG	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Ja	34 (42,5%)	27 (38,6%)	61 (40,7%)
Nee	46 (57,5%)	43 (61,4%)	89 (59,3%)
TOTAAL	80 (100%)	70 (100%)	150

$$X^2 = 0,104$$

$$p = 0,7474$$

#### 3.8.25.2 Bespreking

Tabel 3.29 dui aan dat die grootste persentasie van alle respondente (59,3%) nog glad nie met hul kinders se klasonderwysers gesels het nie. Alhoewel meer druipeiling-responente 'n leerkrag-ouergesprek gevoer het, kan die aard van die gesprekke nie afgelei word nie.

### 3.8.26 BELANGSTELLING IN ANDER OUERS

#### 3.8.26.1 Bevindinge

Van die 154 respondente het 147 gerespondeer. Sewe respondente waarvan vyf druipeilingresponente en twee nie-druipeilingresponente is, wou nie op hierdie

vraag kommentaar lewer nie. Van die 147 wat gerespondeer het, was 51,7% druipele en 48,3% nie-druipelegerespondente. Onderstaande tabel gee 'n onderverdeling ten opsigte van die twee subgroepe.

**TABEL 3.30: BELANGSTELLING IN OUIERS VAN ANDER LEERLINGE**

BELANGSTELLING	DRUIPELE	NIE-DRUIPELE	TOTAAL
Ja	74 (97,4%)	68 (95,8%)	142 (96,6%)
Nee	2 (2,6%)	3 (4,2%)	5 (3,4%)
TOTAAL	76 (100%)	71 (100%)	147

$$X^2 = 0,284$$

$$p = 0,5942$$

### 3.8.26.2 Bespreking

Uit Tabel 3.30 blyk dit dat die grootste persentasie van beide groepe (96,6%) daarin belangstel om ander ouers te ontmoet om oor skoolverwante aangeleenthede te gesels.

## 3.8.27 LOKAAL WAARIN KIND TUISWERK DOEN

### 3.8.27.1 Bevindinge

Van die 150 respondente was 52% uit die druipelelinggroep en 48% uit die nie-druipelelinggroep. Drie druipelelingrespondeente en een nie-druipelelingrespondeent het aangedui dat daar nie 'n bepaalde lokaal is waarin tuiswerk gedoen word nie - die lokaal wat op die bepaalde tyd beskikbaar is, is ook die tuiswerklokaal. In Tabel 3.31 word die twee subgroepe onderverdeel.

**TABEL 3.31: TUISWERKLOKAAL**

LOKAAL	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Slaapkamer	39 (50,0%)	50 (69,4%)	89 (59,3%)
Kombuis	10 (12,8%)	4 (5,6%)	14 (9,3%)
Eetkamer	29 (37,2%)	18 (25,0%)	47 (31,3%)
TOTAAL	78 (100%)	72 (100%)	150

$$X^2 = 6,275$$

$$p = 0,0434$$

### 3.8.27.2 Bespreking

Tabel 3.31 dui aan dat meer leerlinge hul tuiswerk in hul slaapkamers doen (59,3%). Hiervan was 50% druipeilingresponente en 69,4% nie-druipeilingresponente. Aangesien 63,1% van die responente aandui dat hul wonings uit minder as 4 vertrekke bestaan (Tabel 3.14) kan afgelei word dat die meeste leerlinge moontlik geen keuse het as om hulle tuiswerk in hul slaapkamers te doen nie.

### 3.8.28 HET OUER AL OOI WENKE VAN DIE SKOOL ONTVANG OOR DIE MANIER WAAROP SY KIND TUIS MET SKOOLWERK GEHELP KAN WORD?

#### 3.8.28.1 Bevindinge

Uit die 149 responente was 51% druipeilingresponente en 49% nie-druipeilingresponente. Vyf druipeilingresponente was onseker of hulle al wenke van die skool ontvang het. In Tabel 3.32 word 'n onderverdeling ten opsigte van die twee subgroepe gegee.

**TABEL 3.32: WENKE VAN SKOOL ONTVANG**

WENKE	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Ja	30 (39,5%)	38 (52,1%)	68 (45,6%)
Nee	46 (60,5%)	35 (47,9%)	81 (54,4%)
TOTAAL	76 (100%)	73 (100%)	149

$$X^2 = 2,376$$

$$p = 0,1232$$

Van alle respondente dui 54% aan dat hulle geen wenke van die skool ontvang het nie. Hiervan was 60,5% uit die druipeelinggroep en 47,9% uit die nie-druipelinggroep. So ook het 39,5% van die druipeelingrespondente en 52,1% van die nie-druipelingrespondente skoolverwante wenke ontvang.

### 3.8.28.2 Bespreking

Wanneer die twee subgroepe druipelinge en nie-druipelinge, ten opsigte van die ontvang van skoolverwante wenke met mekaar vergelyk word, kan afgelei word dat meer nie-druipelingrespondente wenke ontvang of op wenke gereageer het, vandaar die assosiasie met "slaag".

## 3.8.29 LAAT DIE SKOOL DIE OUERS WELKOM VOEL WANNEER HULLE DIE SKOOL BESOEK?

### 3.8.29.1 Bevindinge

Op hierdie vraag het 139 respondente gereageer. Vyftien kon nie op die vraag reageer nie, want hulle het nog glad nie die skool besoek nie. Hiervan was 7 druipeelingrespondente en 8 nie-druipelingrespondente.

Van die 139 wat gerespondeer het, was 53,2% druipeelingrespondente en 46,8% nie-

druipelingrespondente. Slegs 6,8% van die druipelingrespondente en 4,6% van die nie-druipelingrespondente dui aan dat hulle nie welkom voel wanneer hulle die skool besoek nie. In Tabel 3.33 word die twee subgroepe verder onderverdeel.

**TABEL 3.33: SKOOL SE HOUDING MET OUERBESOEKE**

GEVOEL VAN VERWELKOMING	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Ja	69 (93,2%)	62 (95,4%)	131 (100%)
Nee	5 (6,8%)	3 (4,6%)	8 (100%)
TOTAAL	74 (100%)	65 (100%)	139

### 3.8.29.2 Bespreking

Omdat die meeste respondente (94,4%) aangetoon het dat die skool hulle welkom laat voel, kan aanvaar word dat daar 'n positiewe gesindheid tussen skool en ouerhuis bestaan. Ouers voel vry om die skool te eniger tyd te besoek.

### 3.8.30 BEHALWE VIR DIE SKOOLRAPPORT, WORD DIE OUER GEREELD OP DIE HOOGTE GEHOU OOR DIE KIND SE SKOOLVORDERING?

#### 3.8.30.1 Bevindinge

Van die 154 respondente het 148 geantwoord. Vier druipelingrespondente en twee nie-druipelingrespondente kon nie op hierdie vraag respondeer nie. Van die 148 respondente was 52% druipelingrespondente en 48% nie-druipelingrespondente. In Tabel 3.34 word 'n verdere onderverdeling gegee.

**TABEL 3.34: SKOOL-OUERSKAKELING**

VORDERINGS- VERSLAE	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Ja	36 (46,8%)	27 (38,0%)	63 (42,6%)
Nee	41 (53,2%)	44 (62,0%)	85 (57,4%)
TOTAAL	77 (100%)	71 (100%)	148

$$X^2 = 1,150$$

$$p = 0,2835$$

### 3.8.30.2 Bespreking

Alhoewel daar geen positiewe verband tussen druipeping en die ontvangs van vorderingsverslae is nie, is dit van belang om daarop te let dat uit die totale 148 respondente, meer respondente (57,4%) aandui dat geen gereelde vorderingsverslae deur die skool voorsien word nie. Hiervan is minder (53,2%) druipepingresponente en meer (62%) nie-druipepingresponente. Alhoewel meer druipepingresponente aandui dat hulle oor hul kinders se skoolvordering op die hoogte gehou word, het die veldwerkers die indruk gekry dat van die ouers nie tussen skoolvordering en klagtes ten opsigte van hul kinders kon onderskei nie.

## 3.8.31 DIE GEBRUIK VAN DIE SKOOLGROND DEUR DIE OERPUBLIEK

### 3.8.31.1 Bevindinge

Van die 143 respondente het 64,1% van beide subgroepe aangedui dat hulle nie ten gunste is dat skoolgrond (rugby- en netbalvelde) deur die ouerpubliek gebruik word nie. Agt druipepingresponente en vier nie-druipepingresponente wou nie met 'n duidelike "ja" of "nee" reageer nie.

### **3.8.31.2 Bespreking**

Aangesien 'n groter persentasie respondente van beide groepe nie ten gunste is van die gebruik van skoolgrond deur die ouerpubliek nie, kan afgelei word dat die ouerpubliek dit tans nog vreemd vind om die skoolfasiliteite te gebruik vir aktiwiteite wat ten behoeve van die ouers is.

## **3.8.32 VERPLIGTE BETAAL VAN SKOOLBOEKE/FOOIE**

### **3.8.32.1 Bevindinge**

Uit die totale getal van 80,1% respondente wat gerespondeer het, het 51,1% van die druipeilingrespondente en 48,9% van die nie-druipeilingrespondente aangedui dat geen verpligte fooie/geld ten opsigte van skoolfooie of skoolfondse gehef moet word nie.

### **3.8.32.2 Bespreking**

Na aanleiding van die respons, kan afgelei word dat die verpligte heffing van skoolfondse en die betaling vir boeke vir omtrent die helfte van die ouers nie aanvaarbaar is nie.

## **3.8.33 PA SE BETROKKENHEID BY SKOOLAKTIWITEITE**

### **3.8.33.1 Bevindinge**

Van die 154 respondente het 110 gerespondeer, dus wou 44 vaders nie resondeer nie. Hiervan was 29 respondente uit die druipeilinggroep en 15 uit die nie-druipeilinggroep. Tabel 3.35 gee 'n ontleding van die twee subgroepe.

**TABEL 3.35: PA SE BETROKKENHEID BY SKOOLAKTIWITEITE**

BETROKKENHEID	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Ja	2 (3,8%)	5 (8,6%)	7 (6,4%)
Nee	50 (96,2%)	53 (91,4%)	103 (93,4%)
TOTAAL	52 (100%)	58 (100%)	110

$$X^2 = 1,049$$

$$p = 0,3058$$

### 3.8.33.2 Bespreking

Dit is opvallend dat onderskeidelik 96,2% en 91,4% van beide die druipeelinggroep en die nie-druipelinggroep se vaders nie by skoolverwante aktiwiteite betrokke is nie. Die geringe persentasie wat wel betrokke is, is grotendeels uit die nie-druipelinggroep.

### 3.8.34 MA SE BETROKKENHEID BY SKOOLAKTIWITEITE

#### 3.8.34.1 Bevindinge

Die 154 response word in Tabel 3.36 uiteengesit.

**TABEL 3.36: MA SE BETROKKENHEID BY SKOOLAKTIWITEITE**

BETROKKENHEID	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Ja	12 (14,8%)	9 (12,3%)	21 (13,5%)
Nee	69 (85,1%)	64 (87,6%)	133 (86,4%)
TOTAAL	81 (100%)	73 (100%)	154

$$X^2 = 5,435$$

$$p = 0,660$$



### 3.8.34.2 Bespreking

Alhoewel geen verband tussen moeders se skoolbetrokkenheid en skolastiese prestasie gevind is nie, kan betrokkenheid wel die moontlikheid van druipling verminder.

### 3.8.35 HUIDIGE MANIER WAAROP OUERS WEL BY DIE SKOOL BETROKKE IS

#### 3.8.25.1 Bevindinge

Tabel 3.37 gee 'n uiteensetting van die twee subgroepe ten opsigte van die manier waarop ouers by die skool betrokke is.

**TABEL 3.37: HUIDIGE OUER-SKOOLBETROKKENHEID**

BETROKKENHEID	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Sportafrigting & Werkgroepe	9 (11,2%)	4 (5,5%)	13 (8,5%)
Geen	72 (88,8%)	69 (94,5%)	141 (91,5%)
TOTAAL	81 (100%)	73 (100%)	154

$$X^2 = 1,838$$

$$p = 0,3990$$

#### 3.8.35.2 Bespreking

Uit Tabel 3.37 blyk dit dat 91,5% van alle respondente glad nie by sportafrigting of werkgroepe betrokke is nie.

### 3.8.36 KIND SE BETROKKENHEID BY BUITEMUURSE AKTIWITEITE

#### 3.8.36.1 Bevindinge

Van die 146 respondente is 51,4% uit die druipeelinggroep en 48,6% uit die nie-druipelinggroep. Agt respondente, 6 uit die druipeelinggroep en 2 uit nie-druipelinggroep, het nie op hierdie vraag gerespondeer nie. Tabel 3.38 gee 'n onderverdeling ten opsigte van die twee subgroepe.

**TABEL 3.38: BUITEMUURSE BETROKKENHEID**

BETROKKENHEID	DRUIPELINGE	NIE-DRUIPELINGE	TOTAAL
Ja	33 (44,0%)	36 (50,7%)	69 (47,3%)
Nee	42 (56,0%)	35 (49,3%)	77 (52,7%)
TOTAAL	75 (100%)	71 (100%)	146

$$X^2 = 3,138$$

$$p = 0,3709$$

#### 3.8.36.2 Bespreking

Soos in Tabel 3.38 uiteengesit, dui 'n groter persentasie nie-druipelingrespondente (50,7%) aan dat hulle by buitemuurse aktiwiteite betrokke is. Wanneer die twee subgroepe vergelyk word, kan die afleiding gemaak word dat betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite en slaag met mekaar verband hou terwyl nie-betrokkenheid verband hou met druipeing. Dit korreleer met vraag 3.8.22 waar dieselfde inligting op 'n heel ander wyse verkry is en gevolglik word die afleiding dat slaag en betrokkenheid met mekaar verband hou, op hierdie wyse en met hierdie vraag onderskryf.

### **3.8.37 WAT WIL DIE OUER OMTRENT DIE KIND SE SKOOL WEET?**

#### **3.8.37.1 Bevindinge**

Op hierdie vraag dui 61% van die druipeilingrespondente en 19,7% van die nie-druipeilingrespondente aan dat hulle belangstel om meer te verneem omtrent die skool se behoeftes en hul kinders se vordering en gedrag. Van al die respondente is 73,4% onseker oor dit wat hulle graag van die skool sal wil verneem.

#### **3.8.37.2 Bespreking**

Wanneer gelet word op die lae persentasie respons van beide groepe, maar ook die hoë persentasie "onseker" response, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat inisiatiewe ten opsigte van hierdie vraag vanaf die skool sal moet kom.

### **3.8.38 WAAROM DIE OUER SY KIND BY DIE BETROKKE SKOOL INGESKRYF HET**

#### **3.8.38.1 Bevindinge**

Van die 154 respondente het 44,8% aangedui dat die skool die naaste aan die huis is, gevolglik het hulle dit goed geag om hul kinders daar in te skryf. Die goeie dissipline wat die skool handhaaf is deur 18,5% van die ouers van druipeilinge en 24,7% van die ouers van nie-druipeilinge as rede aangehaal.

#### **3.8.38.2 Bespreking**

Hierdie vraag het te make met die skool se beeld by die publiek of skoolomgewing. 'n Geringer persentasie nie-druipeilingouers as druipeilingouers plaas 'n hoër premie op dissipline.

### **3.8.39 OOR WATTER DINGE BY DIE SKOOL VOEL DIE OUER ONGELUKKIG?**

#### **3.8.39.1 Bevindinge**

Op hierdie vraag het 52,6% van die ouers van druipeleerlinge en 47,4% van die ouers van nie-druipeleerlinge gereageer. Van beide groepe is 50,6% respondente onseker oor dit wat hulle ongelukkig maak, 16% van die ouers van druipeleerlinge en 31,5% van die ouers van nie-druipeleerlinge is ongelukkig omdat hulle voel dat sommige leerkragte se tug onbillik is.

#### **3.8.39.2 Bespreking**

Aangesien 47,5% van die ouers ongelukkig oor onbillike tug by hul kinders se skole voel, kan die afleiding gemaak word dat daar tussen ouer en skool, ten opsigte van waar ouers met die skool oor hul vrese in gesprek kan tree, 'n gebrek aan effektiewe kommunikasiekanale is.

### **3.9 SLOTPERSPEKTIEF**

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat ouers van kinders in die skole van die D.O.K.(R.V.) se betrokkenheid by skoolverwante aangeleenthede redelik beperk is. Die betrokkenheid van ouers van druipeleerlinge en nie-druipeleerlinge verskil nie weselik nie. Daar is egter maniere waarvolgens ouers se belangstelling in hul kinders se skoolopvoeding geprikkel kan word, gevolglik is dit noodsaaklik dat die skool die verantwoordelikheid moet aanvaar om ouer en skool stap vir stap nader aan mekaar te bring, totdat doeltreffende en entoesiastiese ouer-skoolsamewerking verwesenlik is.

## HOOFSTUK 4

### SAMEVATTING VAN BEVINDINGE, AANBEVELINGS EN MOONTLIKE OPVOLGNAVORSING

#### 4.1 INLEIDING

Na aanleiding van die literatuurstudie, sowel as die empiriese ondersoek, word die finale gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak. Om dit vir ouers van kinders in skole van die D.O.K. (RV) moontlik te maak om by hul kinders se skoolopvoedingsprogramme betrokke te raak, en sodoende 'n bydrae tot die verbetering van hulle kinders se skolastiese prestasie te lewer, word verskillende maniere van ouerbetrokkenheid voorgestel

#### 4.2. OUERWERWING

Aangesien ouers graag by skoolverwante aktiwiteite betrokke wil wees, kan gepoog word om soveel moontlik ouers vir gestruktureerde aktiwiteite te werf. Ouers kan op die volgende wyse gewerf word:

##### 4.2.1 ALGEMENE OUERVERGADERING

Aan die begin van die jaar word ouers na 'n algemene vergadering genooi waar die skoolhoof die werksaamhede (met inbegrip van projekte) van die skool bekend stel, maar ook waar ouers die geleentheid kry om hul kinders se klasonderwysers te ontmoet. Die ouer kry ook hier die geleentheid om by 'n projek van sy keuse (byvoorbeeld hulp by die afrigting van die skaakspan, dienste by die snoepwinkel, dienste by 'n werkgroep waar ouers gereeld byeenkom om behoeftige kinders se klere te herstel, ensovoorts) betrokke te raak.

## **4.2.2 KLASOUERVERGADERING**

'n Klasouervergadering vind plaas nadat die skoolhoof die ouers toegesprek het (by die algemene vergadering) en ouers voltooi 'n vorm waarop besonderhede soos hulle beroep, belangstellings en keuse van projekte verstrekk moet word. By hierdie geleentheid word hulle persoonlik genooi om 'n reëlingsvergadering by te woon en word daar aan hulle verantwoordelikhede gegee.

## **4.3 DIE OUER SE BYDRAE TEN OPSIGTE VAN DIE VOORKOMING VAN DRUIPING**

Wanneer 'n leerling in 'n bepaalde klas of standerd druipt, plaas dit druk op die leerling en die gesin. Voorkoming van druipting moet dus 'n belangrike doelstelling van elke ouer en die skool wees. Die ouer kan help dat die kind 'n goeie tuisleerder word deur onderstaande wenke te volg.

### **4.3.1 TUISONDERRIG**

Die ouer kan die kind leer om met huishoudelike take soos onder andere koekbak, koskook, tuinmaak en eenvoudige instandhoudingstake soos byvoorbeeld die herstel van 'n deur, kas, wasgoedlyn, of die heelmaak van klere te help. Deur dit te doen help die ouers om verantwoordelikheid en arbeidsingesteldheid te "oefen".

### **4.3.2 VERRYKINGSAKTIWITEITE**

Dit kan die vorm aanneem van die bou van legkaarte, die speel van woordspeletjies, die invul van blokkiesraaisels en ander aktiwiteite. Wanneer die ouer weeklikse of maandelikse inkopies by kettingwinkels doen, kan die speelgoedafdeling besoek word waar onder andere legkaarte en woordspeletjies met verskillende moeilikheidsgrade uitgestal word. Dit skep die geleentheid om na nuwe aktiwiteite of pryse vir onmiddellike of latere aankope te kyk.

### **4.3.3 LEERKONTRAKTE MET OUERS**

'n Leerkontrak kan tussen die ouer en die leerkrag aangegaan word waar die ouer onderneem om toe te sien dat tuiswerk gedoen of sekere studieopdragte uitgevoer word. So 'n kontrak word aan die kind as derde party in die kontrak verduidelik en die kind se samewerking word verkry. Dit moet 'n positiewe onderneming wees en tot voordeel van alle partye strek.

## **4.4 OPVOEDINGSPEIL VAN DIE OUERS**

Alhoewel kinders van ouers met hoër skoolastiese opleiding beter presteer as kinders van ouers met laerskolastiese opleiding, kan alle ouers betrokke gemaak word by programme waar akademiese peil of finansiële vermoë nie noodwendig deurslaggewend is nie.

### **4.4.1 SPESIALE PROJEKTE**

Ouers kan op gereelde tye by die skool saamgetrek word waar hulle ingelig word op watter wyse hulle met skoolwerk (byvoorbeeld die tuiswerk van hul kinders) behulpsaam kan wees. Ouers kan by die volgende ingeskakel word:

#### **4.4.1.1 DIE MAAK VAN LEERMIDDELS**

Werkswinkels kan op gereelde basis gehou word waar leerkragte voorbeelde van leermiddels maak en ouers wat kunstig aangelê is, of handvaardig is, help om die onderwys hulpmiddels te maak.

#### **4.4.1.2 ONDERSTEUNING MET LEERPROJEKTE**

In vakke soos Algemene Wetenskap en Natuur en Skeikunde kan ouers ingelig word op watter wyse hulle hul kinders kan help met navorsing of naslaanwerk ten einde hulle in staat te stel om spesiale take te voltooi.

#### 4.4.1.3 INSKAKELING BY OPVOEDKUNDIGE UITSTAPPIES

Sodra die vakhoofde, voogonderwysers of klasonderwysers 'n program van opvoedkundige uitstappies uitgewerk het, kan ouers by klasvergaderings of deur skriftelike kommunikasie hieroor ingelig word. By spesiale vergaderings kan verdere beplanning gedoen word en ouers kan hulp verleen met byvoorbeeld die soek van borge, voorbereiding van kos, hulp met toesighouding, ensovoorts.

#### 4.4.1.4 INSTANDHOUDINGSTAKE

Ouers kan tydens gereelde ontmoetings beplan om onder andere met die instandhouding van byvoorbeeld die speelpark (vir kleuters) te help, of leerlinge kan selfs met hul ouers 'n skooltuin (groente of blomme) aanlê, veral omdat talle ouers se huidige huisvesting geen geleentheid bied om " 'n stukkie grond te bewerk nie". Hierdie "stukkies grond" hoef nie noodwendig by die skool te wees nie. Grond kan teen minimale koste van die plaaslike munisipaliteit gehuur word, of ander beskikbare grond kan geïdentifiseer word vir die gebruik van ouers. Op hierdie wyse word kinders gemotiveer om daarna te strew om later self 'n "eie stukkie grond" te besit of te bewerk of respek vir die natuur/grond te ontwikkel.

#### 4.4.1.5 GELETTERDHEIDSPROGRAMME VIR OUERS

Aangesien die ongeletterde ouer ook geïdentifiseer is, is vraelyste persoonlik deur veldwerkers by die betrokke ouers afgeneem. Die skool kan 'n betekenisvolle rol speel deur te help met die bekamping of geleidelike vermindering of uitskakeling van ongeletterdheid onder die ouerbevolking. Deur programme te loods om die ouer in staat te stel om ook skriftelik met hul kinders se skool te kommunikeer, sal skool-ouerskakeling positief beïnvloed word. Dit kan onder andere soos volg plaasvind:

- Onderwysers of onderwyseresse wat gewillig is, maar ook ouers of afgetrede onderwysers, kan onder leiding van die skool geletterdheidsprogramme aanbied aan ouers wat daarvan gebruik wil maak. Terwyl onderwysers slegs ná skool of saans vir hierdie programme beskikbaar sal wees, kan mede-ouers of afgetrede onderwysers dit ook gedurende die oggend aanbied.
- Gewillige leerkragte kan gewerf word om ouers tuis te leer lees en skryf.



Die befondsing van die geletterdheidsprogramme kan gedeeltelik deur die ouers self gedra word, of die O.O.V. kan ook 'n bydrae maak. Maatskappye, veral instansies waar die ouers werksaam is, kan in hierdie verband genader word.

#### **4.5 BEHUISING AS FAKTOR IN DIE SKOLASTIESE VORDERINGSPROBLEMATIEK**

Leerlinge wat in konvensionele huise woon, asook leerlinge wat in huise met meer as vier vertrekke woon, se prestasie is hoër as leerlinge wat 'n ander vorm van huisvesting het. Alhoewel hierdie probleem nie oornag opgelos kan word nie en die oplossing nie op die gebied van die skool lê nie, kan ouers 'n werkkomitee vorm (as onderdeel van die ouer-onderwyservereniging) wat dit ten doel het om die huisvestingprobleme van die skoolouergemeenskap aan te spreek. Die komitee kan met die privaatsektor in gesprek tree en gesamentlike aksies kan geloods word waar ouers inligting ten opsigte van selfbouprojekte, verkryging van huislenings, en ander verbandhoudende sake ontvang.

Parallel met vermelde aksies kan skoolgeboue beskikbaar gestel word waar leerlinge, onder toesig van gewillige ouers wat 'n basiese opleiding sal ontvang, op georganiseerde wyse ná skool hul tuiswerk kan doen. Hierdie bydrae kan verreikende gevolge vir die kind en die ouer hê. Gemoedsrus vir die ouer wat nie tuis is nie en weet sy kind is onder toesig besig om tuiswerk te doen sowel as om met selfstudie besig te wees, kan op hierdie wyse verseker word.

#### **4.6 DIE NADELIGE EFFEK VAN MEER AS EEN MAN OF VROU AS HUISBEWONER**

In huise waar daar meer as een man of vrou woon, is die akademiese prestasie van die kinders in die huishouding swakker as in huise waar slegs ouers (man en vrou) woon. Aangesien die skool nie by magte is om hierdie probleem op te los nie, kan maatskaplike dienste hiervan bewus gemaak word sodat hulle dit weer op hul beurt by hul programme kan inskakel. So kan hulle genooi word om by die ouer-onderwyservereniging praatjies te lewer oor onder andere:

- die rol van 'n vaderfiguur ten opsigte van die kind;
- ouerverantwoordelikheid ten opsigte van opvoeding;
- die ouers as vennote in die opvoedingsproses;

- kindermolestering;
- oorbewoning.

#### **4.7 DIE INKOMSTE VAN DIE OUERS**

Kinders wie se ouers in die hoër inkomstegroepe val, presteer beter as kinders wie se ouers binne die laer inkomstegroepe val. Aangesien laasgenoemde ouers nie in staat is om hul kinders te stimuleer deur hulle op opvoedkundige uitstappies te neem nie of selfs net weg van die huis na ander omgewings te neem nie, behoort die skool baie aandag aan opvoedkundige uitstappies te gee. Hier het die O.O.V. 'n belangrike taak aangesien die leerlinge so veel as moontlik na nuwe leeromgewings geneem moet word.

#### **4.8 AFSTAND WAT OUERS VAN HUL WERK IS**

Vaders van druipeleerlinge neem langer om by die werk te kom as vaders van nie-druipelinge. So is daar ook meer moeders van druipeleerlinge wat in 'n voltydse werk staan. Deur middel van huisbesoek kan hierdie probleem in skole geïdentifiseer word. Daar word aanbeveel dat, met die samewerking van die ouer, 'n persoon aangewys word wat as skakelpersoon tussen die skool en die ouer sal dien en wat ook periodiek as plaasvervangende ouer kan optree.

Huisbesoek bied 'n opvoedingsgeleentheid wat in belang van die kinders nie versuim moet word nie. Die leerkrag vergewis hom van die kind se skoolwerk, bywoning en gedrag sodat hy gesprekspunte kan hê. Hy gaan nie na die ouerhuis as hervormer of moralis nie. Bereidheid om die ouers te aanvaar soos hulle is en op hierdie grondslag met hulle te skakel, sal goeie samewerking verseker en tot voordeel van die kind strek.

#### **4.9 GEVARE IN BUURT**

Meer druipele- as nie-druipelinge woon in buurte waar hulle aan gevare blootgestel is. Daar word aanbeveel dat sulke gebiede geïdentifiseer word sodat hulle met die wete van die ouers by die skool bly om eers hul tuiswerk te voltooi, en daarna op 'n bepaalde tyd nog steeds in groepe huis toe kan stap. Die ouers kan

ook 'n nasorgfasiliteit in die skool skep waar kinders van werkende ouers, teen geringe betaling, onder toesig werk en speel en van voedsel voorsien kan word.

#### **4.10 DIE INVLOED VAN MAATS**

Druipelingleerlinge is meer vatbaar vir negatiewe beïnvloeding deur maats as nie-druipelingleerlinge. Die hantering van hierdie aspek is veral binne die terrein van die voorligtingonderwyser maar elke onderwyser het hier 'n verantwoordelikheid. Daar word aanbeveel dat hierdie aspek in samewerking met voorligtingverenigings aangespreek word.

Ten einde aan die kind die geleentheid te bied om sinvol met maats in groepe te kommunikeer, kan die skool die totstandkoming van skoolverwante aktiwiteite soos debatsverenigings, studiegroepe of sanggroepe bevorder. Die kind kan ook aangemoedig word om in te skakel by erkende groepe soos die padvinders, jeugbrigades, debatsverenigings, V.C.S. (Vereniging van Christen Studente) of dramaverenigings (veral senior leerlinge).

#### **4.11 DIE ROL VAN DIE ENKELOUER**

Meer druiplingleerlinge as nie-druipelingleerlinge het enkelouers. Die gevolgtrekking wat gemaak word is dat kinders waarvan die ouersamestelling onvolledig is, swakker vaar as kinders uit "volledige" huwelike. Daar word aanbeveel dat die enkelouers as 'n spesifieke teikengroep hanteer word.

##### **4.11.1 DIE ENKELOUER EN OUER-ONDERWYSERVERGADERINGS**

Ten tye van ouer-onderwyservergaderings kan die enkelouer, indien daar ook ander kinders is om te versorg, aangemoedig word om ten tye van die O.O.V.-vergaderings die kinders saam skool toe te bring, waar die skool vir toesighouding sorg. 'n Film kan vir hulle vertoon of speelgoed voorsien word. So kan hulle ook onder toesig teken, inkleur of met ander opvoedkundige speelgoed hulself besig hou.

#### **4.11.2 DIE ENKELOUER AS BROODWINNER**

Wanneer plaasvervangende ouers die enkelouer op 'n gereelde grondslag by ouer-ouderwyser-ontmoetings verteenwoordig (wanneer die ouer die broodwinner is), kan ooreengekom word dat skoolbesoeke tydens die etenstye van die ouer kan geskied. Die telefoonlyn kan vir die gerief van ouers gedurende etenstye "oopgehou" word sodat veral die ouer wat in 'n voltydse werk is, gedurende hierdie tye met die skool kan kommunikeer.

#### **4.11.3 KORRESPONDENSIE AAN EN BETROKKENHEID VAN DIE ENKELOUER**

Ten einde seker te maak dat enkelouers nie te na gekom word deur 'n verkeerde aanspreekvorm op korrespondensie nie, kan korrespondensie aan "Geagte Ouer" gerig word. Wanneer spesiale byeenkomste soos kleuresportbyeenkomste gereël word, kan voorsiening gemaak word vir items waaraan die pa of ma of 'n kind en 'n volwassene kan deelneem.

Daar word verder aanbeveel dat die skool aan die begin van die jaar vasstel watter dag die gerieflikste vir alle ouers sou wees om vergaderings by te woon en dat vergaderings, hetsy van die O.O.V. of klasouerkomitees, so beplan word dat enkelouers sommige vergaderings, indien nie almal nie, sal kan bywoon.

#### **4.11.4 DIE ENKELOUERVERENIGING**

Enkelouers het eiesoortige behoeftes wat alleenlik deur hulself geïdentifiseer kan word. Deur die totstandkoming van enkelouerverenigings kan ouers saam besin oor hul ondersteunende rol wat hulle ten opsigte van hul kinders se skoolopvoedingsprogram kan of sal wil speel.

#### **4.12 ONDERSTEUNINGSDIENSTE DEUR OUERS**

Die grootste persentasie ouers van beide druipeleerlinge en nie-druipeleerlinge het slegs een skoolbesoek afgelê. Aangesien die ouer te kenne gee dat hy graag die gaping tussen ouerhuis en skool wil help oorbrug, word

aanbeveel dat geleentheid vir ouer-onderwyserontmoetings geskep word. Dit kan op die volgende wyse geskied:

#### **4.12.1 SPORTBEOEFENING**

By die skool se jaarlikse sportbyeenkomste soos die kleuresportbyeenkoms, wintersportbyeenkoms of byeenkomste waarna besoekende skole genooi word, kan ouers verkope organiseer. Sou daar ouers wees wat kennis het van bepaalde sportsoorte, kan hulle by afrigting ingespan word. Met die onderverdeling van die O.O.V. in werkkomitees, byvoorbeeld werkkomitee vir kultuur, sport, vervoer, geboue en terreine, biblioteek, onderwys hulpmiddels of fondswerwing, kan die komitee vir sport die onderwyser vir liggaamlike opvoeding bystaan deur afrigtingstake, veral op Saterdagoggende, te verrig.

#### **4.12.2 SKOOLKONSERTE OF OPERETTES**

By hierdie geleentheid kan beskikbare ouers gedurende skooltyd en onder leiding van die naaldwerkonderwyseresse, met die maak van kostuums behulpsaam wees.

#### **4.12.3 DIE SKOOLDANS**

Die O.O.V. se komitee vir fondswerwing kan die skoordans jaarliks organiseer. Lede van die skoolkomitee of O.O.V.-lede kan met die soek van borge, saalverfraaiing, voorbereiding van kos, blommerangskikkings en ander geïdentifiseerde take behulpsaam wees.

#### **4.12.4 PRYSUITDELING OF DIPLOMAPLEGTIGHEID**

Die skool se jaarlikse prysuitdeling kan gepaard gaan met 'n uitstalling van artikels van leerlinge. Daar kan aan ouers lokale of 'n lokaal toegesê word waar hulle ook kan uitstal byvoorbeeld, breiwerk, hekelwerk, borduurwerk, koeke en ander selfgemaakte artikels. 'n Veiling kan selfs na afloop van die uitstalling gehou word waar die ouers se artikels vir skoolfonds opgeveil word.

### 4.13 KLASOUERKOMITEES

Aangesien skool-ouerskakeling en skolastiese prestasie betekenisvol met mekaar in verband gebring word, word aanbeveel dat 'n platform vir hierdie doel geskep word. Die totstandkoming van klasouerkomitees word voorgestel.

Die doeltreffendste ouersamewerking kan op klasvlak plaasvind. Wanneer ouers in klein groepe saamgetrek word om menings met mekaar te deel, doen hulle dit met meer vrymoedigheid as wanneer 'n massa ouers bymekaar is. Onder leiding van die klasonderwysers van die pre-primêre en sub. A-klasse kan ouers in groepe bymekaar gebring word om klein komitees te vorm. Daarna kan die hele sub. A-seksie in 'n groep bymekaar kom. Soos leerlinge na 'n volgende standerd vorder, word komitees tot stand gebring totdat die hele skool uiteindelik op hierdie wyse hul ouers betrokke gemaak het.

Hierdie komitees kan 'n onderdeel van die O.O.V. vorm. By die senior sekondêre skole kan klasouerkomitees by st. 6 begin. Wanneer klasouerkomitees vergader kan onder andere die volgende behandel word:

- Goeie en doeltreffende studiegesindhede, -gewoontes en metodes.
- Die tienerkind en sy behoeftes.
- Selfbeeld en selfaanvaarding.
- Gesinsverhoudings en -kommunikasie.
- Die ouer as vennoot in die skoolopvoedingsproses.
- Die dieet van die skoolgaande kind.
- Stimulerende tuisaktiwiteite.
- Opvoedkundige uitstappies.
- Informele byeenkomste.
- Oopdae.

### 4.14. DIE OUER-ONDERWYSERVERENIGING (O.O.V.)

#### 4.14.1 DIE O.O.V.-BESTUUR

Die ouer-onderwyservereniging se bestuursamestelling behoort verteenwoordigend van die breë skoolspektrum te wees. 'n Voorgestelde samestelling is:

- 'n verkose ouer as voorsitter;
- die skoolhoof as ondervoorsitter;

- twee verteenwoordigers van die skoolkomitee;
- twee verteenwoordigers van die personeel; en
- vier verteenwoordigers van die ouers.

#### **4.14.2 TERREINE VIR DIE O.O.V.**

Die volgende onderwerpe kan onder meer op die agenda van die ouer-  
onderwyservereniging geplaas word :

- bespreking oor die vordering van leerlinge;
- fondsinsameling;
- gassprekers om oor onderwerpe soos permissiwiteit, dwelmmiddels, dissipline, puberteit, sekonderrig, die voorskoolse kind, ensovoorts te gesels;
- O.O.V.-publikasies;
- ontspanning; en
- ouer-biblioteke.

#### **4.15 DIE KIND SE BETROKKENHEID BY SPORT EN ANDER BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Navorsing het getoon dat die deelname aan sport en ander kulturele aktiwiteite skolastiese prestasie positief beïnvloed. Skole van die D.O.K.(R.V.) is egter hoofsaaklik vanaf Maandag tot Donderdag by sportaktiwiteite betrokke. Dit veroorsaak dat leerlinge minder tyd na skool aan selfstudie of tuiswerk kan bestee. Ten einde skolastiese prestasie verder te verhoog, word aanbeveel dat sportaktiwiteite selektief na Saterdagoggende verskuif word sodat ouers ook by afrigting en sportverwante aktiwiteite gebruik kan word.

Nie mededingende sport waaraan alle leerlinge kan deelneem kan besondere geleenthede skep. So kan 'n sokkerspan saamgestel uit 'n groep vaders, teen 'n groep seuns 'n wedstryd speel.

#### **4.16 TUISWERK**

Deur middel van skriftelike kommunikasie kan ouers gereeld oor tuiswerkopdragte ingelig word.

Daar word aanbeveel dat die kind sy tuiswerkopdragte in 'n spesiale boek aanteken, wat daaglik deur die ouers nagegaan en wanneer die tuiswerk afgehandel is, geteken word. Ouers word omtrent hierdie boekie ingelig sodat, indien tuiswerk sou verminder, of te veel gegee word, hulle met die klasonderwyser in gesprek kan tree.

#### **4.17 OUERBETROKKENHEIDSPROGRAMME**

Ouers wil betrokke wees by skoolverwante aangeleenthede en hulle soek geleenthede daarvoor. Hulle weet egter nie hoe en waarby hulle betrokke kan raak nie. Die volgende word aanbeveel :

##### **4.17.1 SKOOLVOEDINGSKEMAS**

Die werkkomitee van die O.O.V. wat na die fisieke welsyn van die kinders omsien, kan 'n skoolvoedingskema organiseer. Hulle kan byvoorbeeld plaaslike groentehandelaars nader om op gereelde grondslag bydraes te maak ten einde hulle in staat te stel om 'n sopkomhuis te bedryf. Bakkerye kan genader word om brood te verskaf. So ook kan melk bekom word. Borge kan gewerf word om hierdie projekte te finansier.

##### **4.17.2 ROMMELSKENKINGS**

Ouers kan gevra word om klere wat in onbruik geraak het aan die skool te skenk. Die werkkomitee wat welsyndienste hanteer, kan selfs instansies nader om skenkings vir hierdie doel te kry. Wanneer leerkragte huisbesoek doen, kan "geskenkpakkies" aan behoeftige ouers oorhandig word.

##### **4.17.3 VOEDSELSKENKINGS**

Skole kan ouers gewoond maak aan die feit dat 'n dag bepaal kan word wanneer elke gesin 'n blikkie voedselware aan die skool skenk. Kosmandjies kan dan aan behoeftige gesinne oorhandig word.



#### **4.18 DIE OUER EN DIE VOORSKOOLSE KIND**

Gedurende die laaste kwartaal wanneer inskrywings reeds gedoen is, kan ouers van beginnerleerlinge by die skool vergader. Hier kan hulle ingelig word oor eenvoudige "speletjies" wat die kind met die gereedmaakproses kan help. Op heel eenvoudige wyse word die ouer vanaf die begin van sy kind se skoolloopbaan, betrek sodat hy sy vennootskapsrol kan speel. Die kind en die ouer kan gedurende die laaste kwartaal die skool gereeld besoek (twee of drie keer).

#### **4.19 KURRIKULÊRE BETROKKENHEID VAN DIE OUER**

##### **4.19.1 DIE OUER SE BYDRAE TEN OPSIGTE VAN LEES**

Selfs al kan die ouer self nie lees nie, kan die kind vir hulle uit die klasleesboek voorlees. Gedeeltes uit tydskrifte of koerante kan ook voorgelees word. Hierdie praktyk behoort op gereelde basis tuis plaas te vind. Die ouer wat wel kan lees kan nadat die kind sy eie leesstuk geselekteer het, saam met hom lees, ten einde 'n goeie leesspoed te ontwikkel en vas te lê.

##### **4.19.2 DIE OUER EN DIE TELEVISIE**

Ouer en kind kan saam oor 'n bepaalde televisieprogram besluit. Na afloop daarvan word die program bespreek. Dit kan selfs aan die etenstafel geskied sodat die hele gesin by die gesprek betrokke kan raak en die kind dan meer spontaan sy opinie sal gee.

##### **4.19.3 DIE OUER SE ROL TEN OPSIGTE VAN BELONING**

Indien 'n kind aan sekere verwagtinge ten opsigte van sy werk voldoen het, kan hy daarvoor beloon word. Wanneer hy egter teleurstel, kan die beloning weerhou word. Die beloning kan die vorm van sekere voorregte aanneem, byvoorbeeld die voorreg om na sy geliefde program op televisie te kyk.

#### 4.20 DIE KIND SE STUDIEHOEKIE

Aangesien die grootste aantal leerlinge hul tuiswerk in hul slaapkamers doen, word aanbeveel dat ouers aangemoedig word om "studiehoekies" in hul kinders se kamers in te rig met een of ander vorm van gerieflike skryfoppervlakte (nie die bed nie) en 'n rak of pakplek waar die kind leer om sy boeke netjies te pak.

#### 4.21 ONOORDEELKUNDIGE TUG AS BELEMMERENDE FAKTOR

Ouers voel ongelukkig oor onbillike tug by die skool. Daar word aanbeveel dat die voogonderwysers byeenkom en 'n dissiplinêre kode vir die skool uitwerk. Alle moontlike oortredings word geïdentifiseer en opvoedkundig-gefundeerde strafmaatreëls word bepaal. Die dissiplinêre komitee sien toe dat die reëls konsekwent toegepas word. Strafmaatreëls kan byvoorbeeld die volgende gestalte aanneem:

- Laatkom - bly na skool om tyd in te werk.
- Baklei - 'n Gedeelte van die skooltuin kan afgebaken word as "werkakker" en die kind verrig werk in hierdie tuin om van sy oortollige energie ontslae te raak. Die klaskamer of skooltuin kan ook skoongemaak word.
- Onbetroubaarheid - 'n Motorwasdag word by die skool gereël en 'n klasgroep aanvaar verantwoordelikheid. Die fondse hierdeur ingewin word in die skoolfonds gestort.

#### 4.22 AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN DIE SPANNAVORISNG

Die volgende aanbevelings word gemaak:

- Groter inspraak en seggenskap van ouers in skole.
- Groter mede-verantwoordelikheid van ouers by kinders se kurrikulêre en ko-kurrikulêre aktiwiteite.
- Betrek kundige ouers en persone in die gemeenskap by ko-kurrikulêre aktiwiteite.
- Stig ouer-onderwyserverenigings en gee riglyne vir die optimale funksionering van sulke verenigings.
- Hou ouers en belangstellendes in die gemeenskap op die hoogte met skool- en onderwysgebeure deur middel van 'n periodieke nuusbrief.

- Stel 'n onderwyser aan om verantwoordelikheid vir berigging insake skoolnuus in die plaaslike koerant te aanvaar. Die D.O.K.(R.V.) se afdeling vir volwasse opvoeding moet gevra word om programme te loods om die gesindheid teenoor onderwys tussen ouers en die breër gemeenskap te bevorder.

(Navorsingsverslag, 1988-1990:223)

#### 4.23 ALGEMENE AANBEVELINGS

Ouerbetrokkenheid word in die "Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika (1983)" aangespreek.

Ten opsigte van 'n ouer-onderwyservereniging word aanbeveel dat gelet word op die funksies van so 'n vereniging, naamlik om "Die hoof en onderwysers te steun in hul professionele taak, hulle professionele status in die klaskamer te respekteer en ouers aan te moedig om hulself as vennote in die opvoedingstaak te beskou". (De Lange, 1983:14). Ouer-onderwyserverenigings moet op plaaslike, streeks-, provinsiale en nasionale vlak georganiseer word.

Die ouer het die taak om te sorg dat daar tuis met die kind se voorbereiding vir die formele skool begin word. Die skool word dan die verlengstuk van die ouerhuis as skool en ouer akkoord gaan daarmee dat die kind die beste moontlike opvoeding moet ontvang. Ander belangrike ondersteuningsfunksies van die ouer is :

- om sorg te dra dat aan die kind 'n stimulerende omgewing tuis voorsien sal word;
- om te help met die daarstelling van 'n tuisbiblioteek. Beplanning en keuse van leesmateriaal word saam met die kind gedoen;
- om sorg te dra dat tuiswerk gereeld daaglik en nie oorhaastig, gedoen word nie;
- om dit wat die betrokke dag in die klaskamer gebeur het, veral ten opsigte van nuwe leerstof, aan die etenstafel te bespreek;
- om, wanneer geskenke gekoop word, na stimulerende boeke te kyk;
- om toe te sien dat die kind na nuusberigte of nuusbuletins op televisie te luister en dit dan te bespreek. Die kind se aandag kan gevestig word op die invloed wat nuusgebeure elders in die wêreld op sy lewe mag hê;
- om teenwoordig te wees wanneer geleenthede vir ouer-onderwyser-ontmoetings deur die skool van stapel gestuur word;

- om die kind gedurig daaraan te herinner dat dissipline in die klaskamer, maar ook selfdissipline, noodsaaklik is;
- om die kind te stimuleer tot kreatiewe denke en handeling met ander woorde wanneer die kind besig is om iets met sy hande te maak, moedig hom aan of wanneer hy vrae stel, moenie slegs antwoorde verstreke nie - lei hom, indien dit nie te akademies is nie, om self die antwoorde te soek. 'n Antwoord soos: "Gaan haal gou die woordeboek dan kyk ons saam na die antwoord." sal tot stimulerende handeling lei.

#### 4.24 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om, na aanleiding van die bevindinge uit die literatuurondersoek asook die empiriese ondersoek, uitvoerbare en praktiese maniere van ouerbetrokkenheid in skole van die D.O.K.(R.V.) te gee.

Die ondersoek het aan die lig gebring dat ouers nie betrokke gemaak word nie. Maniere hoe elke ouer nader gebring kan word, sonder dat die terrein van die onderwyser, wat hoofsaaklik vir kurrikulêre onderrig verantwoordelik is, oorskry word, word op 'n werkbare wyse voorgestel.

Die skoolhoof het 'n sentrale rol te speel ten opsigte van ouerbetrokkenheidstrategieë, aangesien die inisiatief in die eerste plek deur die skool self geneem behoort te word. Met die volgehoue ondersteuning en samewerking van die ouer, het die kind 'n kans om sy skooljaar suksesvol te voltooi.

#### 4.25 SWAKHEDE IN DIE ONDERSOEK

Met die afhandeling van die empiriese werk, het sekere swakhede in die ondersoek na vore gekom. Alle steekproefgevalle kon nie deur die veldwerkers bereik word nie. Van die respondente was onwillig om ten volle saam te werk. Onveiligheid in enkele huise en gebiede het veroorsaak dat veldwerkers nie rustig die vraelyste kon afneem nie. Onderhoude was nie altyd geskik by ontwikkelde persone nie. Hulle het te kenne gegee dat hulle sal antwoord gee as dit anoniem is en hulle self die vorm kan voltooi.

#### 4.26 VERDERE NAVORSING

Weens die feit dat die Suid-Afrikaanse onderwysopset so dinamies is en verandering aan die orde van die dag is, is dit belangrik dat verdere navorsing oor ouerbetrokkenheid in 'n veranderende Suid-Afrika gedoen word. Ander terreine wat nagevors kan word is:

- Maniere hoe ouers by buitemuurse aktiwiteite betrokke gemaak kan word.
- Ouerprojekte ten opsigte van befondsing.

#### 4.27 SLOT

Dit is duidelik dat die prestasie in skole van die D.O.K.(R.V.) deur die doelbewuste bemoeienis van die ouer kan verbeter. Goedgekoördineerde samewerking is nodig om sinvolle skakeling tussen kind, ouer, onderwyser en die skool in die breë, te bewerkstellig. Elkeen het ook 'n afsonderlike rol te speel ten einde te verseker dat die kind se uiteindelijke skolastiese prestasie sodanig sal verbeter dat sy/haar selfbeeld positief beïnvloed sal word, maar ook dat die ouer en die skool in die proses bevredig sal kan word.

**BIBLIOGRAFIE****A: BOEKE EN AMPTELIKE PUBLIKASIES**

- Behr, A.L. (1984) **New perspectives in South African education (2nd ed.)**. Durban : Butterworths.
- Boucher, L. (1982) **Tradition and change in Swedish education**. Oxford : Pergamon Press.
- De Lange, J.P. (1981) **Onderwysvoorsiening in die R.S.A.** Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Dent, H.C. (1982) **Education in England and Wales (2nd ed.)**. Londen : Hodder and Stoughton.
- Departement van Onderwys en Kultuur, Raad van Verteenwoordigers. (1986) **Handleiding vir Skoolhoofde**.
- Departement van Nasionale Opvoeding. (1982) **Advies van die tussentydse onderwystaakgroep na aanleiding van die verslag van die hoofkomitee van die R.G.N.-ondersoek na die onderwys en kommentaar daarop deur die publiek**. Pretoria : Staatsdrukker.
- Departement van Onderwys en Kultuur, Raad van Verteenwoordigers. (1990) **'n Onderzoek na die skolastiese vordering van leerlinge in skole van die Departement Onderwys en Kultuur (Raad van Verteenwoordigers) : 'n Spannavorsingsprojek, 1988 - 1990**.
- Departement van Onderwys en Kultuur, Raad van Verteenwoordigers. (1987) **Opvoeding vir die Lewe**.
- Du Preez, J.J. & Malan, J.A. (1989) **Klimaatskepping in die klaskamer**. Stellenbosch : U.U.B.

- Fafunwa, A.B. & Aisiku, J.U. (1982) **Education in Africa : A Comparative survey.** Londen : George Allan & Unwin.
- Gilbert, G.N. (1981) **Modelling Society : An introduction to loglinear Analysis for Social Researchers.** Londen : George Allan & Unwin.
- Green, L. (1968) **Parents and Teachers, Partners or Rivals.** Londen : George Allan & Unwin.
- Huebener, T. (1962) **The schools of West Germany.** New York : University Press.
- Huysamen, G.K. (1976) **Inferensiële statistiek en navorsingsontwerp.** Kaapstad : Academica.
- Kindred, L.W. (1958) **School Public Relations.** Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice Hall.
- Kindred, L.W., Bagin, D.P. & Gallagher, D.R. (1984) **The school and Community Relations (3rd ed.).** Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice Hall.
- King, R. (1978). **All things bright and beautiful: A sociological study of infants.** Toronto : John Wiley & Sons.
- Lewis, H.D. (1985) **The French Education System.** Londen : Croom Helm.
- Luthuli, P.C. (1981) **The philosophical foundations of black Education in South Africa.** South Africa : Butterworth & Co.
- Meyer, A.E. (1967) **An Educational History of The American People.** Londen : McGraw-Hill.
- Mwanakatwe, J.M. (1971) **The growth of education in Zambia since Independence.** Lusaka : Oxford University Press.
- Raju, B.M. (1973) **Education in Kenya: Problems and Perspectives in Educational Planning and Administration.** Londen : Heinemann

- R.S.A. (1963) **Wet op Onderwys vir Kleurlinge (No. 47)**. Pretoria : Staatsdrukkers.
- Saenger-Ceha, M.M. (1970) **Psychological and Social factors in student dropout**.  
Amsterdam : Swets & Zeitlinger
- Scholtz, I.P. (1981) **Ouer, u kind: 'n Gids vir verloofdes, studente, ouers en onderwysers**. Potchefstroom : Pro Rege.
- Schreue, W., Goetter, W.G.J. & Bunn, A. (1986) **Single parents and student achievement**. U.S.A. Today (July).
- Van Schalkwyk, O.J. (1983) **Ouerbetrokkenheid by die Onderwys**. Pretoria : N.G.K. Boekhandel.
- Van Schalkwyk, O.J. (1990) **Ouerbetrokkenheid: 'n Handleiding vir die Onderwyser**. Alkantrant : Alkanto Uitgewers.



**B: TESISSE**

- Barkhuizen, J.N.W. (1982) Die skoolhoof se taak by doeltreffende kommunikasie tussen die skool en die ouergemeenskap ter bevordering van die opvoedingsvennootskap. (Ongepubliseerde M.Ed.-tesis). Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.
- Buckle, W.H. (1988) Die bestuurstaak van die skoolhoof ten opsigte van skakeling. (Ongepubliseerde M.Ed.-tesis). Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.
- Breitenbach, T.C. (1985) Ouerbetrokkenheid by die opvoeding en Onderwys met besondere verwysing na die Afrikaanse ouervereniging vir Christelike opvoeding en Onderwys: 'n temporaliteits-pedagogiese perspektief. (Ongepubliseerde M.Ed.-tesis). Port Elizabeth : Universiteit van Port Elizabeth.
- Coetzee, H.M. (1985) Die rol van die ouerhuis by Swart stedelike Onderwys. (Ongepubliseerde M.Ed.-tesis). Bloemfontein : Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Dekker, E.I. ((1986) Parental rights, parent participation and parent co-operation in the formal education of the West German Länder: General guidelines for parental involvement in Education. (Unpublished D.Ed.-dissertation). Pretoria : Unisa.
- Douglas, A.C.R. (1988) Enkele biografiese veranderlikes wat verband hou met druiing op primêre-skoolvlak in die Pacaltsdorpgebied. (Ongepubliseerde MA-verhandeling). Port Elizabeth : Universiteit van Port Elizabeth.
- Finley, D.R. (1981) The effect of guidance on study habits, study attitudes and academic achievement. (Unpublished M.Ed.-dissertation). Pretoria : Unisa.

- Gabela, R.V. (1983) Parental involvement as an administrative component of educational administration for Black people in South Africa (Microfiche). (Unpublished M.Ed.-dissertation). Kwa-Dlanpezea : University of Zululand.
- Hart, R.J. (1985) Positiewe faalangs by leerlinge in die sekondêre skoolfase. (Ongepubliseerde M.Ed.-tesis). Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit.
- Hepworth, T.F. (1987). A preliminary investigation into the role of parents and the community in the improvement of schools at the third (local) level, with special emphasis on Curriculum Development. (Unpublished M.Ed.-dissertation). Port Elizabeth : University of Port Elizabeth.
- Malan. J.A. (1976) Die kerngesin- met spesifieke verwysing na die gesin waarin 'n kind met leermoeilikhede opgevoed word: 'n sosio-pedagogiese verkenningsstudie. (Ongepubliseerde doktorsale proefskrif). Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.
- Reddy, C.N. (1970) An investigation into the problem of failure amongst pupils in Coloured primary schools. (Unpublished M.Ed.-dissertation). Bellville : University of Western Cape.
- Van Schalkwyk, P.L. (1988) Die kommunikasie tussen die skool en die ouer met besondere verwysing na die hoërskoolbeginner. (Ongepubliseerde M.Ed.-tesis). Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.

**C: TYDSKRIFARTIKELS**

- Ajam, M. (1986) Single-Parenthood in Cape Town and Environs: The Educational Implications. *Educatio*, 10(3):21-23.
- Barnard, M.C. (1981) Kommunikasie tussen ouer en skool(hoof). *Die Unie*, 77(12):297-299.
- Barnard, S.S. (1982) Ouers moet betrek word by Onderwysfinansiering. *Oënskou*, 2(9):332-333.
- Barney, J. & Koford, J. (1987) Schools and Single Parents. *The Education Digest*, 10:40-43.
- Becker, J.H. & Epstein, J.L. (1982) Parent Involvement: A survey of teacher practices. *The elementary school Journal*, 83(2):85-102.
- Dekker, E. (1989) 'n Pleitrede vir die instelling van klasouerkomitees op skool. *Unisa Alumnus*, 11(11):27-30.
- Enloe, W. & Lewin, P. (1987) The co-operative spirit in Japanese Primary Education. *The Educational Forum*, 51(3):233-240.
- Franzen, H.E. (1984) Die vrese, aard, benutting en bevordering van ouerbetrokkenheid by die onderwys. *Die Unie*, 81(3):62-76.
- Granowsky, A., Middleton, F.R. & Mumford, J.H. (1979) Parents as partners in education. *The Reading Teacher*, 4:826-830.
- Hannon, P.W. & Cucle, P. (1984) Involving parents in the teaching of reading: a study of current school practices. *Educational Research*, 26(1):7-13.
- Heyns, G.F. (1986) Ouerbetrokkenheid. *Die Vrystaatse Onderwyser*, 5:7-12.
- Hudson, C.W. (1967) Die skool het die ouer nodig. *Alpha*, 9:30-31.
- Moles, O.C. (1982) Synthesis of recent research on Parent Participation in

- children's Education. **Educational Leadership**, 40(2):44-47.
- Mostert, M. (1979) The teacher-parent relationship. **The Transvaal educational News**, 5:7-14.
- Payne, M.A. (1986) Parent-teacher relationship: perspectives from a developing country. **Educational Research**, 28(2):117-124.
- Peteni, R.L. (1985) One nation, one education system. **Educatio**, 10(1):20-23.
- Postma, W. (1985) Verbondsouers se betrokkenheid by opvoedende onderwys. **Fokus**, 13(2):833-837.
- Rich, D. (1985) Helping parents help their children learn. **Educational Leadership**, 42(7):80.
- Schmitt, D. (1986) Parents and schools as partners in preschool education. **Educational Leadership**, 44(3):40-41.
- Shoop, R.J. (1985) Increasing citizen participation through community education. **The Education Digest**, 4:46-48.
- Sparkling, V. (1980) P.T.A. Involvement in the 1980's: New concepts, New directions. **NASSP Bulletin**, 1:23-28.
- Topping, K. (1987) Paired Reading: a powerful technique for parent use. **The Reading Teacher**, 3:608-614.
- Van der Walt, C.P. (1971) Die taak van die ouergemeenskap in die onderwyssituasie. **Onderwysblad**, 10:207-213.
- Woods, P. (1988) A strategic view of parent participation. **Education Policy**, 3(4):328-333.

**D: KOERANTPUBLIKASIES**

Die Ekstra Burger (1985) 31 Desember:1.

Die Ekstra Burger (1986) 23 Desember:1.

Die Ekstra Burger (1987) 24 Desember:1.

Die Ekstra Burger (1988) 23 Desember:1.

Die Ekstra Burger (1989) 21 September:1.

Die Ekstra Burger (1990) 13 April:1.

Rapport Ekstra (1989) 1 Januarie:1.

The Argus (1985) December, 20:1.

The Argus (1988) December, 23:1.

The Cape Times (1988) December, 23:1.

**BYLAE A**

VERTROULIK

## BYLAE A

### OUERBETROKKENHEID : VRAELYS

#### INLEIDENDE GESPREK

- Ons is tans besig met 'n kontakopname wat handel oor: "Ek en my kind en die skool".
- Die ondersoek is belangrik want dit word gedoen "vir ons en ons kinders". As ons sekere inligting het, kan ons help om regstellings te maak.
- Ons wil weet hoe ons ouers voel - wat ons ouers se probleme is.
- Ons wil ook die skool help om u te help.
- As u bereid sou wees om 'n aantal vrae te beantwoord, kan u ons help om te sorg dat minder kinders in die toekoms gaan druipe.
- Ons werk nie vir 'n bepaalde skool nie - ons wil ook nie u naam gebruik nie - ons waarborg dat niemand by die skool sal weet wat u sê nie.

## VRAELYS

1. Geslag van leerling?

Seun	1	1
Dogter	2	

2. Aantal keer gedruip?

1	2	3	2
---	---	---	---

3. Afhanklikheid van 'n welsynstoelaag?

Ja	1	3
Nee	2	

4. Skolastiese vordering van vader?

Sub A - St. 5	1	4
St. 6 en hoër	2	

5. Skolastiese vordering van moeder?

Sub A - St. 5	1	5
St. 6 en hoër	2	

6. Huidige woonplek van leerling?

Huis	1	6
Woonstel	2	
Ander	3	

7. Tydperk van verblyf by huidige woonplek?

0 - 1 jaar	1	7
1 - 4 jaar	2	
5 jaar +	3	



8. Aantal volwasse mans as huisbewoners?

0
1
2
3
4
5

8

9. Aantal volwasse vroue as huisbewoners?

0
1
2
3
4
5

9

10. Aantal vertrekke in woning?

Minder as 4	1
Meer as 4	2

10

11. Totale netto maandelikse inkomste van die huishouding?

R10 - R200	1
R200 - R500	2
R500 - R1 000	3
Meer as R1 000	4

11

12. Pa se reistyd na sy werk in minute aangedui?

10 - 30 minute	1	12
30 - 60 minute	2	
60 minute +	3	

13. Ma se reistyd na haar werk in minute aangedui?

10 - 30 minute	1	13
30 - 60 minute	2	
60 minute +	3	

14. Gevare in buurt waaraan kind blootgestel is?

Geen	1	14
Alkohol en Dwelms	2	
Misdaad/Bendes	3	
Onseker	4	
Ander gevare	5	

15. Die invloed van maats?

Baie	1	15
Min	2	
Geen	3	

16. Huweliksamestelling van ouers of plaasvervangende ouers?

Voogde	1	16
Enkelouers	2	
Getroude ouers	3	
Ongetroude ouers	4	
Geskeide ouers	5	

17. Kind se betrokkenheid by kerkaktiwiteite?

Geen	1	17
Min	2	
Baie	3	

18. Kind se staptyd na sy skool in minute aangedui?

0 - 15 minute	1	18
15 + minute	2	

19. Aantal keer wat vader die skool die afgelope ses maande besoek het?

0 - 1	1	19
2 - 3	2	
4 - 5	3	
meer as 5	4	

20. Aantal keer wat moeder die skool die afgelope ses maande besoek het?

0 - 1	1	20
2 - 3	2	
4 - 5	3	
meer as 5	4	

21. Direkte skakeling van skool met ouerhuis die afgelope jaar by wyse van briewe, telefoon, boodskappe, ensovoorts?

Geen	1	21
1 - 2 keer	2	
3+ keer	3	
Onseker	4	

22. Bywoning van die jongste oueraand (ouers)?

Ja	1	22
Nee	2	

23. Kind se betrokkenheid by sport en ander buitemuurse bedrywighede?

Geen	1	23
Min	2	
Baie	3	

24. Plek waar ouer vanjaar die kind se klasonderwyser/es ontmoet het?

Skool	1	24
Ouerhuis	2	
Straat	3	
Elders	4	
Glad nie	5	

25. Hoeveelheid skoolwerk wat kind tuis moet voltooi?

Baie	1	25
Min	2	
Geen	3	

26. Maniere waarop ouers by die skool se aktiwiteite betrokke wil wees?

Geensins	1	26
Word deur werk verhinder	2	
Onseker	3	
Onderwyserontmoetings	4	
Wil nie opinie waag	5	

27. Is kind by naaste skool ingeskryf?

Ja	1
Nee	2

27

28. Wanneer kind na skool tuis kom, moet hy/sy na kleiner kinders omsien?

Ja	1
Nee	2

28

29. Het u al 'n gesprek met u kind se klasonderwyser/es gehad?

Ja	1
Nee	2

29

30. Het u al met u kind se klasonderwyser/es gesels oor wat hy/sy van u kind verwag?

Ja	1
Nee	2

30

31. Stel u belang om ander ouers te ontmoet en met hulle oor die skool en die kind te gesels?

Ja	1
Nee	2

31

32. In watter lokaal doen u kind sy/haar tuiswerk?

Slaapkamer	1
Kombuis	2
Eetkamer	3

32

33. Is u kind na skool onder toesig?

Ja	1
Nee	2

33

34. Het u al ooit wenke van die skool ontvang oor die manier waarop u die kind tuis met skoolwerk kan help?

Ja	1	34
Nee	2	

35. Laat die skool die ouers welkom voel wanneer hulle die skool besoek?

Ja	1	35
Nee	2	

36. Behalwe vir die skoolrapport, word u gereeld op die hoogte gehou oor u kind se skoolvordering?

Ja	1	36
Nee	2	

37. Dink u dit is goed dat skoolgrond (rugby- en netbalvelde) ook deur die ouergemeenskap gebruik word?

Ja	1	37
Nee	2	

38. Dink u dit sal goed wees as ouers verplig word om skoolboeke/fooie te betaal?

Ja	1	38
Nee	2	

39. Die manier hoe kinders van die skool praat?

Goed	1	39
Swak	2	

40. Die manier hoe ouers van die skool praat?

Goed	1	40
Swak	2	

41. Pa se betrokkenheid by skoolaktiwiteite?

Is betrokke	1
Is nie betrokke	2

41

42. Ma se betrokkenheid by skoolaktiwiteite?

Is betrokke	1
Is nie betrokke	2

42

43. Op watter wyse is u as ouers by die skool betrokke?

Sportafrigting & Werkgroepe	1
Geensins betrokke	2

43

44. Is u kind by buitemuurse bedrywighede betrokke?

Ja	1
Nee	2

44

45. Watter tipe inligting wil u graag van u kind se skool ontvang?

Onseker	1
Skool se behoeftes	2
Finansiële verslae	3
Kind se vordering/gedrag	4

45

46. Waarom het u u kind by dié betrokke skool ingeskryf?

Onseker	
Gehalte van onderrig	2
Skool se goeie dissipline	3
Naaste aan huis	4

46

47. Die rede waarom ek soms ongelukkig voel oor my kind se skool?

Onseker	1
Onooglike geboue/voorkoms	2
Intimidasie by boikotte	3
Onbillike tug	4

47

48. My kind se skool plaas te veel klem op ...

Onseker	1
Sport	2
Skooldrag	3
Geld	4

48

49. My kind se skool plaas te min klem op ...

Onseker	1
Kultuur	2
Sport	3
Dissipline	4
Akademie	5

49

50. Addisionele kommentaar deur veldwerker.

---



---



---



---



---



---



---



**BYLAE B**

**BYLAE B****KONSTITUSIE/GRONDWET VAN OUER-ONDERWYSERVERENIGING**

1. **Naam :** .....
2. **Doelstellings**
  - 2.1 Om die samewerking en goeie gesindheid tussen ouers en personeel te bewerkstellig.
  - 2.2 Om die Skoolkomitee as amptelike verteenwoordigers van die ouers, te steun in onderhandelinge met die Onderwysowerhede.
  - 2.3 Om die gees en rigting van die skool te help bepaal en toe te sien dat dit positief uitgeleef word.
  - 2.4 Om toe te sien dat die ouer voorligting kry met betrekking tot onderwysaangeleenthede.
  - 2.5 Om hom te beywer vir die stywing van die fondse van die skool.
3. **Funksies**
  - 3.1 Om byeenkomste van kulturele aard periodiek te reël.
  - 3.2 Om werkgroepe te stig wat kan help om die terrein te verfraai, hulpmiddels vir onderwysers te maak, ensovoorts.
  - 3.3 Om die skool, waar dit ook al nodig is, in sy buitemuurse bedrywighede soos atletiekbyeenkomste, afrigting van spele, ontvangs van besoekende skole, vervoer, ensovoorts by te staan.
  - 3.4 Om by die ouers en hulle kinders trots, waardering en lojaliteit teenoor hulle skool te alle tye aan te moedig.
4. **Lidmaatskap**
  - 4.1 Alle ouers en voogde van skoolgaande kinders van die skool.
  - 4.2 Personeel van die skool.
5. **Uitvoerende komitee**
  - 5.1 Die uitvoerende bestuur van 10 lede sal jaarliks soos volg saamgestel word:
    - Voorsitter : 'n verkose ouer.
    - Ondervoorsitter : die skoolhoof.
    - Twee verteenwoordigers van die skoolkomitee.

- Twee verteenwoordigers van die personeel.
  - Vier verteenwoordigers van die ouers.
- 5.2 Die uitvoerende komitee sal bestaan uit een verteenwoordiger uit elke klasseksie en 'n gelyke aantal lede sal mans en dames wees.
- 6. Kworum**
- 6.1 'n Kworum van die uitvoerende komitee sal bestaan uit die helfte plus een van sy ledetal.
- 6.2 'n Kworum van die Algemene Vergadering sal bestaan uit minstens 30 lede.
- 7. Algemene Vergadering**
- 7.1 'n Algemene vergadering sal minstens twee keer per jaar gehou word, na gelang van omstandighede. Die Algemene Jaarvergadering sal gedurende die eerste termyn gehou word.
- 8. Kennisgewing**
- 8.1 Kennisgewing van 'n Algemene Vergadering sal skriftelik, minstens sewe dae voor die vasgestelde datum, geskied.
- 9. Amendemente aan Konstitusie**
- 9.1 Enige wysiging van die konstitusie moet saam met die kennisgewing van die Algemene Vergadering gegee word.
- 9.2 'n Twee-derde meerderheid van 'n Algemene Vergadering sal so 'n wysiging regverdig.